# DIE ONTWERP EN AANWENDING VAN 'N SELFKONSEP AS PRAKTYKTEORIE VIR PASTORALE BERADING

**HANEKOM, A.J.**

(B.A. Ed.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**Magister Artium in Praktiese Teologie**

**(Pastoraal, Fakulteit Teologie)**

aan die

Noordwes-Universiteit

**Studieleier: Prof. dr. G.A. Lotter**

**November 2005**

**Potchefstroomkampus**

# Dankbetuigings

Ek wil my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone uitspreek wat 'n bydrae gelewer het om hierdie verhandeling moontlik te maak:

1. Ten eerste wil ek my dankbaarheid teenoor die Here betuig vir die voorreg om hierdie studie te kon aanpak en voltooi. As Hy in die eerste plek nie geroep het nie en as dit nie was vir sy genade en geduld nie, het hierdie navorsing nooit gerealiseer nie.

2. My studieleier, prof. George Lotter, vir sy kundigheid, leiding, raad en bystand.

3. My vrou, Grieta, vir waardevolle hulp en bystand. Sy moes opgeskeep sit met al die nukke en grille wat met die skryf van 'n verhandeling gepaard gaan.

4. My kinders, Altus, Surita en Mari, moes dit ook verduur, al het hulle nie eintlik geweet waaroor dit gaan nie.

5. Dankie aan my kollegas, Ockie Schoeman, Mada Reinecke en Amanda van der Merwe, vir al hulle raad en ondersteuning.

6. Elkeen van die respondente wie se lewensverhaal deel van die verhandeling geword het.

# Inhoudsopgawe


Dankbetuigings ..... ii

Inhoudsopgawe ..... iii

Lys van tabelle ..... viii

Lys van figure ..... ix

**1. AGTERGROND** ..... 1

1.1 Oriëntering en Probleemstelling ..... 1

1.2 Die Ontwikkeling van 'n selfkonsep as praktykteorie ..... 3

1.3 Doelstelling en doelwitte ..... 4

1.4 Sentrale teoretiese argument ..... 5

1.5 Metode ..... 5

1.6 Hoofstukindeling ..... 6

1.7 Skematiese voorstelling om verbande te laat blyk ..... 7

1.8 Ander aspekte ..... 8

**2. 'n BYBELSE PERSPEKTIEF OP DIE SELF VAN DIE MENS (BASISTEORIE)** ..... 9

2.1 Inleiding ..... 9

2.2 Agtergrond ..... 9

2.3 Die **self** van die mens ..... 11

2.4 Grondmotiewe ..... 12

2.4.1 Die mens as geskape wese ..... 13

2.4.2 Die mens as sondige wese ..... 13

2.4.3 Die mens as verloste wese ..... 13

2.5 Dimensies van die **self** ..... 14

2.5.1 Die mens as beeld van God ..... 16

2.5.1.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na waarde 16

2.5.1.2 Die mens as sondige wese - met 'n spesifieke gevolg: skaamte 19

2.5.1.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na wedergeboorte ... 22

2.5.2 Die mens as verhoudingswese ... 26

2.5.2.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na liefde 26

2.5.2.2 Die mens as sondige wese – met 'n spesifieke gevolg: vrees ... 29

2.5.2.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na versoening ... 32

2.5.3 Die mens as verteenwoordiger van God ... 34

2.5.3.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na posisie 34

2.5.3.2 Die mens as sondige wese – met spesifieke gevolg: skuldig ... 38

2.5.3.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na vryspraak ... 40

2.6 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens ... 43

2.6.1 Die self van die mens ... 43

2.6.2 Die mens as beeld van God ... 43

2.6.3 Die mens as verhoudingswese ... 43

2.6.4 Die mens as verteenwoordiger van God ... 44

**3. PSIGOLOGIES-HUMANISTIESE PERSPEKTIEWE OP DIE SELF VAN DIE MENS (METATEORIE)** ... 45

3.1 Inleiding ... 45

3.2 Agtergrond ... 45

3.3 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self** ... 49

3.3.1 Sigmund Freud ... 49

3.3.2 Alfred Adler ... 50

3.3.3 Carl Jung ... 51

3.3.4 Erik Erikson ... 52

3.3.5 Heinz Hartmann ... 52

3.3.6 Heinz Kohut ... 53

3.3.7 Evaluering van die psigoanalitiese perspektiewe op die **self** ... 55

3.4 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self** ... 57

3.4.1 Carl Rogers ... 57

3.4.2 Kurt Goldstein ... 58

3.4.3 Abraham Maslow ... 58

3.4.4 Evaluering van die persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self** ... 59

3.5 Leerteoretiese perspektiewe op die **self** ... 59

3.5.1 John Watson ... 59

3.5.2 Ivan Pavlov ... 59

3.5.3 B.F. Skinner ... 60

3.5.4 Hull, Dollard & Miller ... 60

3.5.5 Evaluering van die leerteoretiese perspektiewe op die **self** ... 61

3.6 Kognitiewe & sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self** ... 61

3.6.1 George Kelly ... 61

3.6.2 Albert Bandura & Walter Mischel ... 63

3.6.3 Evaluering van die kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self** ... 64

3.7 Empiriese studie ... 65

3.7.1 Inleiding ... 65

3.7.2 Empiriese ondersoek ... 65

3.7.3 Die kwalitatiewe navorsingsproses ... 65

3.7.4 Beplanning ... 66

3.7.5 Implementering ... 71

3.7.6 Interpretasie en aanbieding ... 72

3.7.6.1 Resultaat van agt-en-sestig respondente ... 73

3.7.6.2 Resultaat van individuele respondente ... 74

3.7.7 Samevatting en gevolgtrekking ... 78

3.8 Samevatting van metateoretiese perspektiewe op die **self** van die mens ... 79

3.8.1 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self** ... 79

3.8.2 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self** ... 79

3.8.3 Leerteoretiese perspektiewe op die **self** ... 79

3.8.4 Kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self** ... 79

3.8.5 Empiriese studie ... 80

3.9 Slotopmerkings ... 80

**4. 'n VOORGESTELDE PRAKTYKTEORIE VIR DIE AANWENDING VAN 'n SELFKONSEP VIR PASTORALE BERADING** ..... 81

4.1 Inleiding ..... 81
4.2 'n Praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep ..... 81
4.2.1 Die pastorale beradingsproses ..... 81
4.2.1.1 Die skep van 'n veilige ruimte ..... 82
4.2.1.2 'n Appèl op die menslike verstand ..... 83
4.2.1.3 Omgewingsinvloede ..... 83
4.2.1.4 Rolmodelle ..... 83
4.2.1.5 Assessering van huidige situasie ..... 84
4.2.1.6 Ontwikkeling van 'n visie ..... 89
4.2.1.7 Strategie ..... 93
4.3 Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens ..... 102

**5. FINALE SAMEVATTING** ..... 105

5.1 Basisteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 2 ..... 105
5.1.1 Die self van die mens ..... 105
5.1.2 Die mens as beeld van God ..... 105
5.1.3 Die mens as verhoudingswese ..... 106
5.1.4 Die mens as verteenwoordiger van God ..... 106
5.2 Metateoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 3 ..... 107
5.2.1 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self** ..... 107
5.2.2 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self** ..... 107
5.2.3 Leerteoretiese perspektiewe op die **self** ..... 107
5.2.4 Kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self** ..... 107
5.2.5 Empiriese studie ..... 108
5.3 Praktykteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 4 ..... 108
5.4 Slot ..... 110
5.5 Aanbevole terreine van studie ..... 110

Uittreksel ..... 111
Sleutelterme ..... 113
Abstract ..... 114
Key Terms ..... 116
Bylaag A ..... 117
Bylaag B ..... 122
Bronnelys ..... 124

# Lys van tabelle

Tabel 3.1 Die kwalitatiewe navorsingsproses ..... 66

Tabel 3.2 Die vier respondente waarmee onderhoude gevoer is ..... 72

Tabel 3.3 Resultaat van Selfpersepsieskaal van 68 respondente ..... 73

Tabel 3.4 Respondent 1 ..... 74

Tabel 3.5 Respondent 2 ..... 75

Tabel 3.6 Respondent 3 ..... 76

Tabel 3.7 Respondent 4 ..... 77

# Lys van figure


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 2.1 | Die dimensies van die self | 14 |
| Figuur 2.2 | Die mens as geskape wese - met spesifieke waarde | 16 |
| Figuur 2.3 | Die mens as sondige wese - met spesifieke gevolg: skaamte | 20 |
| Figuur 2.4 | Bipolêre spanningsveld tussen waarde en skaamte | 23 |
| Figuur 2.5 | Die mens as geskape wese - met spesifieke verwysing na liefde | 26 |
| Figuur 2.6 | Die mens as sondige wese - met spesifieke gevolg: vrees | 30 |
| Figuur 2.7 | Bi-polêre spanningsveld tussen liefde en vrees | 32 |
| Figuur 2.8 | Die mens as geskape wese - met spesifieke posisie | 35 |
| Figuur 2.9 | Die mens as sondige wese - met spesifieke gevolg: skuldig | 38 |
| Figuur 2.10 | Bipolêre spanningsveld tussen posisie en skuld | 40 |
| Figuur 4.1 | Die pastorale beradingsproses | 82 |

# HOOFSTUK 1

# AGTERGROND

## 1.1 Oriëntering en Probleemstelling

Knouwds (1990:147, 148 & 149) maak die volgende stellings aangaande die **self** van die mens:

- Die individu tree altyd op 'n wyse op wat kongruent met sy **self** is.
- Die **self** is 'n primêre bepaler van menslike gedrag.
- Die mens se **self**konsep het 'n direkte invloed op die uitlewing van sy Christenskap.

Staples (1992:50) sluit hierby aan deur te sê dat die mens se **self** die dominante faktor is wat 'n uitwerking het op alles wat hy probeer doen.

Alhoewel Paulus nog nie die konsep van die **self** – soos ons dit vandag gebruik – geken het nie, onderskei hy tussen die *ou self* wat saam met Christus gesterf het en die *nuwe self* wat saam met Christus opgestaan en nou 'n nuwe lewe saam met Hom leef (Rom. 6:5-11; Gal. 2:19,20). Hy verwys ook na die *ou mens* en die *nuwe mens* wat as die beeld van God geskep is en al hoe meer na sy beeld vernuwe word (Ef. 4:22-24; Kol. 3:9-11).

Verder beweer Bosman (2001:92) dat die idee van die **self** 'n grondige invloed uitoefen op die manier waarop terapie gedoen word. Indien daar dus by die berader 'n skewe en/of onvoldoende idee oor die **self** bestaan, gaan dit sy hulpverlening beperk. Sonder 'n akkurate begrip van die self, bly pastorale berading sonder 'n geïntegreerde teoretiese basis en bly pastorale beraders sonder 'n effektiewe praktiese waardering van hulle kliënte se begeertes en moontlikhede (Conn, 1997:3,4).

Die volgende afleiding kan dus gemaak word:

- Indien die berader in gebreke bly om die **self** effektief tydens berading te implementeer, sal dit nie die gewenste resultaat tot gevolg hê nie.

In die lig van bogenoemde, kan daar dus tot die volgende slotsom gekom word:

- Die geldige verstaan en aanwending van die **self** in pastorale berading is essensieel, aangesien dit nie net die resultate waarna gestreef word beïnvloed nie, maar ook die wyse waarop berading gedoen word.

Die woord **self** word egter in baie kontekste gebruik en dan telkens met 'n ander betekenis. Volgens Hart (2004:Voordrag) kan met reg daarna verwys word as 'n *semantic nightmare*. Jesus sê byvoorbeeld dat as iemand agter Hom aan wil kom, hy hom**self** moet verloën (Mark. 8:34). Vir die Skrifgeleerde sê Jesus dat jy jou naaste moet liefhê soos jou**self** (Mark. 12:33). Volgens Paulus *is **ek** vir die wet dood sodat **ek** vir God kan lewe* (Gal. 2:19). Dit is duidelik dat die betekenis van **self** (***ek***) nie elke keer dieselfde kan wees nie. In die lig hiervan kan met reg beweer word dat daar verwarring bestaan wat die konsep van die **self** betref. Daar is al baie oor die **self** geskryf (Bobgan & Bobgan, 1990:51; Crabb, 1987:86) en die navorser kan gou verdwaal raak tussen uiteenlopende standpunte. Die volgende vrae bly egter van kardinale belang:

- Watter rol speel die **self** tydens hulpverlening?
- Hoe is die mens veronderstel om oor hom**self** te voel?
- Hoe is hulpverleners veronderstel om ander te help om hul**self** te verstaan?

In hierdie verhandeling gaan onder andere gepoog word om bogenoemde vrae te beantwoord.

## 1.2 Die Ontwikkeling van 'n **self**konsep as praktykteorie

Die vraag ontstaan nou hoe 'n mens op die ontwikkeling van die **self** as praktykteorie moet reageer. Indien pastorale beraders die probleem aangaande die **self** wil oplos, hoe gaan die antwoord uiteindelik daar uitsien? Dit moet beklemtoon word dat die idee van die **self** soos dit vandag verstaan word, glad nie deel was van die kulturele wêreld van die Bybelskrywers nie en dat die **self** 'n idee is wat in die sestiende eeu deur Michel de Montaigne beskryf is (Grenz, 2002:38). 'n Grondige teorie oor die **self** sal dus nie vanuit 'n paar Bybelverse kan voortvloei nie, maar moet vanuit gesonde teologiese leerstellings ontwikkel word. Die primêre leerstellings wat hier waardevol kan wees, is dié wat oor *die mens as skepsel van God, as vreemdeling voor God en as herstelde kind van God* handel (Knouwds, 1990:24). Johnson (2000:5) sê ook dat as die **self** behoorlik beskryf wil word, dit in die lig van die skepping, sondeval en verlossing beskryf moet word. Hy verwys ook na verskeie skrywers soos Dooyeweerd, Bonhoeffer, Calvyn, O'Donovan, Van Til, Walsh en Middleton wat tot dieselfde gevolgtrekking gekom het (Johnson, 2000:5).

Die gevolg van bogenoemde denkraamwerke oor die **self** van die mens laat 'n leemte in die pastoraat in die sin dat, tot dusver, min moeite gedoen is om 'n **self**konsep – wat as praktykteorie vir pastorale berading kan dien – te ontwikkel. In plaas daarvan om proaktief op te tree en 'n **self**konsep vir pastorale berading te ontwikkel, word reaktief opgetree deur die humanistiese teorieë óf heeltemal en/of gedeeltelik te aanvaar, óf te verwerp. Dit bly egter 'n feit dat min ander konsepte belangriker is vir insig in die funksionering en verstaan van die mens as die **self** (Grenz, 2002:34). Knouwds (1990:142) bring dit ook sterk na vore:

> *Die self en selffunksies is die rigtinggewende tendens vir elke gedagte, emosie, wilskeuse en handeling. Anders gestel: die mens dink, voel, wil en handel in ooreenstemming met homself.*

Johnson (2000:5) sluit soos volg hierby aan:

> *The human self is a complex phenomenon involving specific agentic, cognitive and dynamic structures and processes and a body, as well as life-contexts which situate the self, defining, sustaining, and giving it substance, including narrative, interpersonal, axiological, and theistic.*

Die **self** kan dus as die kernbeginsel van menslike gedrag beskou word en is sodoende een van die belangrikste konsepte vir insig in en verstaan van die mens.

In die lig van bogenoemde ontstaan die vraag: Watter werkwyse moet gevolg word om 'n **self**konsep, wat as praktykteorie vir pastorale berading kan dien, te ontwikkel?

Die probleme wat hieruit voortspruit, is die volgende:

- Watter Skrifperspektiewe is daar oor die **self**?
- Wat is die perspektiewe van die psigologiese humanistiese **self**?
- Hoe moet 'n **self**konsep, wat as praktykteorie vir pastorale berading dien, daar uitsien?
- Hoe ondersteun 'n empiriese studie deur middel van ekometriese assesseringskale die voorgestelde riglyne vir 'n **self**konsep?

## 1.3 Doelstelling en doelwitte

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die ontwerp en aanwending van 'n **self**konsep as praktykteorie vir pastorale berading.

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- om toepaslike Skrifperspektiewe oor die **self** te bepaal;
- om die perspektiewe van psigologiese humanistiese teorieë aangaande die **self** te ondersoek en te verwoord;

- om 'n **selfkonsep**, wat as praktykteorie vir pastorale berading dien, te ontwerp en te ontwikkel; en
- om vas te stel tot watter 'n mate 'n empiriese studie deur middel van ekometriese assesseringskale die voorgestelde riglyne vir 'n **selfkonsep** ondersteun.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat 'n **selfkonsep** wat uit Skrif- en ander perspektiewe ontwerp word, met vrug in pastorale berading gebruik kan word.

## 1.5 Metode

Die oorkoepelende metode wat in hierdie navorsing gebruik gaan word, stem ooreen met die model wat deur Zerfass vir praktiese teologie ontwikkel is (Heyns & Pieterse, 1999:35, 36). Hierdie model bestaan uit 'n basisteorie, 'n metateorie en 'n praktykteorie.

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, word die volgende metodes gebruik:

- Om vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor die **self** van die mens is, word relevante literatuur sowel as grammaties-historiese eksegese (vgl. Lotter, 1993:11) van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en Nuwe Testament, nagevors (basisteorie).
- Om die perspektiewe van psigologiese humanistiese teorieë aangaande die **self** te ondersoek en te beoordeel, word 'n indringende bestudering van tersaaklike literatuur onderneem en in die vorm van 'n literatuurstudie gedoen (metateorie).
- Om 'n empiriese studie deur middel van gestandaardiseerde, ekometriese assesseringskale uit te voer, word persoonlike onderhoude met ten minste vier respondente gevoer.
- Om 'n **selfkonsep** – wat as praktykteorie vir pastorale berading kan dien – te ontwerp, word versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden om

'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie en metateorieë te vorm (praktykteorie).

## 1.6 Hoofstukindeling

### Hoofstuk 1

Agtergrond

### Hoofstuk 2

'n Bybelse perspektief op die **self** van die mens (basisteoretiese perspektiewe)

### Hoofstuk 3

Psigologiese humanistiese perspektiewe op die **self** van die mens (metateoretiese perspektiewe)

### Hoofstuk 4

'n Voorgestelde praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep vir pastorale berading (praktykteoretiese perspektiewe)

### Hoofstuk 5

Finale samevatting

### Bronnelys

## 1.7 Skematiese voorstelling om verbande te laat blyk

Die volgende tabel stel die verband tussen probleemstellings, doelstellings en metodologie voor.

**TABEL 1.1: Verband tussen probleemstellings, doelstellings en metodologie**

| Probleemstellings | Doelstellings | Metodologie |
|---|---|---|
| Hoe kan 'n **self**konsep ontwerp word, wat as praktykteorie vir pastorale berading aangewend word? | Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die ontwerp en aanwending van 'n **self**konsep as praktykteorie vir pastorale berading. | Versamelde materiaal word deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden. |
| Wat sê die Skrif oor die **self** van die mens? | Om vas te stel wat die Skrif oor die **self** van die mens sê | Om vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor die **self** van die mens is, word relevante literatuur nagevors sowel as grammaties-historiese eksegese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en Nuwe Testament. |
| Wat is die perspektiewe van humanistiese psigologiese teorieë aangaande die **self**? | Om vas te stel wat die perspektiewe van humanistiese psigologiese teorieë aangaande die **self** is. | Om die perspektiewe van humanistiese psigologiese teorieë aangaande die **self** te ondersoek en te beoordeel, word 'n diepgaande bestudering van die literatuur onderneem – in die vorm van 'n literatuurstudie gedoen. |
| Hoe ondersteun 'n empiriese studie deur middel van ekometriese assesseringskale die voorgestelde riglyne vir 'n **self**konsep? | Om vas te stel tot watter mate 'n empiriese studie deur middel van ekometriese assesseringskale, die voorgestelde riglyne vir 'n **self**konsep ondersteun. | Om 'n empiriese studie deur middel van ekometriese assesseringskale uit te voer, word persoonlike onderhoude met ten minste vier respondente gevoer. |
| Wat is die riglyne vir die ontwerp en aanwending van 'n **self**konsep wat as praktykteorie vir pastorale berading aangewend kan word? | Om riglyne voor te stel vir die ontwerp en aanwending van 'n **self**konsep wat as praktykteorie vir pastorale berading aangewend kan word | Om riglyne vir die ontwerp en aanwending van 'n **self**konsep vas te stel, word die hermeneutiese wisselwerking tussen basis- en metateorieë ondersoek – deur versamelde literatuur te analiseer, interpreteer, keur en orden. |

# 1.8 Ander aspekte

- Tensy anders vermeld, word deurgaans van die 1983-vertaling van die Bybel gebruik gemaak.
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie genoem word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar*.
- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bronnelys).

# Hoofstuk 2

# 'n Bybelse perspektief op die **self** van die mens (basisteorie)

## 2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ondersoek in te stel na Bybelse en pastoraal-teologiese perspektiewe op die **self** van die mens. Dit word gedoen in navolging van Zerfass se model (Heyns & Pieterse, 1999:35, 36). *A basic theory is one developed by a specific science for its own purposes* (Heyns & Pieterse, 1999:49). Omdat pastorale berading sy ontstaan in die teologiese dissiplines het, sal 'n basisteorie dus gevorm word deur relevante pastoraal-teologiese literatuur na te vors, sowel as met behulp van grammaties-historiese eksegese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005:1) Die hoofstuk word afgesluit met gevolgtrekkings rakende die basisteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens.

## 2.2 Agtergrond

Volgens Van der Walt (1990:6, 7) handel die Bybel altyd oor die hele mens in verhouding tot God en nie oor sy samestelling nie. Hy skryf dan verder dat verwysings na die mens se liggaam, siel, gees, ensovoorts dus nie na sekere dele van die mens verwys nie, maar na die hele mens wat telkens vanuit 'n ander hoek gesien word. Ter illustrasie gee Van der Walt enkele voorbeelde:

1. Die hart van die mens dui op die hele mens in die diepte van sy bestaan voor God.
2. Die gees van die mens dui die motiverende, rigtinggewende krag van sy bestaan aan, die hele mens van binne na buite beskou.

3. Die liggaam van die mens toon die mens in sy sigbare gestalte as skepsel van God, die hele mens van buite na binne beskou.

Een deel van die mens is dus nie belangriker as ander dele nie. Die Bybel gee nie 'n wetenskaplike beskrywing van die samestelling van die mens nie, maar openbaar die lewende God se handelinge met sy skepping (Spykman, 1992:223). Venter (1987:1) is ook van mening dat die Bybel geen uitgewerkte en sistematiese openbaring oor die psigiese lewe van die mens bied nie. Clines sonder 'n klompie eienskappe van die mens, wat na die beeld van God geskep is, uit – en die eerste eienskap wat hy noem, is dat die mens 'n psigosomatiese eenheid is (vgl. Waltke, 2001:65).

Volgens Joubert (2005:25-36) is daar slegs drie teologiese modelle rakende die mens: monisme, dualisme (siel/gees en liggaam) en trigotomie (siel, gees en liggaam). Volgens hom is monisme die teologiese model wat voorhou dat die mens slegs uit een deel bestaan. Dualisme beskou die mens as bestaande uit twee elemente, die fisiese en geestelike. Trigotomie sien die mens as bestaande uit liggaam, siel en gees. Volgens Joubert verteenwoordig die sielsdimensie 'n persoon se persoonlikheid of **self**bewustheid en dit bestaan hoofsaaklik uit 'n persoon se kognitiewe, affektiewe en konatiewe dimensies (Joubert, 2005:46, 47, 68). Hy toon ook aan dat psigoterapie die mees geskikte terapievorm sou wees vir die sielsdimensie van die mens (Joubert: 2005:178).

Verhoef (2000:52) toon oortuigend aan dat daar nie sprake van verskillende antropologiese kategorieë in die Bybel is nie en dat dualisme en driedeling van die mens nie deur die Bybel onderskryf word nie. Volgens Heyns (1981:151) is dit so dat die Bybel na die mens se liggaam, siel, hart, lewer, ensovoorts verwys, maar dat daar geen logiese onderskeiding van hierdie begrippe plaasvind nie (vgl. ook Louw, 1999:195,196). Die een kan dikwels die ander aandui. Hierdie begrippe word dus nie gedefinieer of skerp van mekaar onderskei nie. Wanneer die Bybel wel na die mens verwys, is dit altyd in verhouding tot God. *Vir die Skrif gaan dit immers om die feit dat die mens – ook die mens na sy liggaam en siel – mens van God is* (Heyns, 1981:151).

Knouwds (1990:97, 142) beskou die verskillende terme waarmee die Bybel die mens beskryf slegs as bepaalde gesigshoeke waaruit die totale mens belig word. Hierdie gesigshoeke waarmee die mens beskryf word funksioneer nie as losstaande entiteite nie, maar vorm 'n geïntegreerde geheel. Wanneer dit dus nodig is om na enige dimensie van die mens te verwys, beteken dit nie dat hy in dele opgedeel word nie, maar dat na hom gewoon gekyk word vanuit 'n bepaalde gesigshoek (vgl. ook Louw, 1999:195, 196 & Venter, 1987:5). Murphy (1999:212) stel dan ook voor dat, eerder as om die mens in dele op te deel, daar holisties na hom gekyk word.

## 2.3 Die **self** van die mens

Volgens Knouwds (1990:150) wil dit voorkom asof daar geen plek in die Bybel is waar daar *direk* na die **self** van die mens verwys word nie. Die **self** van die mens kom wel op indirekte wyse ter sprake. Wanneer Paulus byvoorbeeld in Filippense 2:3 sê: *Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself*, word daar nie na die **self** van die mens verwys nie, maar na die mens se geneigdheid om homself die middelpunt van sy lewe te maak. In Galasiërs 5:26 sê Paulus ook ons *moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie* en in Romeine 12:3 roep Paulus ons op om nie méér van onsself te dink as wat ons behoort te dink nie. Dit impliseer dat ons 'n gesonde persepsie van onsself moet hê. 'n Mens se selfwaarde raak negatief wanneer hy uit eie krag probeer leef en nie aan God erkenning wil gee vir wat hy bereik nie. Die mens kan wel 'n gesonde selfwaarde hê wanneer hy *sy vermoëns sien as gawes van God en dit aanwend binne die riglyne wat God daarvoor gee* (Knouwds, 1990:150).

Al die **self**-woorde (selfbeeld, selfagting, selfwaarde, selfaktualisering) wat vandag so algemeen gebruik word, is dus vreemd aan die Bybel. Die Bybel spreek die mens in sy totaliteit aan en dit is die totale mens wat aan God verantwoording moet doen (Campbell-Lane, 2003:21). Durand (1982:164) beklemtoon dit ook dat die Bybel die mens in sy totaliteit as die beeld van God sien. Heyns (1981:69) stel dit soos volg:

*Oor die algemeen kan ons sê is die Bybelse terme nie analities en staties nie. maar sinteties en dinamies, holisties en veral eksistensieel. Dit gaan steeds om die totale mens, maar dan telkens vanuit 'n bepaalde konkrete aspek.*

Die **self** kan dus as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word – as die essensie van menswees (Schoeman, 2004:50; Venter, 1987:9). Wanneer daar dus na die **self** verwys word, word die mens in totaliteit bedoel en omgekeerd. Vir die doel van hierdie studie. word *mens* en **self** dus as sinonieme beskou.

## 2.4 Grondmotiewe

Wanneer ondersoek ingestel word na 'n Bybelse perspektief op die **self** van die mens, is dit belangrik om raak te sien dat daar bepaalde grondmotiewe is wat 'n beslissende rol speel in die beskouing oor die mens (Johnson, 2000:5; Heyns, 1981:72; Dooyeweerd, 1969:15). Hierdie grondmotiewe is:

1. Die mens as geskape wese
2. Die mens as sondige wese
3. Die mens as verloste wese
4. Die mens as toekomswese

Vir die doel van hierdie verhandeling, sal net die eerste drie motiewe bespreek word. Die doel van hierdie verhandeling is die ontwerp van 'n selfkonsep as praktykteorie vir pastorale berading en die fokus is derhalwe nie op die eskatologiese nie. Die laaste motief, wat betrekking het op die hiernamaals, is derhalwe nie hier van toepassing nie.

Hierdie drie grondmotiewe word vervolgens slegs kortliks aangedui, aangesien dit later meer volledig bespreek word (vgl. 2.5.1 1-2.5.3.3).

## 2.4.1 Die mens as geskape wese

By die eerste grondmotief word daar na die mens gekyk as geskapene van God. Geskapewees bring die mens in verband met God, en daarom is dit die eerste en fundamentele waarheid aangaande die mens (Johnson, 2000:5; Heyns, 1981:128). Van der Walt (1990:2, 15) skryf dat die mens die kroon op God se skeppingswerk is en homself nooit daarvan kan losmaak nie. Volgens Ott (1976:70) kan mens en God nie van mekaar geskei word wanneer daar oor die mens gepraat word nie.

## 2.4.2 Die mens as sondige wese

Die tweede grondmotief in die Bybel is die mens as sondige wese. *In plaas van om as mens net die beeld van God (imago Dei) te wees, wou die mens liewer soos God (sicut Deus), self God wees* (Van der Walt, 1990:17). *Sondaarwees bring die mens in verband met homself en daarom is dit 'n tweede en sekondêre waarheid oor die mens* (Heyns, 1981:128). Johnson (2000:5) beskryf die sondeval as daardie aspekte van die **self** (menslike boosheid, selfvernietiging en God-weerstandige motiewe) wat ontstaan het as gevolg van sonde. Cloud & Townsend (2001:33) verwys hierna (die sondeval) as die tweede bedryf van die kosmiese drama

## 2.4.3 Die mens as verloste wese

Die derde grondmotief in die Bybel is die mens as verloste wese. Dit gaan uiteindelik om die nuwe mens wat deur Christus verlos is (Heyns, 1981:138). Dit verwys na daardie aspekte van die **self** wat direk verband hou met Christus se werk van verlossing, insluitende die werk van die Heilige Gees in die mens se bekering en geestelike groei (Johnson, 2000:5, 6). Hierdie derde bedryf van die kosmiese drama beskryf Cloud & Townsend (2001:36) soos volg:


> *God in Christ is "reconciling" all things. He was, and is, bringing it all back to the way it is supposed to be.*

## 2.5 Dimensies van die **self**

Drie dimensies (gesigspunte) van die **self** word vervolgens aan die hand van die grondmotiewe soos in 2.4 hierbo, bespreek (die mens as geskape, sondige en verloste wese). Vir die doel van hierdie verhandeling word slegs die volgende dimensies van die **self** bespreek:

1. Die mens as beeld van God
2. Die mens as verhoudingswese
3. Die mens as verteenwoordiger van God

In figuur 2.1 word hierdie drie dimensies van die **self** met 'n sirkel voorgestel wat in drie dele verdeel is. Die **self** is in die kern van die sirkel gesetel. Alhoewel die sirkel in drie dele verdeel is, stel die buitenste omtrek van die sirkel die mens as eenheidswese voor. Die drie dimensies verdeel dus nie die mens in drie dele nie, maar onderskei slegs tussen die drie dimensies van die **self**.




**Figuur 2.1 Die dimensies van die self**

Die motivering vir hierdie keuse lê in die konsep van die beeld van God (*imago Dei*) soos wat dit in Genesis 1:26, 27, Genesis 5:1 en Genesis 9:6 aangetref word. Anderson (1982:70) beskou die begrip *imago Dei* as die grondslag vir die verstaan van die Bybelse leer aangaande die natuur en waarde van die mens. Binne die gereformeerde tradisie het daar verskillende standpunte rondom hierdie begrip ontwikkel (Erickson, 2001:172; Grenz, 1999:183, 184; Crabb, 1987:89; Anderson, 1982:70), soos byvoorbeeld:

1. die mens besit Goddelike kwaliteite wat hom van diere onderskei;
2. die mens is 'n verhoudingswese; en
3. die mens is heerser oor die skepping.

Wanneer vir slegs een standpunt gekies word, word tekort gedoen aan die uniekheid van die mens en sal dit 'n verskraling van die betekenis van die beeld van God tot gevolg hê (Louw, 1999:185). Vir die doel van hierdie verhandeling sal die debat rondom die verskillende standpunte nie bespreek word nie, maar drie standpunte wat 'n hoë mate van aanvaarding het, sal aandag geniet. Die drie standpunte is kortliks die volgende:

**1. *Imago Dei* as struktuur/toestand voor God – die mens as beeld van God**

Hier word die imago Dei as gawe van God beskou (Anderson, 1982:71). Die mens besit sekere kwaliteite wat hy van God ontvang het (Erickson, 2001:172, 173; Grenz, 1999:183; Van der Walt, 1990:14). Dit is kwaliteite wat beide God en mens in gemeen het, wat definieer wat dit beteken om mens te wees en wat die heerlikheid van God weerspieël (Van Wyk, 1993:9; Crabb, 1987:92). *Die beeld van God word gesoek in een of ander struktuur van die mens* (Durand, 1982:155).

**2. *Imago Dei* as relasionele begrip – die mens as verhoudingswese**

Hierdie standpunt is van mening dat die beeld van God nie ten volle in die individuele mens teenwoordig is nie, maar in die mens as medemens en dat die mens homself net kan verstaan en identifiseer binne die verhoudings waarin hy staan (Erickson, 2001:173; Grenz, 1999:184; Louw, 1999:186; Anderson, 1982:73; Durand, 1982:155).


3. ***Imago Dei* as funksionele begrip – die mens as verteenwoordiger van God**
Hierdie standpunt beklemtoon die feit dat die mens as God se verteenwoordiger geskep is en dat die beeld van God in die mens se lewe verwesenlik word in die mate waartoe die mens sy vermoëns gebruik om te heers op die manier wat God dit bedoel het (Erickson, 2001:173, 174; Härle, 2000:437; Louw, 1999:186; Möller, 1998:64; Crabb, 1987:89).

In die volgende afdelings van hierdie hoofstuk sal bogenoemde dimensies vollediger ondersoek, bespreek en gemotiveer word.

## 2.5.1 Die mens as beeld van God

### 2.5.1.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na waarde

Figuur 2.2 stel die eerste dimensie van die **self**, naamlik die mens as beeld van God, voor. Hierdie dimensie beklemtoon die *waarde* van die mens wat na die beeld van God geskep is.




**Figuur 2.2 Die mens as geskape wese – met spesifieke waarde**

Die bronne wat geraadpleeg is om paragraaf 2.5.1.1 te skryf, is oor die algemeen taamlik verouderd, aangesien hierdie standpunt nie meer in die hedendaagse teologie aangetref word nie.

Hierdie standpunt, naamlik dat die *imago Dei* as 'n geskenk van God beskou word, is nie sonder gebreke en kontroversie nie. Tot en met die reformasie, het teoloë gesoek na 'n verskil in betekenis tussen beeld (*selem*) en gelykenis (*demuth*) (Spykman, 1992:224). Calvyn het egter 'n einde hieraan gebring (vgl. Verhoef, 2000:17). Volgens hom is hierdie onderskeid ongegrond (Calvin, 2002:120; 1999:41). Hy beskryf dit deur te sê dat die beeld van God alles behels *which the nature of man surpasses that of all other species of animals* (Calvin, 2002:121). Calvyn skryf verder: omdat die beeld van God deur die sondeval vernietig is, *we may judge from its restoration what it originally had been* (Calvin, 1999:41). Hy verwys dan na Kolossense 3:10 en Efesiërs 4:24 waar Paulus sê dat deur die wedergeboorte, die mens na die beeld van God vernuwe word soos dit oorspronklik was. Volgens Calvyn bestaan die belangrikste deel, indien nie die volle beeld van God nie, in kennis, geregtigheid en heiligheid (Calvin, 2002:121; 1999:41). Hy omskryf dit verder as korrekte oordeel, emosies wat in harmonie met die rede is, gesonde en goed-gereguleerde sintuie en dat Adam in alles wat goed was, uitgeblink het. Calvyn is dus van mening dat die essensie van die beeld van God in die mens se siel lê (Calvin, 2002:19). Hy erken tog, hoewel traag, dat die liggaam ook deel van die beeld van God uitmaak (Calvin, 1999:41).

Volgens Berkouwer (1962:70-76) het daar tydens die vroeë reformasie die neiging ontstaan om die beeld van God gelyk te stel aan dít wat die mens uniek maak. Die beeld van God is gesoek in die hoëre aspekte, die geestelike van die mens, omdat gedink is dat hierdie kwaliteite gelyk is aan kwaliteite wat aan God behoort. Die mens kan slegs ooreenkomste met God in sy geestelike en rasionele eienskappe toon. Eichrodt, byvoorbeeld, beskou die beeld van God as gesetel in die mens se geestelike voortreflikheid, wat in die mens se selfbewustheid en persoonlikheid manifesteer (Berkouwer, 1962:74). Volgens hierdie standpunt word die beeld van God beskou as die menslike sedelik-verstandelike natuur en die mens se uniekheid word na vore gebring in die feit dat die mens 'n sedelike en redelike wese is (Louw, 1999:184).

In hierdie eeue oue argumentering of die liggaam ook deel van die beeld van God is of nie, het die standpunt dat die hele mens die beeld van God is – en dat die Bybel nooit 'n onderskeid maak tussen die mens se geestelike en liggaamlike eienskappe nie – telkens geseëvier en eers by Bavinck kry ons 'n oortuigde stelling dat die liggaam deel van die beeld van God is (vgl. Berkouwer, 1962:77). Brunner (1942:94) stel dit soos volg:

> *Man is not a "two-storey" creature, but – even if now corrupted – a unity. His relation to God is not something which is added to his human nature; it is the core and the ground of his humanitas.*

O'Grady (1976:10) is van mening dat van alles wat God geskep het, die mens die naaste aan God is, want slegs die mens is *geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God* (Gen. 1:27). Volgens O'Grady (1976:10) is die Hebreeuse woord vir beeld (*selem*) 'n konkrete term wat 'n fisiese ooreenkoms impliseer. Gelykenis (*demuth*) kwalifiseer en verswak die krag van die eerste woord. Indien *selem* alleen gebruik sou word, sou dit die uitsny van 'n standbeeld suggereer: om na die mens te kyk, sou wees om te weet hoe God lyk. Die byvoeging van *demuth* impliseer dat ons nie die betekenis van *selem* letterlik kan opneem nie. Vir O'Grady lê die betekenis van die beeld van God nie in die geestelike kwaliteite van die mens nie.

> *The author of Genesis presents man as one with special dignity ... he is to act on earth as God acted with regard to the universe and manifest the same qualities on earth that God manifests in creation ... man shares in the glory and majesty of God because he alone is created in his image* (O'Grady, 1976:11).

'n Verdere poging om die beeld van God beter te verstaan, het sommige teoloë genoop om te gaan kyk watter lig die Nuwe Testament op die konsep van die beeld van God werp (Berkouwer, 1962:87). *This line of approach is encountered in Reformed theology when the image of God is described as knowledge, righteousness and holiness* (Berkouwer, 1962:88).


Die waarde van die mens hoef egter nie net in die konsep van die beeld van God gesoek te word nie. Die waarde van die mens word ook beklemtoon deur die tweede skeppingsverhaal in Genesis 2. Die skeppingsverhaal van Genesis 2 verskil drasties van dié van Genesis 1.

In die eerste skeppingsverhaal is die fokus op God, die almagtige Skepper. In die tweede skeppingsverhaal is die fokus op die bevoorregte plek van die mens in die skepping: die hele skepping is ter wille van die mens geskep, die mens staan in die middelpunt van die skepping (vgl. Die Bybel in Praktyk. 1993: 9, 10; Rey. 1974:12). Volgens Deist kom die mens in Genesis 1 as die klimaks van God se skeppingswerk na vore, terwyl die mens in Genesis 2 as die belangrikste van God se skeppingsdade na vore kom (Deist, 1981:1). Die mens is dus vir God kosbaar en daarom hoef geen mens ooit aan sy waarde as mens te twyfel nie (vgl. ook Grenz, 2000:177).

Opsommenderwys kan die volgende rakende die mens as beeld van God dus gesê word: die mens besit 'n *kwalitatiewe andersoortigheid* (Erickson, 2001:176; Louw, 1999:185). Die mens se waarde as mens is onberekenbaar, want in soverre hy beeld van God is, is hy toegerus vir sy taak op aarde (Erickson, 2001:169, 177; Heyns, 1981:76). Die mens is God se beelddraer en besit daarom al die goddelike kwaliteite wat nodig is om as sy verteenwoordiger te leef (Genesis 1:27b). *Geskape na die beeld van God beteken dat baie van ons emosies en eienskappe iets van God se eienskappe weerspieël. Danksy hierdie wete, kan ons oortuig wees van ons eiewaarde* (Die Bybel in Praktyk, 1993:8).

## 2.5.1.2 Die mens as sondige wese – met 'n spesifieke gevolg: skaamte

Die volgende figuur, figuur 2.3, illustreer die spesifieke gevolg van die sondeval op die waarde van die mens, naamlik skaamte. Daar het nou 'n behoefte aan waarde by die mens ontstaan.




**Figuur 2.3 Die mens as sondige wese – met spesifieke gevolg: skaamte**

Die mens was nie bereid om slegs beeld van God te wees nie; hy wou God wees (Van der Walt, 1990:17). *Hierdie gesindheid is 'n gesindheid van verset, van opstand en van rebellie* (Heyns, 1981:129; vgl. ook Grenz, 2000:186). Deur die sondeval verklaar die mens homself onafhanklik van God, bo God (Erickson, 2001:188, 189; Brunner, 1942:129-130). Waltke (2001:103) beskryf sonde as 'n verbreking van vertroue, 'n ongeoorloofde daad van wantroue, 'n verklaring van onafhanklikheid.

Die gevolg is dat die mens se verhouding tot God verbreek is, asook die mens se verhouding met sy medemens (Waltke, 2001:103). Dit beteken dat die beeld van God in die mens ook gebreek is. Alhoewel die beeld van God nog steeds in die mens bestaan, is dit geskend (Durand, 1982:155; Brunner, 1942:136). Verhoef (2000:28-30) toon ook aan dat die beeld van God in die mens nie verlore gegaan het nie, maar dat daar wel 'n aantasting van die mens as beeld van God was (vgl. ook Erickson, 2001:175). *Imaging is not a choice but a given* (Spykman, 1992:224). Volgens Anderson (1982:100) kan die *imago Dei* nie meer die **self** integreer in sy oriëntering teenoor God en ander nie, maar word die fisiese energie van die **self** nou gebruik om selfvernietigende doelwitte te bereik.

Thomas en Parker (2004:177) beskryf die boodskap van Genesis 3 soos volg: Adam en Eva was eers naak, maar hulle was nie skaam nie. Nadat hulle van die verbode vrug geëet het, het hulle besef dat hulle naak was. Hulle het hulle toe met vyeblare bedek. Die implikasie is duidelik: hulle beleef skaamte (Grenz, 2000:192). In die teologiese nadenke oor die mens, is skaamte tot dusver afgeskeep en is baie klem op skuld geplaas (Thomas & Parker, 2004:176). Thomas en Parker (2004:177) beweer verder dat dit tot gevolg het dat skaamte deur beraders *onder-gediagnoseer* word. Die raaksien van skaamte as 'n wyse van denke oor die mens, het belangrike teoretiese en praktiese implikasies. In die verlede het dit tot oneffektiewe hulpverlening gelei. Hulle verduidelik verder die verskil tussen skuld en skaamte soos volg: skaamte het te doen met 'n gebroke verhouding, die wegkruip en onttrekking van mekaar, terwyl skuld te doen het met 'n gebod wat oortree is. Skaamte het te doen met 'n oorweldigende besef dat 'n persoon in sigself sleg is, nie net sy dade soos in die geval van skuld nie (Thomas & Parker, 2004:180-181).

Brannan (2005:42-43, 53) beskryf die gevolge van die mens se sondige optrede in Genesis 3:7-13 soos volg: dít wat daar gebeur het, het gevolge vir almal dwarsdeur die geskiedenis van die mensdom ingehou. Dit blyk dat dít waarvoor Adam en Eva (valslik) gehoop en begeer het, net die teenoorgestelde tot gevolg gehad het. Hulle sondige optrede het *a theological paradigm of forensic shame* (Brannan, 2005:42) tot gevolg gehad. Hierdie perikoop verteenwoordig 'n geestelike en emosionele diagnose van die mens in skaamte. Sonde het altyd 'n prys. Skaamte blyk die uiteindelike prys te wees wat homself op verskeie wyses manifesteer. Brannan (2005:42, 43. 53) suggereer dat net soos sonde, beide radikaal en universeel is en elke deel van die mens affekteer. So is dít ook die geval met skaamte.

Volgens Härle (2000:486, 487) is die klem wat die skeppingsverhaal op skaamte plaas, opvallend. Dit word uitdruklik in Genesis 2:25 genoem dat Adam en Eva naak was, maar nie skaam nie. Die eerste gevolg van die sonde was hul behoefte om hulself te verberg. Skaamte, en nie skuld nie, was dus die eerste gevolg van die sondeval. Härle verduidelik verder dat skaamte nou 'n onwillekeurige reaksie by mense en 'n aanduiding van 'n innerlike tweestryd is. Volgens hom is daar goeie gronde vir die aanname dat skaamte nog dieper strek as skuld:


> *Scham als Folge der Sünde ist ein ursprüngliches Zeichen, durch das Sünde sich als Sünde anmeldet und bewussmacht* (Härle, 2000:486).

Volgens Clapp (1991:26, 27) leef ons in 'n samelewing wat vasgevang is in skaamte. Dit het tot gevolg dat sigbare sukses, soos gesondheid en weelde, gebruik word om ons waarde te meet. Die mens wil waardig teenoor ander voorkom en wil sodoende die merktekens van sukses besit en is daarom met voorkoms gepreokkupeer. Verder het skaamte ook *selftwyfel* tot gevolg. Die mens is aan skaamte uitgelewer, maar weier om dit te erken.

Anderson (2000:36-38) verduidelik hoe dít wat voor die sondeval 'n gegewe was, ná die sondeval 'n behoefte geword het. Voor die sondeval kon die mens sy menswaardigheid meet aan die feit dat hy beeld van God is. Die mens was op sigself waardig, beeld van God. Die mens het egter nou 'n behoefte aan waarde, omdat hy vanuit skaamte funksioneer.

### 2.5.1.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na wedergeboorte

Figuur 2.4 illustreer hoe God die mens se waarde deur die wedergeboorte herstel. Dit stel ook die bipolêre natuur van die mens voor. Al is die mens deur die wedergeboorte 'n nuwe mens, bly hy nog sondaar. Hierdie bipolêre spanning tussen waarde en skaamte word deur die rooi pyle voorgestel.




**Figuur 2.4 Bipolêre spanningsveld tussen waarde en skaamte**

In Genesis 2:7 word God as 'n pottebakker voorgestel wat die mens uit stof skep (Waltke, 2001:85). Jeremia gebruik ook die beeld van die pottebakker (Jer. 18:1-12). Volgens Achtemeier (1987:55) is God bereid om weer voor met Sy volk te begin en van die mens se mislukking 'n sukses te maak. *Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê* (Jes. 18:4). Christus se kruisoffer maak van sondige mense nuwe mense, 'n nuwe skepping van God (Venter, 1987:4).

Dit is duidelik uit die Skrif dat die mens homself nie kan verlos nie (Rom. 3:23-26; vgl. Louw, 1999:192). Hy het dus 'n Verlosser nodig en hierdie Verlosser het God in die Persoon van Jesus Christus na die aarde gestuur (Joh. 1:9-12). König (1980:2-11) beskryf dit soos volg: Jesus Christus kom betaal die losprys en herstel weer die verhouding tussen God en mens. God neem die inisiatief. Hy moet aan die sondige mens nuwe lewe gee voordat hy hom tot God kan bekeer. God wil Sy ganse skepping heelmaak en omdat die mens deel van Sy skepping is, wil Hy die mens ook werklik regmaak. Dit sluit meer as saligheid in. Saligheid beteken dat ons sonde vergewe is, dat ons in 'n nuwe persoonlike verhouding met die Here is. Die Here wil egter vir ons méér doen. Hy wil alles heelmaak, herskep.

Die mens kan nie die koninkryk van God sien as hy nie opnuut gebore word nie (Joh. 3:3). Die Griekse woord wat hier gebruik word, kan ook beteken *om van bo gebore te word* (NIV

Study Bible, 1995:1595). Volgens König (1980:38) beteken dit dat die mens misluk het, dat God eenvoudig voor moet begin met die mens. *God moet dus ingryp in ons lewe, omdat ons daarvan 'n mislukking gemaak het* (König, 1980:38). Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens (2 Kor. 5:17; Ef. 2:10; vgl. ook Campbell-Lane, 2003:38). Soos God die hemel en aarde uit niks gemaak het (hemel en aarde kon niks bydra om geskep te word nie), so herskep God die mens tot iets radikaal nuuts en kon die mens ook niks bydra tot hierdie herskepping nie. God herstel dus die mens na sy oorspronklike plan met hom, na die oorspronklike beeld van God (Louw, 1999:192; Heyns, 1981:138).

Bavinck (soos aangehaal deur Berkouwer, 1962:89) is van mening dat die beeld van God meer duidelik in Christus word, wat op 'n unieke manier die beeld van God is en ook, volgens Lochman (1976:79), tegelyk ware mens is. Berkouwer (1962:107) kom tot die gevolgtrekking dat ons begrip van die beeld van God slegs genoegsaam kan wees in 'n onbreekbare verhouding met Jesus Christus, wat die beeld van God genoem word (vgl. ook Verhoef, 2000:32-42; Van der Walt, 1990:15). *Dat die mens met die oog op Christus geskep is, beteken dat hy na die beeld van God geskep is* (Durand, 1982:155). Paulus verwys in 2 Korintiërs 4: 4 en Kolossense 1:15 na Christus as die beeld van God. Berkouwer (1962:98) sowel as Van Wyk (1993:93) beklemtoon die belangrikheid van die Bybelse getuienis van Christus as die beeld van God en die vernuwing van die mens na die beeld van God (vgl. ook Grenz, 1999:185; Louw, 1999:191; Spykman, 1992:223). Du Toit *et al.* (1984:229, 230) verduidelik dit soos volg:

> *Die heerlikheid van God wat Adam slegs op aardse en onvolkome wyse kon verbeeld, kom in Christus op volkome wyse tot uitdrukking as Hy die heerlikheid van God verbeeld.*

In Romeine 8:29 sê Paulus dat God die mens bestem het om aan die beeld van Christus gelykvormig te word. Dit veronderstel 'n proses. Alhoewel 'n verloste mens 'n nuwe skepping in Christus is, moet dit ook nog in die lewe van die mens verwerklik word (Kol. 3:10). In 'n sekere sin moet die mens nog word wat hy *reeds* in Christus is. Johnson (2000:16) praat van die bipolêre natuur van die verloste **self**. Anderson (2000:84) verwys na die spanning tussen dít wat God reeds gedoen het, wat reeds waar is van die verloste mens, en dít wat nog moet

realiseer deur die mens se gelowige reaksie op hierdie waarheid as die grootste spanning in die Nuwe Testament.

Paulus verwys ook by verskeie geleenthede na hierdie bipolêre natuur van die verloste mens (Gal. 2:20; Gal. 5:17; Rom. 7:21-25). Ons leef nou tussen die koms en die wederkoms van Christus (Van der Walt, 1997:171). Van der Walt gaan verder en tipeer hierdie tyd as 'n tussentyd:

> *Aan die een kant het ons reeds al so baie - aan die ander kant is daar baie wat ons nog nie het nie. Christus het reeds vir ons die dood oorwin - maar ons moet nog self sterwe. Christus het reeds vir ons skuld volkome betaal - maar ons is en bly nog sondaars.*

Du Toit *et al.* (1984:349, 350) verduidelik die hooflyne van Paulus se eskatologiese prediking soos volg: Christus se kruis en opstanding het die "nou" bedeling, die nuwe eeu, ingelui. Die kinders van God het, ondanks die feit dat die ou eeu nog voortduur, oorgegaan in die nuwe eeu. In hierdie bedeling tussen Christus se koms en wederkoms beklemtoon Paulus die "reeds" en die "nog nie" van hierdie bedeling. Daar het sekere dinge reeds in Christus werklikheid geword en dan is daar dinge wat nog nie vervul is nie, maar waarna met die sekerheid van die Christelike hoop uitgesien kan word. Louw (1999:218) beskryf hierdie *ambivalente spanning*, soos hy daarna verwys, soos volg:


> *Enersyds deel die nuwe mens reeds volledig in die volheid van die heil (alreeds), andersyds leef hy/sy in die hoop en is hierdie volheid in dié bedeling nog nie volledig aan hom/haar gerealiseer nie (nog nie).*

Daar is dus hierdie spanning tussen die *reeds* en die *nog nie* in Paulus se prediking. Byvoorbeeld, die mag van die sonde oor ons is reeds deur Christus verbreek (Rom. 6:2-11) en tog moet ons nog daagliks stry teen die sonde (Rom. 7:15-26). In Christus is die beeld van God reeds herstel, maar tog moet die mens nog aan die beeld van God gelykvormig word. In Christus het die mens weer waarde, maar tog moet die mens nog teen skaamte stry.

## 2.5.2 Die mens as verhoudingswese

### 2.5.2.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na liefde

Figuur 2.5 stel die tweede dimensie van die **self**, naamlik die mens as verhoudingswese, voor. Hierdie dimensie beklemtoon die liefde (sekuriteit) wat voor die sondeval in verhoudings geheers het.




**Figuur 2.5 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na liefde**

Barth is van mening dat geen akkurate begrip van menswees afgelei kan word indien die mens in isolasie van God en ander beskou word nie; menswees kan slegs verstaan word in ontmoeting met God en ander (Price, 2002:97). Venter (1987:1) is ook van mening dat die mens in 'n volmaakte verhouding met God en met mekaar kon lewe. Volgens Dooyeweerd (1969:11) is die mens in sigself niks solank as wat probeer word om die mens los van die drie sentrale verhoudings (God, medemens, natuur) te begryp nie (vgl. ook Louw, 1999:192). Volgens Durand (1982:163, 164) is die mens slegs beeld van God binne die verhouding tot God en kan die beeld dus nie buite hierdie verhouding bestaan nie. Verder sê hy dat die

mens se besondere verhouding tot God funksionele gestalte kry in die feit dat die mens met sy medemens in 'n verhouding kan tree. Grenz (1999:185) is van mening dat die beeld van God slegs in verhoudings ten volle teenwoordig is. Volgens Leith (1993:100) het die mens se bestaan juis betekenis vanweë sy verhouding met God. Berkhof (1990:187) is van mening dat die essensie van menswees in die verhouding met God lê. Volgens hom is die mens geskep om saam met God te lewe en die mens kan slegs in die verhoudings waarin hy staan. homself word (vgl. ook Grenz, 2000:175).

Alhoewel die mens wesenlik 'n verhoudingswese is (Johnson, 2000:7), realiseer hy nie sy verhoudings in 'n lugleegte nie. Volgens Buitendag (1991:6) toon die eerste skeppingsberig die mens se solidariteit met die res van die skepping. Die mens verskyn laaste op die toneel, wat beteken dat die voorafgaande skeppinge voorbereiding vir die skepping van die mens is. Die mens is dus duidelik aangewese op die res van die skepping. Hy beklemtoon dit verder dat die mens onteenseglik 'n omgewing besit, anders is hy nie lewend nie. Deur middel van die omheining, afgrensing en inperking toon God die mens se tuiste aan. Binne hierdie bakens vind alle kommunikasie en verkeer plaas. Die kontoere van die menslike bestaan lê binne hierdie lewensruimte wat God vir die mens geskep het. Heyns (1981:109) verduidelik dit soos volg:

> *Menswees verloop volgens die Skrif nie in 'n leë ruimte nie ... Natuurlik is die wêreld sy leefruimte ... Mens en wêreld hoort bymekaar, hulle is op mekaar aangewys, vir mekaar bedoel, op talle wyses innig met mekaar verwewe. Vir sy bestaan is die mens van die natuur afhanklik, en vir sy bewerking is die natuur van die mens afhanklik.*

Dit is dus duidelik dat die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 'n bepaalde boodskap wil oordra. God skep nie die mens te midde van chaos en wanorde en laat hom dan aan sy eie lot oor nie (McGee, 2003:14). Hy orden eers die natuurlike wêreld tot 'n veilige ruimte vir die mens. Hill & Walton (2000:69) stel dit soos volg:

*The focus of the composition is that everything is formed and filled so as to be perfectly suited for people to inhabit. This serves as an apt introduction to who God is and what he has made man and woman to be.*

Die skeppingsverhale wil dus sê: God skep 'n lewensruimte vir die mens waarbinne hy kan lewe, waarbinne kommunikasie kan plaasvind en waarbinne die mens se verhoudingsbehoeftes vervul kan word (Crabb, 1987:110; Cloud, 1996:49). Die tuin was die plek waar God en mens mekaar kon ontmoet (Gen. 3:8a). Dit was ook die plek waar die mens se verhouding teenoor sy medemens van openheid, vertroue en intimiteit getuig het (Gen. 2:25). God skep die mens in 'n tuin en die voorreg wat hy het, is om van al die bome te mag eet (Gen. 1:29). Jesaja verwys in Jesaja 29:16 na Israel as die kleipot wat nie kan ontken dat die pottebakker hom gemaak het nie. Wat Jesaja wil beklemtoon, is dat God die Skepper is van die mens en dat Hy in 'n intieme verhouding met hom wil staan (Partain & Deutsch, 1986:168).

Binne hierdie fisiese ruimte skep God die mens as verhoudingswese (McGee, 2003:13; Cloud & Townsend, 2001:29; Crabb, 1987:110). God bestaan nie as individu nie, maar as God-in-verhoudings, eerstens in verhouding met Homself en dan in verhouding met sy skepping (Cloud, 1996:47; Anderson, 1982:73; Durand, 1982:156). Reeds met die skepping van die mens tree God in verhouding met hom (Gen. 1:28). Volgens Knouwds (1990:35) bestaan die diepste wese van die mens daarin dat hy sy menswees realiseer in die verhoudings waarin hy tot God, sy medemens en die natuur staan. In Sotho is daar 'n spreekwoord wat sê: motho ke motho ka batho. *Dit beteken: 'n mens is 'n mens deur mense* (Oostenbrink & Lotter, 1999:16). Cloud & Townsend (2001:47, 49) stel dit soos volg:

*God is a relational being, and he created a relational universe. At the foundation of every thing is the idea of relationship. Relationship, or bonding, then, is at the foundation of God's nature. Since we are created in his likeness, relationship is our most fundamental need, the very foundation of who we are. Without relationship, without attachment to God and others, we can't be our true selves. We can't be truly human.*


Volgens Lochman (1976:80, 81) is die mens in homself nie genoegsaam nie, maar lê die wese van die mens in sy verhouding tot God en medemens wat in die liefde tot volle vervulling kom (vgl. ook Erickson, 2001:177). Binne verhoudings (met God, medemens en natuur) beleef die mens liefde, sekuriteit, gehegtheid, warmte, aanvaarding en *bonding* (Cloud, 1996:49; Anderson, 1982:63). Die essensie van die mens as verhoudingswese gaan dus oor liefde (Louw, 1999:192; Anderson, 1982:63), *bonding* (Cloud, 1996:49), *fellowship* en ontmoeting (Grenz, 2000:178, 179; Anderson, 1982:74). Dit is meer fundamenteel tot die mens as beeld van God, as verhoudings (Anderson, 1982:74). God skep die mens binne verhoudings van liefde en sekuriteit en dit is God wat die mens in hierdie ruimte van liefde en sekuriteit omvou (Anderson, 2000:31, 32, 147). Dooyeweerd (1969:8) verwys hierna as *'n ontmoeting-in-liefde* – een persoon kan nie sonder liefde 'n persoonlike ontmoeting met iemand anders hê nie. Die wese van verhoudings voor die sondeval het dus op intimiteit en openheid gedui (McGee, 2003:14; Adams, 1979:131). Volgens Berkhof (1990:188) is die mens vir liefde gemaak. Hy kan dus nie sonder liefde lewe nie. God het alles in liefde gemaak en die mens is die enigste wese wat God se liefde kan verstaan, daarop kan reageer en dit kan geniet. Deur liefde te gee en te ontvang aktualiseer die mens sy ware menswees.

> *We are so made that we need to find the anchoring of our life in the holy love of God by seeking our security in him* (Berkhof, 1990:194).

Die mens is dus alleenlik mens in verhoudings en die mens beleef liefde (sekuriteit) in verhouding met God, medemens en natuur.

## 2.5.2.2 Die mens as sondige wese – met 'n spesifieke gevolg: vrees

Figuur 2.6 illustreer hoe sonde die liefde (sekuriteit) wat in verhoudings geheers het, verdryf en met vrees vervang het. Liefde (sekuriteit) het nou 'n behoefte geword




**Figuur 2.6 Die mens as sondige wese – met 'n spesifieke gevolg: vrees**

Berkhof (1990:194, 195) beskryf sonde as die mens se weiering om sy anker in God se liefde te vind. Hy beskryf verder dat die sondige mens nou sy vervulling in die wêreld soek (begeertes) en dat die mens nou sy eie verwysingspunt geword het (trots).

Hierdie liefde wat die mens binne verhoudings voor die sondeval beleef het, het na die sondeval drasties verander. Die mens verkeer in 'n toestand van sonde, 'n soort tronk, waar hy deur die sonde beheer word (Starkey, 2001:58). Waar daar liefde, openheid en sekuriteit was, is daar nou vrees en wantroue (Genesis 3:8-10; vgl. Anderson, 2000:35; Grenz, 2000:191). Die verhoudings waarin die mens geskep is (God, medemens en natuur), wat veronderstel was om die bron van liefde en sekuriteit te wees, het die bron van vrees en vernietiging geword. Starkey (2001:56) stel dit soos volg:

> *If one image captures the essence of sin in die Bible, it is that of a personal relationship that has gone profoundly awry.*

Sonde in die Bybel het primêr te doen met verhoudings wat verkeerd loop (Erickson, 2001:194-201; Cloud, 1996:50). Wanneer die mens wegbeweeg van hulle primêre verhouding met God en die mag van sonde vatplek in hulle lewens kry, raak hulle betrokke by 'n

onweerstaanbare wêreld van sondige, siek mense, plekke en verhoudings (Starkey, 2001:58, 59).

Härle (2000:481) verwys na *kreatürliche Angst* (skeppingsangs) wat ontstaan as gevolg van die mens se wantroue en ongeloof in God. Waar die mens eers liefde (sekuriteit) in verhoudings beleef het, word dit met vrees vervang (McGee, 2003:26; Anderson, 2000:35; Hart, 1989:130; Adams, 1973:413). Dit wat voor die sondeval 'n *gegewe* was, het ná die sondeval 'n *behoefte* geword (Anderson, 2000:36-38; Crabb, 1987:15). Die mens het daarom nou 'n behoefte aan sekuriteit, aan intieme en liefdevolle verhoudings (Anderson, 2000:36). Alle mense se hele bestaan wentel nou rondom die vervulling van hierdie behoefte aan liefde en sekuriteit (Anderson, 2001:19; Cloud, 1996:46; Crabb, 1987:111).

Volgens Anderson, (2000:33-35) was kennis relasioneel van aard en het kennis 'n intieme persoonlike verhouding geïmpliseer. Na die sondeval het die mens egter sy intieme verhouding (*community*) met God verloor (Grenz, 2000:187, 188). Die sondige mens probeer nou om hierdie leemte met kennis te vul, kennis wat nou bloot 'n insameling van data geword het en volgens Paulus die mens arrogant maak (1 Kor. 8:1).

Sondige gedrag ontspring uit die mens se pogings om onafhanklik van God sy basiese behoefte aan liefde te bevredig (Anderson, 2000:33; Johnson, 2000:12, 13). Hierdie sondige geaardheid van die mens veroorsaak dat die manier waarop die mens hierdie leemte probeer vul, verkeerd, sondig is (McGee, 2003:30; Cloud, 1996:19). Vrees (onsekerheid) beheer nou die mens se optrede (McGee, 2003:33). Die mens probeer op sondige wyse hierdie vrees in liefde (sekuriteit) omskep en dit het net 'n valse liefde (sekuriteit) tot gevolg, omdat die mens hierdie liefde (sekuriteit) in geld en tydelike verhoudings soek (Anderson, 2001:104, 105). Die mens het God nie meer nodig nie, want die najaging van sukses en ander se aanvaarding het nou die plek van God ingeneem en die bron van die mens se liefde (sekuriteit) geword (McGee, 2003:26, 30, 54). Johnson (2000:13) beskryf dit soos volg:


> *Rather than responsive dependence, the fallen self is characterized by an autonomy from its ultimate defining relationship with God, substituted with a*

*reliance on things within the creation for meaning and worship (Rom. 1:15), including itself.*

Dit skep net verdere vrees (onsekerheid), want dit is juis deur op tydelike dinge te vertrou (wat ons nie kan of mag beheer nie), dat vrees (onsekerheid) gesneller word (Anderson, 2000:147). Waar liefde en sekuriteit 'n gegewe was binne die mens se verhoudings voor die sondeval, het dit nou plek gemaak vir vrees.

## 2.5.2.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na versoening

Figuur 2.7 illustreer hoe God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings deur versoening herstel. Dit stel ook die bipolêre natuur van die mens voor. Al heers daar weer liefde (sekuriteit) tussen al die verhoudings waarin die mens staan, bly hy nog sondaar. Hierdie bipolêre spanning tussen liefde (sekuriteit) en vrees word deur die rooi pyle voorgestel.




**Figuur 2.7 Bipolêre spanningsveld tussen liefde en vrees**

Omdat gebroke verhoudings die mens se primêre probleem is, behels God se herstel van die mens die herstel van verhoudings (Cloud, 1996:50). Paulus verwys na hierdie herstelproses as versoening (Kol. 1:19-22). Deur die bloed van Christus het God die mens met Homself versoen en die vrede tussen God en mens herstel. Die duidelike boodskap van die Bybel is dus dat God in Christus verhoudings herstel (Starkey, 2001:145; Cloud, 1996:51).

God vervang die mens se gebroke verhouding met Hom met 'n intieme verhouding (Starkey, 2001:144). In Christus herstel God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings soos Hy dit voor die sondeval bedoel het (Anderson, 2000:141). God stel dus die mens in staat om weer liefde (sekuriteit) binne verhoudings te beleef (Anderson, 2001:104).

Volgens Starkey (2001:149) is dit belangrik om te besef dat God nie bloot individue red nie. Om in 'n nuwe verhouding met Christus te staan, beteken om deel van 'n *geloofsgemeenskap* te wees (Ef. 3:15). Die mens word dus deel van 'n familie van gelowiges en dit is binne hierdie nuwe geloofsgemeenskap dat die mens weer liefde (sekuriteit) in verhouding met sy medemens beleef.

Volgens Heyns (1981:145) hoef mense wat in Christus glo ook nie die natuur te vrees nie. Christus verwyder die vrees vir die onbekende en dreigende natuur. Heyns (1981:145) stel dit soos volg:

> *Wie die God van die natuur ken, sal ook geen vrees hê vir die natuur van God nie.*

Versoening sluit dus die kosmos in en die Heilige Gees is ook in die skepping aan die werk (Louw, 1999:144, 145) . Paulus verwys na hierdie kosmiese dimensie soos volg: *deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen* (Kol. 1:20). Die verwysing na *alles op die aarde en in die hemel*, is 'n beklemtoning van die feit dat die hele kosmos betrokke is (MacDonald, 2000:65). Christus het dus nie net individue met God versoen nie, *but has set in motion a much larger, all-encompassing peace* (DeSilva, 2004:695).

Waar liefde (sekuriteit) 'n gegewe was binne die mens se verhoudings voor die sondeval, en dit plek gemaak het vir vrees met die sondeval, herstel God weer in Christus die situasie soos


dit voor die sondeval was. Die mens kan dus nou weer liefde (sekuriteit) binne verhoudings beleef as gevolg van 'n persoonlike verhouding met God (McGee, 2003:64).

Dit beteken egter nie dat die verloste mens nie meer vrees beleef nie. Soos daar in paragraaf 2.5.1.3 aangetoon word dat daar 'n bipolêre spanningsveld tussen waarde en skaamte bestaan, net so leef die mens nou binne 'n spanningsveld van hierdie twee pole, naamlik liefde en vrees (Adams, 1973:415). Alhoewel 'n verloste mens 'n nuwe skepping in Christus is en God 'n mens se liefde en sekuriteit binne verhoudings herstel het, moet dit ook nog in die lewe van die mens verwerklik word (Kol. 3:10). In 'n sekere sin moet die mens nog word wat hy reeds in Christus is.

## 2.5.3 Die mens as verteenwoordiger van God

### 2.5.3.1 Die mens as geskape wese – met spesifieke verwysing na posisie

Figuur 2.8 stel die derde dimensie van die **self**, naamlik die mens se posisie as verteenwoordiger van God, voor. Hierdie dimensie beklemtoon die posisie waarin God die mens aangestel het, naamlik om in vryheid, maar met verantwoordelikheid, God te verteenwoordig.




**Figuur 2.8 Die mens as geskape wese – met spesifieke posisie**

Volgens Spykman (1992:229-232) is die mens beeld van God op die wyse waarop hy sy amp (posisie) beoefen of bestuur. Hy verduidelik verder dat die term amp (posisie) na die mens se plek en taak in die skepping verwys. Die mens is in die eerste plek dienskneg, tweedens voog en derdens rentmeester van God op aarde. Verder impliseer die amp (posisie) dat die mens onder God, maar oor die res van die skepping, aangestel is. Die mens is dus beide verantwoordelik aan God sowel as aanspreeklik vir dit wat aan hom toevertrou is.

Volgens Verhoef (2000:24) kom die feit dat God die mens as heerser aangestel het duidelik in Genesis 1:26 en 28 na vore. Ridderbos (1963:95) kom tot die gevolgtrekking dat die mens as beeld van God beteken dat hy as God se verteenwoordiger in die wêreld aangestel is, *het betekent, dat een goddelijke kracht in hem werkt, waardoor hij in staat gesteld wordt, Gods vertegenwoordiger in de wereld te zijn.* Vir Durand (1982:158, 164) is die belangrike dat God sy heerskappy oor die skepping deur die mens uitoefen en kry die besondere verhouding van die mens tot God funksionele gestalte in die mens se heersersopdrag waarin hy God verteenwoordig (vgl. ook Erickson, 2001:177; Spykman, 1992:227, 228 & Ott, 1976:70).

Berkouwer (1962:114) sien die essensie van die beeld van God in die begrip *verteenwoordiging*. Hy verduidelik dit soos volg: die idee van verteenwoordiging verwys na die konkreetheid en sigbaarheid van die mens se aardse lewe. Die mens is geskep na God se beeld en gelykenis en is geroep om God se beeld hier op aarde te verteenwoordig en ten toon te stel (vgl. ook Grenz, 2000:174). *Wherever man moves about in God's creation, there he is to represent the presence, the sovereignty, the care of his Maker in and for his world* (Spykman. 1992:227).

O'Grady (1976:11) beklemtoon dit dat die menswaardigheid van die mens daarin opgesluit lê dat hy heerskappy ontvang het (vgl. ook Erickson, 2001:168). Wanneer die mens sy heerskappy uitoefen as die een wat na die beeld van God geskep is, weerspieël hy God se genade en trou. Volgens Durand (1982:158) oefen God sy heerskappy oor die skepping deur die mens uit. Die mens het 'n rol om in die skepping te vervul (Grenz, 2000:174).

Volgens Genesis 1:28 gee die Here vir die mens die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en daaroor te heers. Waltke (2001:66) en Durand (1982:164) lê hier 'n direkte verband tussen God en die mens se heerskappyfunksie en heersersopdrag. Binne die konteks van die skepping kan die mens as koning, wat namens God regeer, gesien word. Die mens moet, as God se verteenwoordiger, oor die skepping heers. Deur die manier waarop die mens op aarde leef, ook in sy verhouding met medemens en natuur, moet hy soos God optree. Volgens Hart is die basiese doel waarvoor God die mens geskep het, om sy koninklike heerskappy as God se verteenwoordiger oor die wêreld uit te oefen (vgl. Waltke 2001:66) Vosloo en Van Rensburg (1999:CD-ROM) beweer ook dat die woord *verteenwoordiger* ook iets van die mens se verhouding tot God weerspieël, naamlik dat die mens van koninklike status is. Verder word hy aangestel om te *heers* – wat op 'n gesagsverhouding dui. Die woord *bewerk*, wat ook met *onderwerp* vertaal kan word, is gebruik vir militêre onderdrukking en slawerny. Dit is dus ook koninklike terminologie. God dra sy koninklike gesag aan die mens oor om namens Hom verantwoordelikheid vir die skepping te neem (Bosman, 2003:102; Grenz, 1999:184). Hierdie gedagte – dat alles aan die mens onderwerp is – vind ons ook in die Nuwe Testament (Heb. 2:8b).

Anders gestel: Die posisie waarin God die mens aanstel, is dié van sy verteenwoordiger. sy persoonlike agent (Johnson, 2000:7). *As mens bevind jy jou in 'n netwerk van verhoudings: met God, met jouself, met jou medemense, met jou omstandighede en jou omgewing* (Vosloo en Van Rensburg, 1999:CD-ROM) en hierdie posisie behels die bestuur van alle verhoudings waarbinne God die mens geskape het, naamlik die mens se verhouding tot God, naaste, **self** en natuur (Campbell-Lane, 2003:18).

Voortvloeiend uit hierdie oordrag van God se gesag aan die mens, is die verantwoordelikheid wat God aan die mens toevertrou om vryheid van keuse te hê (Gen. 2:15; vgl. Collins. 2001:86; Berkhof, 1990:189). Dat God wíl dat die mens 'n vrye wese sal wees, beklemtoon Durand só sterk dat hy vryheid as die kern van die mens se kreatuurlike eksistensie beskou (Durand, 1982:150). Daarmee toon God tot watter mate Hy die mens as verantwoordelike wese vertrou (Collins, 2001:86; Die Bybel in Praktyk, 1993:11). Vryheid kan egter nie los van verantwoordelikheid beskou word nie. Ott (1976:73) sien verantwoordelikheid as 'n *Ur-Erfahrung des Menschen*. Volgens hom is dit 'n innerlike verskynsel van die menslike bestaan wat moeilik ontken kan word. Durand (1982:151) stel dit soos volg:


> *Die mens is van huis uit en kragtens sy skepping deur God 'n vrye, verantwoordelike wese.*

Volgens Leith (1993:100) is die mens 'n antwoordende en verantwoordelike wese. Die mens antwoord, omdat God hom aangespreek het (Louw, 1999:193, 194). Berkhof (1990:186) beskryf die mens as 'n *respondable being*. *Dat die mens moet antwoord en dat hy verantwoordelik is, is 'n gegewe waaraan nie verander kan word nie* (Durand, 1982:151). Vryheid en verantwoordelikheid kan nooit van mekaar losgemaak word nie (Knouwds, 1990:60) en deur in vryheid en verantwoordelikheid keuses te maak, kies die mens om op 'n bepaalde manier te lewe (Knouwds, 1990:67).

Om verantwoordelik in vryheid te leef, is dus die manier waarop die mens sy posisie as God se verteenwoordiger bestuur. Die posisie waarin die mens hom derhalwe bevind, is dié van God se verteenwoordiger. Die mens kies in vryheid en verantwoordelikheid hoe om uitdrukking aan hierdie posisie te gee.

### 2.5.3.2 Die mens as sondige wese – met spesifieke gevolg: skuld

Die volgende figuur, figuur 2.9, illustreer hoe sonde die posisie waarin God die mens aangestel het, met skuld vervang het. Die mens het nou 'n behoefte aan posisie.




**Figuur 2.9 Die mens as sondige wese – met spesifieke gevolg: skuld**

Die mens was egter nie bereid om slegs verteenwoordiger van God te bly nie, want dit het afhanklikheid van God beteken. Die mens wou onafhanklik van God wees (Cloud & Townsend, 2001:34; Johnson, 2000:12); die mens wou soos God wees (Van der Walt, 1990:17). Die mens het sy verantwoordelikheid verloën en sy vryheid misbruik (Durand, 1982:151). Die beeld van God het totaal vervreemd geraak van wat dit veronderstel was om te weerspieël (Johnson, 2000:12).

Heyns (1981:129) beskryf sonde soos volg:

> *Sonde is opstand teen God, verwerping van die afhanklikheid van God, 'n soeke na die lewe buite God, 'n poging om sonder God sélf koers en rigting aan die lewe*

*te gee ... en was hy nie meer tevrede om sy posisie onder God in te neem nie, maar wou hy naas en dus per implikasie bo God gaan staan.*

Wat hier belangrik is om te besef, is dat die mens nie sy oorspronklike posisie as aangesproke wese wou aanvaar nie (Heyns, 1981:130). Toe God die mens tot verantwoording roep (Gen. 3:9-13), was sy reaksie nie slegs 'n *reeks bykans komiese flou verskonings,* soos Bosman beweer nie (Bosman, 2003:105) Die mens reageer hier vanuit 'n toestand van skuld wat ons direk in verhouding met die oorsprong van ons bestaan, naamlik God, bring (Hart, 1989:109; Anderson, 1982:95). Deur die sonde, is die beeld van God in die mens omgekeer (Anderson, 1982:99, 100). Die mens is nou vasgevang in 'n web van skuld wat veel dieper strek as sy bewuste denke (Erickson, 2001:195, 196; Cloud, 1996:19; Berkhof, 1990:207).

Die skuld wat hier ter sprake is, is nie blote skuldgevoelens (psigologiese skuld) nie, maar 'n toestand van skuld (teologiese skuld) waarin alle mense, as gevolg van die sonde, gedompel is (Collins, 2001:131; Hart, 1989:109). Venter (1987:11) stel dit ook dat skuld voor God 'n algemeen menslike gegewe is. Collins (2001:132) verduidelik teologiese skuld soos volg: God het aan die mens die vryheid om te kies gegee. Die mens het besluit om God ongehoorsaam te wees en het daardeur onmiddellik skuldig geword. Dit behels die onvermoë om God te vertrou, 'n doelbewuste opstand teen sy gesag en 'n besluit om homself die middelpunt van sy lewe te maak en die bron van sy eie selfvervulling.


Die simptoom van hierdie skuld, is die mens se geneigdheid om te blameer (Nel, 2005:37). Vir alles wat fout gaan, soek hy iemand anders om te blameer in die hoop om homself te verontskuldig en homself beter te laat voel (McGee, 2003:76; Venter, 1987:2). Peters (2000:85, 86) beskryf hierdie subtiele en gevaarlike eienskap van die sonde soos volg: die mens versin leuens wat hom met die goeie identifiseer. Soms wys hierdie leuens iemand anders as sleg aan. Hierdie proses van om jouself met die goeie te vereenselwig, word selfregverdiging genoem en om die ander met die slegte te vereenselwig, word blaamverplasing genoem. As gevolg van die subtiliteit van selfregverdiging verblind dit die mens en verdraai dit die waarheid. Peters illustreer dit verder met die gebeure in die tuin van Eden: Adam blameer Eva en impliseer daarmee dat hy onskuldig is. Eva blameer die slang en impliseer daarmee dat sy onskuldig is. Hulle blameer God dus indirek (Hy het immers die

slang gemaak) en probeer hulself dus so verontskuldig, selfs al beteken dit dat hulle God aan die slegte kant van die saak moet plaas.

So doen die mens afstand van sy posisie as verteenwoordiger van God. Die gevolg is dat die sondige mens in 'n toestand van skuld leef (selfregverdiging en blaamverplasing). By implikasie beteken dit dat die mens die balans tussen vryheid en verantwoordelikheid versteur.

### 2.5.3.3 Die mens as verloste wese – met verwysing na vryspraak

Die volgende figuur, figuur 2.10, illustreer hoe God, deur die mens vry te spreek, hom weer aanstel in die posisie as sy bestuurder. Dit stel ook die bipolêre natuur van die mens voor. Al is die mens God se bestuurder wat oor die slegte en bose moet heers, bly hy nog sondaar. Hierdie bipolêre spanning tussen posisie en skuld word deur die rooi pyle voorgestel.




**Figuur 2:10 Bipolêre spanningveld tussen posisie en skuld**

Volgens Härle (2000:496, 497) roep die begrip *vryspraak* 'n hofsituasie op waar een party voor die hof gedaag om veroordeel te word. Hy verduidelik verder dat dit hier gaan oor die vraag of die mens staande sal kan bly wanneer hy teen God se maatstaf gemeet word. Die mens

het die verhouding tussen hom en God, wat die grond van sy bestaan is, versteur. Vryspraak kom dan daarop neer dat die mens, sonder dat hy 'n bydrae daartoe kon lewer, deur God vrygespreek word.

Eberhard (1999:25) verduidelik vryspraak soos volg: in die middelpunt van die Christelike geloof staan die versekering dat diegene wat regverdig aangekla word, wat volkome skuldig voor God staan – en wat daarom verdien om sondaars genoem te word – deur God regverdig verklaar word. Hierdie vryspraak vind alleenlik uit God se genade plaas op grond van Christus se verdienste. Solank as wat die mens vanuit skuld lewe, bly hy skuldig voor God en verdien hy God se straf en oordeel (Rom. 1:18). God spreek die mens egter vry (Rom. 1:17) en hierdie vryspraak is 'n genadegawe van Hom (Rom. 5:17), wat die mens nie kan verdien nie (Rom. 3:28). Om hierdie vryspraak te ontvang, is berou egter nodig (Luk. 18:13, 14) en moet dit in geloof ontvang word (Hand. 13:39, vgl. Leith, 1993:183).

Pelser (1996:14, 18) beklemtoon die rol wat die *in Christus-formule* in vryspraak speel. Al verdien die mens nie die verlossing wat God aan hom gee nie, word die mens *in Christus* vrygespreek. Volgens haar verklaar Paulus in die brief aan die Romeine die mens se vryspraak op grond van die gelowige se status *in Christus*.

Vryspraak kan nie verdien word nie en enige menslike poging om vryspraak te verdien, lei net tot arrogansie en selfregverdiging (Leith, 1993:179). Volgens Peters (2000:86, 90) kan God se vryspraak slegs beleef word wanneer die mens ophou om homself te regverdig. Christus het met Sy kruisdood aan die mens getoon hoe vrugteloos dit is om homself te regverdig deur ander te blameer. Hy het die blaam op Hom geneem en so 'n einde aan die moontlikheid van selfregverdiging deur blaamverplasing gemaak. Hy het die mens van skuld, en dus van selfregverdiging, bevry en die mens so in staat gestel om werklik lief te hê.

Volgens Starkey (2001:151) beteken vryspraak om in die regte verhouding met God te staan. Vir iemand om vrygespreek te word, moet hy regverdig in God se oë wees. As gevolg van sonde kan die mens nie enige regverdigheid voor God hê nie. Paulus sê egter dat 'n belangrike aspek van verlossing is dat God aan die mens die regverdigheid van Christus gee. Met ander woorde, God spreek die mens in Christus vry. Wanneer 'n mens hom met Christus

vereenselwig, dan deel daardie mens in Christus se status voor God (Rom. 5:19; Gal. 3:24; Fil. 3:7-9).

Vryspraak is 'n onmiddellike aksie van God (Adams, 1979:36) en dit is iets wat God doen: die mens kan dus geen bydrae lewer tot hierdie vryspraak nie (Anderson, 2001:40). Verloste mense het dus nie nodig om skuldig te voel nie. Geen aanklag kan teen hulle ingebring word nie, aangesien hulle in Christus vrygespreek is (Romeine 8:33, 34; vgl. Campbell-Lane 2003:39). Cloud & Townsend (2001:171, 172) verduidelik dit soos volg: skuldgevoelens is nie die Bybelse reaksie nie, maar wel berou. Mense behoort dus nie skuldig te voel nie, maar berou te toon. Skuldgevoelens is selfsugtig en fokus op die self. Berou, aan die ander kant, fokus op die ander persoon en lei tot vergifnis en vryspraak.

Nog 'n gevolg van die mens se vryspraak in Christus, is dat die verloste mens se outoriteit oor sonde en die slegte herstel is (Mark. 6:7, 13; Joh. 20:22, 23; vgl. Cloud & Townsend, 2001:87, 88; Härle, 2000:500, 501). Die mens kan nou weer sy posisie as God se verteenwoordiger inneem. Volgens Anderson (2001:40) besef Christene dit nie en probeer hulle desperaat wórd, dit wat hulle reeds ís. Edwards (2001:91, 92) sluit hierby aan deur te verduidelik dat Christene gewoond daaraan moet raak dat hulle vrygespreek is. Die gelowige sal elke oomblik van sy lewe moet besef dat hy reeds *in Christus* is en dan sy lewe daarvolgens inrig (Pelser, 1996:19). Soos in paragrawe 2.5.1.3 en 2.5.2.3 aangetoon, bestaan hier dan ook 'n bipolêre spanningsveld tussen die mens se posisie as vrygespreekte in Christus en sy toestand van skuld.

# 2.6 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens

## 2.6.1 Die self van die mens

Die **self** kan as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word. Wanneer daar dus na die **self** verwys word, word die mens in totaliteit bedoel – en omgekeerd.

## 2.6.2 Die mens as beeld van God

Die mens se waarde as mens is onberekenbaar, want in soverre hy beeld van God is, is hy toegerus vir sy taak op aarde.

As gevolg van die sondeval word die beeld van God in die mens geskend en verkeer hy in 'n toestand van skaamte.

Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens en herstel so sy waarde in Christus.

Alhoewel die mens in Christus waarde het, is daar 'n bipolêre spanning tussen waarde en skaamte. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan waarde by die mens en hy moet voortdurend teen skaamte stry.

## 2.6.3 Die mens as verhoudingswese

Die mens is alleenlik mens in verhoudings en die mens beleef liefde (sekuriteit) in verhouding met God, medemens en natuur.

Waar liefde (sekuriteit) 'n gegewe was binne die mens se verhoudings voor die sondeval, het dit nou plek gemaak vir vrees.

Deur versoening in Christus herstel God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings soos Hy dit voor die sondeval bedoel het.

Alhoewel die mens in Christus se liefde (sekuriteit) binne verhoudings herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen liefde en vrees. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan liefde by die mens en hy moet voortdurend teen vrees stry.

## 2.6.4 Die mens as verteenwoordiger van God

Die mens is in die posisie aangestel as God se verteenwoordiger. Die mens kies in vryheid en verantwoordelikheid hoe om uitdrukking aan hierdie posisie te gee

Hy doen afstand van sy posisie as verteenwoordiger van God. Die gevolg is dat die sondige mens in 'n toestand van skuld leef (selfregverdiging en blaamverplasing) en so die balans tussen vryheid en verantwoordelikheid versteur.

God spreek die mens vry in Christus Jesus en herstel die verloste mens se outoriteit oor sonde en die slegte.

Alhoewel die mens in Christus se posisie as God se verteenwoordiger herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen die mens se posisie as vrygespreekte in Christus en sy toestand van skuld. Daar bestaan 'n voortdurende behoefte aan posisie by die mens en hy moet voortdurend teen skuld stry.

# HOOFSTUK 3

# Psigologies-humanistiese perspektiewe op die **self** van die mens (metateorie)

## 3.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is tweërlei van aard. Eerstens sal 'n metateorie gevorm word deur ondersoek in te stel na psigologies-humanistiese perspektiewe op die **self** van die mens. *Metatheory defines scientific premises that are shared more or less universally with other sciences* (Heyns & Pieterse, 1990:49). Dit word gedoen in navolging van Zerfass se model (Heyns & Pieterse, 1990:35, 36). Dan sal ook bepaal word tot watter mate die psigologiese perspektiewe 'n bydrae kan lewer tot en geïntegreer kan word by die Bybelse perspektiewe op die **self** van die mens. Om die perspektiewe van psigologies-humanistiese teorieë aangaande die **self** te ondersoek en te beoordeel, word 'n bestudering van die toepaslike literatuur onderneem en in die vorm van 'n literatuurstudie gedoen. 'n Empiriese studie word ook onderneem en sal in die tweede deel van hierdie hoofstuk beskryf word. Ten slotte word metateoretiese perspektiewe geformuleer wat kan meewerk om praktykteoretiese perspektiewe daar te stel vir die hantering van 'n selfkonsep vir pastorale berading.

## 3.2 Agtergrond

Volgens Hart (2004:Voordrag) is dit belangrik om te besef dat daar in die sekulêre psigologie totaal uiteenlopende menings is oor die konsep van die **self** en of dit enigsins bestaan. Terwyl sommige teoretici baie aandag aan die konsep van die **self** gee, verkies ander om dit heeltemal te ignoreer (Pervin & Oliver, 1997:18).

Volgens Conn (1997:3, 4, 13) is die term **self** te ontwykend om dit sommer te probeer definieer. Hy verduidelik dat die individu aanvanklik in terme van eksterne, objektiewe, in-

derde-persoon-terme as 'n **persoon** beskou is. Dit is eers met die aanbreek van die vroeë, moderne era van Augustinus dat die individu in terme van interne, subjektiewe, in-eerste-persoon-terme as 'n **self** begin beskryf is. Conn gaan van die standpunt af uit dat dit die fundamentele begeerte van die self is om homself in verhouding met die wêreld, ander en God te oortref en uit te reik. Slegs 'n ontwikkelde, kragtige **self** het die krag om voortreflikheid te realiseer. Volgens Conn bestaan die **self** uit twee bipolêre pole, naamlik 'n subjektiewe "ek" en 'n objektiewe "my", wat in 'n wederkerige verhouding met mekaar bestaan. Om die **self** te verstaan, moet die twee pole van die **self** verstaan word.

Vir William James bestaan die self uit drie dimensies (vgl. Conn, 1997:14):

- die materiële **self** (liggaam, klere, families en huise);
- die sosiale **self** (erkenning van individue en groepe wat saak maak); en
- die spirituele **self** (die totale toestand van bewustheid).

Freud het nie gedink dat 'n onafhanklike konsep van die **self** nodig was nie en het die idee van die **self** as 'n entiteit verwerp. Eers in 1950 het Hartmann die konsep van die self aan psigoanalise bekendgestel (Gammelgaard, 2003:96, 97).

Kierkegaard het die **self** as beide struktureel-dinamies en relasioneel beskou (vgl. Watkin, 1998:363). Volgens hom moet die **self** in die toestand wat dit tans is (die werklike **self**) en die potensiële **self** (die ideale **self**) gesien word. Die ideaal bestaan uit die motivering om 'n doelstelling te bereik wat in 'n sekere sin buite die **self** geleë is, maar ook in die **self** geleë is, in die sin dat die individu die eksterne waardes (van die samelewing) geïnternaliseer het as motiveerder in sy daaglikse lewe (Watkin, 1998:363).

Adams (1999:39-45) beklemtoon weer die belangrikheid van die interaksie tussen **self** en wêreld. Volgens hom is daar geen onderskeid tussen self en wêreld, self en ander, binne en buite nie. Dit wat rondom jou gebeur, dit wat 'n ander persoon sê, word deel van jou en bly in jou voortbestaan as deel van jou **self**.

Met die opkoms van *cognitive neuroscience*, word gesuggereer dat die groot vooruitgang wat gemaak word op die gebied van hoe die mens se brein werk, 'n ongeëwenaarde uitdaging aan ons begrip van wie die mens werklik is, gaan stel (Anon., 2002:1099). Daar word verder geredeneer dat die meeste mense die intuïsie deel dat die **self** 'n absolute geheel is en dat daar êrens in die mens se brein 'n sentrale plek moet wees waar alle persepsies en gedagtes bymekaar kom. Volgens die neurowetenskap is hierdie standpunt verkeerd, aangesien verskillende prosesse in verskillende dele in die brein bemiddel word, maar daar is niks wat die bestaan van 'n sentrale beheersentrum suggereer nie. Daar is geen enkele breinstruktuur wat die **self** beliggaam nie.

Vir die postmoderne mens het die **self** as individu min bestaansreg (Grenz, 2002:40). Volgens Bosman (2001:109) is die self 'n narratief wat iemand in oorleg met betekenisvolle ander persone van hom/haarself vertel. Grenz (2002:41) ondersteun hierdie standpunt deur te beweer dat die postmoderne mens na identiteit *binne verhoudings* soek en dat die postmoderne **self** die narratiewe **self** is wie se verhaal tot stand kom binne die samelewing van die mens. Volgens Bosman (2001:111) is die **self** nie iets wat in alle omstandighede vas is nie, maar wat verskillend na vore kom in verskillende verhoudings. In 'n vinnig veranderende wêreld het dit 'n hoogs onstabiele **self**, wat skaars meer is as 'n paar fluktuerende verhoudings, geword. In die postmoderne samelewing het die waarheid relatief geword; dit hang alles van jou standpunt af (Socor, 1997:1).

Sponheim (1999:169-175) se reaksie hierop is soos volg.

> *We seem, one might say, to have lost our marbles. And what is to replace the centered self?*

Hy probeer dan self op hierdie vraag antwoord deur te sê dat watter soort **self** ons ook al gaan hê, dit 'n gekonstrueerde realiteit gaan wees, 'n mengsel van eksterne invloede, interne faktore en watter ander keuses hierdie skynbare *emerging selves* ook mag maak. Hy gaan dan voort deur 'n paar standpunte weer te gee:

- Die self as beliggaming. (Die liggaam word as die onvervangbare voorwaarde vir persepsie, aksie, moraliteit, verhoudings en vryheid gestel.)
- Die tydelikheid van die self. (Klem word op die tydelikheid van die lewe gelê.)
- Die self as relasioneel. (Die belangrikheid van verhoudings in die ontwikkeling en voortbestaan van die self.)
- Die self as eenheid. (Dit gaan oor die integrasie van bogenoemde dimensies. Die self is liggaam, tydelik, relasioneel; en tog 'n eenheid.)

Een wyd aanvaarde beskouing is dat die **self** as die kern van die mens se persoonlikheid gesien word waarin die mens se belangrikste en hoogste waardes gesetel is (Meyer, 1998:12). Die **self** word beskou as die georganiseerde en geïntegreerde aspekte van die menslike persoonlikheid (Pervin & Oliver. 1997:19).

Al die uiteenlopende menings oor die **self** kan volgens Meyer & Van Ede (1998:44) in vier breë teoretiese benaderings onderskei word, naamlik:

- die psigoanalitiese;
- die persoonsgeoriënteerde;
- die leerteoretiese; en
- die kognitiewe benaderings.

Die psigologiese perspektiewe wat bespreek gaan word, is algemeen beskikbaar in die meeste psigologiese handboeke. Om dié rede word die bronne wat geraadpleeg is, nie telkens aangetoon nie. Tensy anders gemeld, is die volgende bronne geraadpleeg:

- Meier, Minirth, Wichern & Rafcliff. 2004;
- Longres, 2000;
- Gilliland & James, 1998; en
- Pervin & Oliver. 1997.

Die vier teoretiese benaderings oor die **self**, wat na die oordeel van die navorser 'n bydrae tot hierdie studie lewer, sal vervolgens bespreek word.

# 3.3 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self**

## 3.3.1 Sigmund Freud

Onderliggend aan Freud se psigoanalitiese teorie lê die idee van onbewuste en botsende drange wat inherent aan die menslike natuur is. Dit is deur konflik tussen die bewuste en die onbewuste sowel as konflik tussen die biologies motiverende drange in die mens en die sosiaal kalmerende kragte in die omgewing, dat die menslike persoonlikheid ontwikkel. Freud het die menslike persoonlikheid as die verborge, onbewuste konflikte tussen die *id* (ingebore basiese drange waarvan seks en aggressie die belangrikste is) en die *superego* (die etiese, sosiaal-aanvaarbare gewete, die ideale) beskou. Die onderhandelaar tussen die *id* en die *superego*, is die *ego* of **self**. Waar die *id* plesier soek en die *superego* volmaaktheid, soek die *ego* realiteit. Die *ego* se funksie is om die begeertes van die *id* uit te druk en te bevredig in ooreenstemming met realiteit en die eise van die *superego*. Freud se teorie oor die *id*, *ego* en *superego* kan as die voorloper van die sogenaamde ego-psigologie, wat op sy beurt weer 'n voorloper van self-psigologie is, beskou word.

Freud het die psigoseksuele ontwikkeling van die mens oorbeklemtoon. Freud het die meeste van sy werk op die bevrediging van erotiese of seksuele drange (*eros*) gegrond. Hy het geglo dat die behoefte aan erotiese bevrediging reeds met geboorte bestaan en deur 'n energie genaamd *libido* gedryf word. Freud se definisie van seksuele bevrediging was baie breed en hy het alle sensuele sensasies by sy definisie ingesluit, omdat almal volgens hom reeds van geboorte af ingestel is op aangename sensasies wat as seksueel beskou kan word.

In terme van die **self**, is die fokus van psigoanalise die verskillende vlakke van bewussyn Vir Freud was psigoanalise niks meer as die ontdekking van die onbewuste "**self**" nie. Hierdie teorie impliseer dat die **self** en die gedrag wat daaruit volg, hoofsaaklik deur onbewuste magte beheer word (vgl. Meier *et al.*. 2004:174-176, 226, 243-246; Longres, 2000:428-429; Gilliland & James, 1998:10-15; Pervin & Oliver, 1997:80-85).

## 3.3.2 Alfred Adler

Een van Freud se belangrikste ondersteuners wat vroeg van hom weggebreek het, as gevolg van sy oormatige klem op die seksuele instinkte van die mens, was Alfred Adler.

Adler het die inherente faktore wat die mens se bestemming beïnvloed as sosiaal, eerder as biologies, beskou. Adler het verder geglo dat alle funksies ondergeskik is aan die individu se leefstyl. Leefstyl is 'n belangrike konsep uniek aan Adler. Kinders het aanmoediging nodig om die lewe se uitdagings die hoof te bied. Hiervoor het hulle volwassenes nodig om dit vir hulle te modelleer. Adler gebruik dus nie die verlede om, soos Freud, 'n persoon se optrede te verklaar nie. Sy beskouing is teleologies in soverre dit fokus op die doel van die persoon se gedrag.

Vir Adler was die mens 'n kreatiewe, **self**-bepalende besluitnemer wat **self** kies wat hy wil bereik. Omdat mense in 'n sosiale omgewing grootword, sal hulle na betekenis soek deur hulle omgewing te probeer bemeester. Dit is 'n uitdrukking van 'n persoon se gemeenskapsgevoel, 'n gevoel van *belonging* (Karrel & Gill, 2002:161). Adler het vier vlakke van oortuiging in 'n leefstyl onderskei. Die eerste is **self**konsep: die oortuiging wat mense het oor wie hulle is. Die tweede is die ideale-**self**: dit is die oortuiging oor wat hulle behoort te wees. Die derde oortuiging is 'n beeld van wat die wêreld van 'n mens verwag. Die vierde oortuiging is 'n persoonlike oortuiging van waardes. Minderwaardigheidsgevoelens ontwikkel wanneer daar 'n teenstrydigheid tussen die **self** en ideale-**self** plaasvind. Nog oorsake van intense minderwaardigheidsgevoelens ontstaan as gevolg van *intensified minus situations*, *organ inferiority*, oorbeskerming of verwaarlosing tydens kindwees (Karrel & Gill, 2002:161).

Omdat sielkundige probleme ontstaan as gevolg van foutiewe persepsies, waardes en doelstellings, is die doel van terapie vir Adler opvoeding, of heropvoeding. Mense moet leer om geloof in hul**self** te hê, om lief te hê en te vertrou (vgl. Meier *et al.*, 2004:309-310; Gilliland & James, 1998:43-44; Pervin & Oliver, 1997:141-143).

## 3.3.3 Carl Jung

Jung het ook van Freud weggebreek as gevolg van die oormatige klem op die seksuele. Jung het die idee van 'n *superego* vervang met 'n persoonlike stratum van die onbewuste (Heisig, 1997:255, 256) en hy het *ego* gedefinieer as die middelpunt van die bewussyn (Conn, 1997:6). Heisig verduidelik verder dat die volle gewig wat Freud aan die *superego* toegeken het, deur Jung verskuif is na wat hy die *Self* noem. Jung het die *Self* as 'n natuurlike, wederkerige verhouding tot die *ego* beskryf en vir hom was die *Self* die totale psige, beide bewussyn en onderbewussyn (Conn, 1997:6). Heisig (1997:263) som Jung se idees oor die Self soos volg op:

- Die Self is 'n aanvanklike eenheid — die totaliteit van 'n persoon se psige.
- Die Self het die potensiaal om te groei – 'n individuele *totality-in-the-making*.
- Die Self is 'n agent van die kollektiewe onderbewussyn – die sentrum van die proses van individualisering.
- Die Self is 'n geworde eenheid – die uiteindelike gevolg van 'n harmonieuse eenheid tussen die kragte van die psige.
- Die Self is 'n grondvorm (*archetype*) van die transendentale absolute, beelde van God, Boeddha, Tao, ensovoorts, en kan nie van die beelde van die Self onderskei word nie.
- Die Self is 'n grondvorm (*archetype*) van die eenheid tussen die transendentale en die immanente, beelde van Christus, Khidr, ensovoorts – en kan nie van die beelde van die Self onderskei word nie.

Jung het die bogenoemde grondvorms as 'n kollektiewe onderbewussyn, waarmee elke mens gebore word, beskou. Dit is die resultaat van die mens se ondervinding deur die eeue heen. Die mens reik dus terug na 'n primitiewe verlede in 'n poging om betekenis in die hede te vind (vgl. Meier *et al.*, 2004:246; Gilliland & James, 1998:77-84; Pervin & Oliver, 1997:143-145).

## 3.3.4 Erik Erikson

Erikson het die psigoanalitiese teorie van menslike ontwikkeling probeer verbreed deur dit in terme van psigososiale terme, eerder as slegs seksuele terme, te beskryf. Hy veronderstel agt psigososiale fases. Elke fase word gedefinieer in terme van 'n psigososiale krisis. 'n Krisis beteken vir Erikson kritiese take wat tydens 'n spesifieke fase bemeester moet word. Indien suksesvol bemeester, kom 'n basiese sterkpunt, of egokwaliteit, na vore. Indien nie suksesvol bemeester nie, kan 'n egoswakheid ontwikkel. Die individu maak staat op die egokragte wat gedurende 'n vorige fase bemeester is om die krisis van elke volgende psigososiale fase op te los.

Gedurende die kleuterfase is die fokus op die ontwikkeling van outonomie teenoor skaamte, terwyl die fokus van die volgende speelfase op die ontwikkeling van inisiatief teenoor skuld val. Vir Erikson verwys skaamte na die verbreking van eksterne standaarde, terwyl skuld na die verbreking van interne standaarde verwys (Meier *et al.*, 2004:176, 202; Longres, 2000:468-470; Pervin & Oliver, 1997:101-104).

## 3.3.5 Heinz Hartmann

Die studie van die *ego* in ego-psigologie het twee rigtings ingeslaan:

- Die een rigting wat tot dusver in paragrawe 3.3.1 tot 3.3.4 bespreek is, fokus op die *ego* in konflik met die id en sien ontwikkeling as 'n inherente konflik tussen die individu en die samelewing;
- Die tweede rigting fokus op die konflik-vrye area van die *ego* en behels die individu se bewuste, aanpassende en handhawende reaksies.

Hartmann was die eerste persoon wat die konflik-vrye aspekte van die *ego* bestudeer het. Volgens Gammelgaard (2003: 98-100) het hy ego-ontwikkeling as die resultaat van drie faktore gesien:

- oorgeërfde ego-eienskappe;
- invloede van die instinktiewe dryfkragte; en
- invloede van die buitenste realiteit.

Gammelgaard verduidelik verder dat Hartmann die idee van die outonome funksies van die *ego*, konflik-vrye areas en neutrale energie ontwikkel het. Hartmann het gesuggereer dat daar tussen die *ego* en die **self** gedifferensieer word in 'n poging om die probleem van narcissisme te behandel. Hy het voorgestel dat narcissisme as die *libidinal cathexis not of the ego but of the self* gedefinieer word. Hiermee het Hartmann die konsep van die **self** as aanvulling tot die *ego* bekendgestel. Sy aanvulling van die Freudiaanse *ego* met die konsep van die **self** kan gesien word as 'n aanduiding van Hartmann se strewe om konsekwentheid aan die dubbelsinnige konsep van die ego te gee (Gammelgaard, 2003:97). Volgens Gammelgaard (2003:96) het die konsep van die **self** uit ego-psigologie gegroei in die strewe om die leemtes in Freud se konsep van die *ego* te behandel (Longres, 2000:434-435).

## 3.3.6 Heinz Kohut

Volgens Gammelgaard (2003:100) kan Kohut se **self**-psigologie beskou word as een van vele pogings om die leemte te vul wat gelaat is deur die *ego* van ego-psigologie.

Lynch (1998:474-476) som die **self**-psigologie van Kohut soos volg op: vir Kohut is die **self** die kern psigologiese struktuur van waaruit 'n persoon hom**self** en ander beleef. Die **self** is verantwoordelik vir 'n hele klomp funksies, insluitende die sentrum van inisiatief, 'n ontvanger van indrukke en die bron van kohesie en samehang. Gesonde psigologiese funksionering is afhanklik van die mate waartoe 'n persoon 'n samehangende **self** besit wat hom 'n gevoel van kontinuïteit gee en in staat stel om as basis te dien vir 'n kreatiewe en betekenisvolle ontmoeting met die lewe. 'n Samehangende **self** is ook verantwoordelik om voldoende vlakke van **self**waarde te handhaaf en kalmte en troos te voorsien wanneer die individu enige vorm van emosionele ongemak beleef. Omdat die mens nie met 'n samehangende **self** reeds in plek gebore word nie, het Kohut 'n ontwikkelingsproses, waardeur 'n persoon se **self**struktuur kan ontwikkel, uiteengesit. Hierdie proses word moontlik gemaak wanneer daar

deur **self**objekte genoegsaam aan spesifieke ontwikkelingsbehoeftes van die kind voldoen word. 'n **Self**objek is 'n persoon. wat later 'n meer abstrakte objek soos God of 'n filosofiese oortuiging kan word.

Kohut het drie spesifieke behoeftes, wat elke persoon nodig het en wat deur **self**objekte vervul kan word, geïdentifiseer, naamlik *mirroring*, *idealization* en *twinship* (Brems, 1997:7-8). Brems verduidelik elke behoefte verder soos volg: *mirroring* vervul die kind se behoefte aan aanvaarding en aanmoediging. Dit verwys na die **self**objek se spontane uitdrukking van trots, vreugde en genot in die kind se optrede. Die funksie van *mirroring* is die realistiese waardering van **self**waarde en die aanleer van **self**vertroue en -liefde. Hierdie funksie moet deur die kind geïnternaliseer word sodat hy nie van die **self**objek afhanklik bly vir **self**liefde en -vertroue nie Indien hierdie behoefte nie voldoende bevredig word nie, het dit tot gevolg dat die bepaalde individu afhanklik bly van ander vir **self**waarde en vir 'n soeke na ondersteuning en erkenning. Gedurende die tyd dat die individu baie gevoelens van onveiligheid en afhanklikheid beleef, as gevolg van sy onvermoë om op sy eie aan die lewe te bly, vervul *idealization* van die **self**objek die kind se behoefte aan sekuriteit en aanvaarding. *Idealization* van eksterne **self**objekte is nodig om die kind te help om krag, reëls en regulasies te internaliseer. Dit verteenwoordig die internalisering van beheer, kennis van reg en verkeerd en interne beheer. Gebreke op hierdie gebied gee aanleiding tot swakheid, doelloosheid en die belewenis van om nie in beheer van 'n persoon se lewe te wees nie. Die behoefte aan *twinship* kan beskryf word as die behoefte aan gelykheid waar die individu gestroop is van alle persoonlike ambisie of die behoefte aan 'n almagtige ander persoon en hom**self** beleef as ingesluit in 'n menslike gelykheid. Dit is as gevolg van hierdie begeerte aan gelykheid dat individue talente in vaardighede ontwikkel en kennis opdoen. Kohut gebruik hier die voorbeeld van die kind wat die ouer na-aap om soos die ouer te wees. Dus speel *twinship* die inherente rol van kennisinsameling en vaardigheidsontwikkeling, wat uiteindelik die persoon se ambisies (*mirroring pole of the self*) en ideale (*pole of ideals*) ondersteun. Al drie aspekte van die **self** moet aanpasbaar wees om die individu in staat te stel om sy ideale en ambisies uit te leef. Gebreke in die *twinship*-aspek van die **self** het gevoelens van andersheid, alleenheid en uniekheid tot gevolg, wat tot 'n belewenis van 'n gebrek aan verwantskap en onttrekking uit die samelewing kan lei.

In die psigoanalise is daar nie eenvormige perspektiewe op die self nie. Dit is dus nodig om al die verskillende perspektiewe uit te lig en dan vas te stel of dit 'n bydrae kan lewer tot en geïntegreer kan word by die basisteoretiese perspektiewe op die **self** (Longres, 2000:438; Pervin & Oliver, 1997:151-160).

## 3.3.7 Evaluering van die psigoanalitiese perspektiewe op die **self**

Freud se *ego* (wat as die voorloper van die **self** beskou kan word), is die resultaat van konflik tussen onbewuste en seksuele drange. Die self word dus as 'n slagoffer van die genoemde drange beskou. Daar is reeds in hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3.1, aangetoon dat die Bybel die mens as 'n verantwoordelike wese wat in vryheid keuses maak, beskou. *Enige teorie wat uitgaan van 'n mensbeskouing wat aanvaar dat die mens se gedrag deur faktore buite homself gedetermineer word, perk daarmee die mens se vryheid in* (Knouwds, 1990:62). Freud se teorie impliseer dat die mens se gedrag deur sy drifte en drange bepaal word, dat die mens nie beheer daaroor het nie en daarom ook nie verantwoordelik gehou kan word vir sy optrede nie (Hart, 1992:193). Freud se perspektiewe is dus nie net vreemd aan die Bybel nie, maar ook moeilik versoenbaar daarmee. As sodanig is Freud se *ego* moeilik versoenbaar in die fokus van hierdie studie.

Volgens Adler moet die inherente **self** sosiaal, eerder as biologies, beskou word. Die **self** kom tot uitdrukking in 'n persoon se leefstyl. Adler ondersteun dus die belangrikheid van die mens as sosiale wese. Wat ook belangrik is, is die idee dat die self kreatief en selfbepalend is. Hierdie standpunt stem ooreen met die basisteoretiese standpunt dat God die mens vry geskape het. Wat wel nie aanvaarbaar vir die basisteoretiese perspektiewe is nie, is Adler se siening van die wyse waarop 'n persoon se leefstyl tot uitdrukking kom, naamlik die wisselwerking tussen 'n persoon se selfkonsep, ideale self, eksterne verwagtinge en waardes – wat moet lei tot selfliefde en -vertroue.

Alhoewel dit oënskynlik so lyk, het Jung se "Self" min raakpunte met die ander psigoanalitiese teorieë oor die **self**. By Jung vervang die Self die *superego* en nie die *ego* nie. Die Self as

grondvorm (archetype) van 'n kollektiewe onderbewussyn wat terugreik in die verlede, is vreemd aan die Bybel. Jung se "Self"-teorie is dus moeilik versoenbaar in die fokus van hierdie studie.

Erikson sluit aan by Adler met sy psigososiale beskouing oor die mens se ontwikkeling. Die self is die resultaat van bepaalde psigososiale krisisse wat tydens 'n spesifieke fase bemeester of nie bemeester word nie, wat lei tot die ontwikkeling van bepaalde egokragte of -swakhede. Erikson se ontwikkelingsteorieë is dus moeilik versoenbaar in die fokus van hierdie studie.

Hartmann was die eerste van die psigoanalitici wat op die konflikvrye area van die *ego* gefokus het. Hy het tussen die *ego* en **self** gedifferensieer. Vir hom was die **self** die resultaat van oorerwing, instinkte en invloede van buite. Die inagneming van die invloede van buite in die vorming van die self is belangrik vir 'n metateoretiese perspektief op die **self**.

Dit gaan vir Kohut om die ontwikkeling van die ware self in die konteks van ondersteunende, interpersoonlike verhoudings (Conn, 1997:5). Om 'n samehangende, ware **self** te ontwikkel, het 'n persoon selfobjekte nodig. Selfobjekte is ander mense wat later 'n abstrakte objek, soos God, kan word. Selfobjekte moet spesifiek in drie behoeftes van die kind voorsien. Die eerste behoefte is dié van aanvaarding en aanmoediging wat tot 'n realistiese waardering van selfwaarde lei. Die tweede behoefte is dié van sekuriteit wat tot die internalisering van krag, reëls en regulasies lei. Die derde behoefte is dié van gelykheid wat tot die ontwikkeling van vaardighede en die opdoen van kennis lei. Dit is dus duidelik dat die rol van verhoudings hoog aangeslaan word deur Kohut. Die self groei, lewe en word hernu in 'die konteks van verhoudings' (Olthuis, 1989:320) en as sodanig kan dit 'n belangrike bydrae lewer tot 'n metateoretiese perspektief op die **self**.

## 3.4 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self**

### 3.4.1 Carl Rogers

Die sleutelgedagte in Rogers se teorie van persoonlikheid is die **self**. Die individu neem eksterne objekte waar en heg betekenis daaraan. Die totale sisteem van persepsies en betekenisse maak die individu se fenomenologiese veld uit. Daardie gedeeltes of fenomenologiese veld wat deur die individu as "**self**" of "ek" gesien word, maak die **self** uit. Die **self**konsep verteenwoordig 'n georganiseerde en konstante patroon van persepsies. Alhoewel die **self** verander, behou dit altyd hierdie geïntegreerde, georganiseerde kwaliteit. 'n Verdere belangrike punt wat Rogers maak, is dat die **self** primêr 'n bewuste konsep is. Verwant aan die konsep van die **self**, is die **ideale self**. Dit is die **self**konsep wat die individu die graagste sou wou besit. Verder het Rogers klem op verandering en **self**aktualisering gelê. Die mens het 'n basiese tendens tot **self**aktualisering. Dit behels 'n tendens om te groei; om van afhanklikheid na onafhanklikheid te beweeg, vanaf onveranderlikheid en rigiditeit na 'n proses van verandering en vryheid van spraak.

'n Belangrike bydrae van Rogers is die drie voorwaardes vir groei, naamlik egtheid, onvoorwaardelike respek en empatie. Dit het die belangrikheid van luister, omgee en begrip tydens die hulpverleningsproses, met ander woorde die skep van 'n veilige ruimte vir die kliënt, beklemtoon.

Die konsep van die **self**, soos deur Rogers ontwikkel, veronderstel dat daar bestendigheid oor tyd en in verskillende situasies sal wees. Die wyse waarop 'n mens homself beskou op een tydstip in 'n spesifieke situasie hou verband met sy sienswyse van homself tydens ander tye en situasies. Dit veronderstel ook 'n geheel in plaas van 'n samestelling van 'n klomp onverwante dele (Meier *et al.*, 2004:307-308; Gilliland & James, 1998:110-114; Pervin & Oliver, 1997:171-191).

## 3.4.2 Kurt Goldstein

In ooreenstemming met Rogers, was Goldstein ook van mening dat die mens se hoofmotief **self**aktualisering is. Volgens hom is alle aspekte van menslike funksionering basies 'n uitdrukking van die aktualisering van die **self**. Elke mens beskik oor die innerlike potensiaal om hom**self** tydens die groeiproses te realiseer (Pervin & Oliver, 1997:209-210).

## 3.4.3 Abraham Maslow

Maslow (1943:370-382) se motiveringsteorie is gegrond op dertien vooronderstellings, waarvan die volgende een van belang is:

- Menslike behoeftes rangskik hul**self** in hiërargieë van '*pre-potency*'. Dit beteken dat die teenwoordigheid van 'n behoefte gewoonlik rus op die voorafgaande bevrediging van 'n ander, meer basiese behoefte. Elke behoefte of drang is verwant aan die bevrediging of onbevrediging van ander behoeftes of drange.

Maslow gaan dan voort om sy teorie soos volg te verduidelik: aan die onderpunt van die hiërargie is fisiologiese behoeftes. Dit is basiese behoeftes soos lug, kos en water en word beskou as die vertrekpunt vir motivering. Indien hierdie behoeftes nie bevredig word nie, kan die individu nie oorleef nie. Sodra die fisiologiese behoeftes betreklik bevredig is, kom daar 'n tweede vlak van behoeftes na vore, naamlik veiligheid. Daar moet 'n sekere mate van beskerming teen die omgewing wees. Wanneer beide die fisiologiese en veiligheidsbehoeftes bevredig is, kom die behoefte aan liefde en toegeneentheid na vore. Liefde en aanvaarding is noodsaaklik vir 'n vol lewe. Die vierde vlak is agting, status en **self**respek. Volgens Maslow het almal 'n behoefte of begeerte na stabiele **self**agting en -respek sowel as die agting en respek van ander. Die hoogste vlak is die behoefte aan **self**aktualisering. 'n Persoon moet doen waarvoor hy toegerus is. *What a man can be, he must be* (Maslow, 1943:382).

### 3.4.4 Evaluering van die persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self**

Alhoewel die aanname van die fundamentele goedheid van die mens bevraagteken kan word, beteken dit nie dat die persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die mens totaal verwerp moet word nie en kan die uitgangspunt van groei onvoorwaardelik aanvaar word (Meier *et al.*, 2004:226). Sentraal in die persoonsgeoriënteerde perspektiewe staan die **self**. Die regte omgewing is belangrik vir die **self** om te ontwikkel, naamlik egtheid, respek en empatie. Daar moet ook eers aan die basiese behoeftes, soos veiligheid, voldoen word om die **self** in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. Hierdie sienswyse stem ooreen met die Bybelse siening (2.5.2.1).

## 3.5 Leerteoretiese perspektiewe op die **self**

### 3.5.1 John Watson

Watson was die stigter van die psigologiese benadering wat as *behaviorisme* bekend staan. Behaviorisme het die bestudering van waarneembare gedrag beklemtoon, wat dus die studie van introspeksie uitgesluit het. Watson het 'n oproep gedoen om objektiewe metodes te gebruik en om 'n einde te maak aan die spekulasie oor wat binne-in 'n mens aangaan. Hy het later die werk van Pavlov by sy eie werk geïnkorporeer (Meier *et al.*, 2004:107; Longres, 2000:450; Pervin & Oliver, 1997:300-301).

### 3.5.2 Ivan Pavlov

Krediet vir die ontwikkeling van die teorie van klassieke kondisionering word gewoonlik aan Pavlov toegeken. In sy eksperimente met honde, het hy gevind dat die honde, net by die aanskoue en hoor van die eksperimenteerder, reeds begin om speeksel af te skei omdat die hond die eksperimenteerder met kos assosieer. Pavlov het ook aversiekondisionering by

honde ondersoek deur die toediening van elektriese skokke. As gevolg van veralgemening sal dieselfde gekondisioneerde reaksie plaasvind by die toediening van 'n stimulus, soortgelyk aan die eerste (Meier *et al.*, 2004:103-105; Longres, 2000:448-450; Pervin & Oliver, 1997:302-306).

### 3.5.3 B.F. Skinner

Die basis van Skinner se operante kondisioneringsprosedure is die beheer van gedrag deur die manipulasie van beloning en straf. 'n Sleutelkonsep in Skinner se benadering is reaksie (*response*). 'n Reaksie verteenwoordig 'n eksterne, waarneembare gedragspatroon wat verband hou met omgewingsgebeure. Skinner het 'n onderskeid getref tussen 'n respons op 'n eksterne stimulus en 'n spontane respons wat nie met 'n eksterne stimulus geassosieer kan word nie. Sulke response het hy operante reaksies genoem. Die leerproses behels hoofsaaklik die assosiasie van die reaksie met gebeure in die omgewing. 'n Gebeure (stimulus) wat volg op 'n reaksie en wat die moontlikheid van die herhaling van die reaksie tot gevolg kan hê, het Skinner 'n versterker (*reinforcer*) genoem. Gedrag kan dus beheer word deur die keuses van reaksies wat versterk word. Vir Skinner was dit onbelangrik om niewaarneembare en onmeetbare konstrukte, soos persoonlikheid, gemoedstoestand, gevoelens en intensies, te bestudeer (Debell & Harless, 1992:70; Meier *et al.*, 2004:109-110; Longres, 2000:450; Pervin & Oliver, 1997:315-320).

### 3.5.4 Hull, Dollard & Miller

Die stimulus-responsteorie (S-R-teorie) is deur mense soos Hull, Dollard & Miller ontwikkel. Soos by Skinner, is die sleutelkonsep hier ook die respons. Waar Skinner egter min betekenis geheg het aan die stimulus wat tot die respons lei en met die respons geassosieer word, was die S-R-teoretici van mening dat die stimuli aan die response gekonnekteer raak om 'n S-R-band te vorm. So 'n band is 'n gewoonte genoem en volgens hulle bestaan die mens se persoonlikheid hoofsaaklik uit aangeleerde gewoontes, of S-R-bande. Soos 'n mens opgroei, word daar 'n groot klomp gewoontes geakkumuleer, wat met mekaar in verband staan, in 'n hiërargie van belangrikheid. Die rol van nabootsing (*imitation*) word ook beklemtoon. Daar

word ook klem gelê op drange (primêr en sekondêr) wat uit interne stimuli bestaan en wat dan tot response lei (Pervin & Oliver, 1997:328-333).

### 3.5.5 Evaluering van die leerteoretiese perspektiewe op die **self**

In die leerteoretiese perspektiewe wat hierbo bespreek is, speel strukturele konsepte soos die **self**, nie eintlik 'n rol nie. Terwyl strukture (soos die **self**) onderbeklemtoon word, word baie aandag aan die prosesse van leer tydens spesifieke situasies gegee. Die bestudering van waarneembare gedrag is beklemtoon. Daar kan derhalwe bloot oor die self gespekuleer word en die **self** bestaan dus bloot uit 'n aantal aangeleerde gewoontes. Volgens Meier en andere (2004:109) is behaviourisme wel met Christenskap verenigbaar. 'n Belangrike konsep van behaviourisme is nabootsing. Dit beklemtoon die belangrikheid van modellering. Volwassenes het dus die verantwoordelikheid om voorbeeldige rolmodelle vir kinders te wees.

## 3.6 Kognitiewe & sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self**

### 3.6.1 George Kelly

Kelly se teorieë verskil van die voorafgaande teorieë in die opsig dat dit gedrag in kognitiewe terme interpreteer, met ander woorde, dit benadruk die wyse waarop die mens gebeure waarneem, dit interpreteer in verhouding met reeds bestaande strukture en hoe die mens dan optree in verhouding tot hierdie interpretasies. Dit benadruk die konstruksie van die wêreld deur 'n persoon en dit is 'n kognitiewe proses. Kelly se teorie staan bekend as die *persoonlike konstrukteorie*. Vir Kelly is 'n konstruk die manier waarop gebeure waargeneem of geïnterpreteer word. 'n Individu se persoonlike konstruksisteem bestaan uit konstrukte en die verhoudings tussen hierdie konstrukte. Volgens Kelly is die mens essensieel op die toekoms

gerig. Die mens is ook in staat om die omgewing te verteenwoordig in plaas van om slegs daarop te reageer.

In Kelly se terme is die mens vry om gebeure te konstrueer. maar die mens is dan deur sy konstrukte gebind. Die mens is egter in staat om vryheid keer op keer terug te wen deur sy omgewing en die lewe te herkonstrueer en op grond hiervan is die mens dus nie 'n slagoffer van sy verlede of huidige omstandighede nie.

Volgens Patrick (2005:17) het Kelly sy idees in elf gevolgtrekkings verduidelik. Hulle is:

- Die mens probeer betekenis gee aan gebeure deur te soek na patrone van *hou van* of *hou nie van nie*.
- Die konstrukte wat so gevorm word. is bipolêr – waarvan een pool bo die ander verkies word.
- Die mens wend sy konstrukte aan vir 'n reeks van gebeure.
- Konstrukte hou verband met mekaar en word in 'n klassifikasie van konstrukte geïnkorporeer.
- In die laer vlakke is daar nie noodwendig 'n logiese verband tussen die konstrukte nie.
- Konstrukte verander in ooreenstemming met ondervinding.
- In gesonde individue is konstrukte behoorlik deurdringbaar.
- Die mens kies pole van konstrukte wat sy sisteme sal uitbrei of definieer.
- Elke mens se psigologiese sisteme is uniek.
- 'n Persoon kan iemand anders se sisteme verstaan en sodoende empatiseer.
- 'n Persoon kan soortgelyke sisteme as ander hê en sodoende net soos hulle voel.

Kelly se teorieë rakende die self kan soos volg saamgevat word: 'n persoon se persoonlikheid (**self**) bestaan uit sy konstruksisteem. 'n Persoon gebruik konstrukte om sy wêreld te interpreteer en om gebeure te antisipeer. Die konstruk wat 'n persoon dus gebruik, definieer sy wêreld. Mense verskil van mekaar in terme van die inhoud van hulle konstrukte, die organisasie van hulle konstruksisteme en hoe oop hulle is vir verandering van hierdie sisteme (Pervin & Oliver, 1997:348-357).

## 3.6.2 Albert Bandura & Walter Mischel

Sosiaal-kognitiewe teorieë beklemtoon die sosiale oorsprong van gedrag en die belangrikheid van kognitiewe denkprosesse in alle aspekte van menslike gedrag. Volgens die sosiaal-kognitiewe teorie is gedrag situasie-spesifiek en openbaar mense kenmerkende gedragspatrone in situasies. Hierdie kenmerkende situasie-gedragspatrone word as bepalend vir die mens se persoonlikheid (**self**) gesien. Sosiaal-kognitiewe teorieë is besig om baie veld te wen op akademiese en kliniese gebied en word die beste deur die werk van Bandura en Mischel verteenwoordig.

Teenswoordige sosiaal-kognitiewe teorieë beskou die mens as aktief in die gebruik van kognitiewe prosesse om gebeure voor te stel, om die toekoms te antisipeer, in die uitvoer van keuses en in kommunikasie met ander.

Volgens Bandura kan gedrag verduidelik word in terme van 'n interaksie tussen die persoon en sy omgewing. 'n Mens word deur die omgewing beïnvloed, maar hy kan ook kies hoe om op te tree. So beïnvloed 'n mens ander se gedrag, maar word ook deur ander se optrede beïnvloed.

Drie strukturele konsepte is van belang in die persoonlikheidstruktuur van die sosiaal-kognitiewe teorieë. Hulle is: verwagtingsoortuigings, bekwaamheidsvaardighede en doelwitte. Die belangrikheid van 'n persoon se verwagtinge in terme van gebeure en oortuigings wat hy van homself het, word beklemtoon.

Die sosiaal-kognitiewe konsep van die **self** verwys na prosesse wat deel is van 'n persoon se psigologiese funksionering. In 'n sekere sin het 'n persoon nie 'n struktuur wat *die* ***self*** genoem word nie, maar eerder **self**prosesse wat deel van die persoon is. Daar word gesuggereer dat 'n mens **self**konsepte en **self**beherende prosesse het wat van tyd tot tyd en van situasie tot situasie kan verskil

'n Belangrike aspek van Bandura se persepsie van die **self** wat sentraal in sy denke geword het, was *selfdoeltreffendheid*, of die voorgestelde vermoë om spesifieke situasies te kan hanteer. Selfdoeltreffendheid verwys na 'n persoon se beoordeling betreffende sy vermoë om in 'n spesifieke taak of situasie op te tree. Doelwitte verwys na 'n persoon se vermoë om die toekoms te antisipeer en selfgemotiveerd te wees. Dit is doelwitte wat 'n persoon begelei in die vasstelling van prioriteite en organisering van gedrag. Laastens speel kognitiewe bekwaamheidsvaardighede, dit is 'n persoon se vermoë om probleme op te los, 'n belangrike rol in hoe 'n persoon in 'n spesifieke situasie optree.

In terme van motiveringsprosesse is twee begrippe belangrik. Die een is dat 'n persoon oor interne standaarde beskik om sy eie en ander se gedrag te evalueer. Die tweede konsep is selfbevestiging. Deur self-evaluerende prosesse soos prys en skuld, is 'n persoon in staat om homself te beloon wanneer aan standaarde voldoen is of homself te straf wanneer daar nie aan die standaarde voldoen is nie (Meier *et al.*, 2004:122-124; Longres, 2000:451-453; Pervin & Oliver, 1997:400-414).

### 3.6.3 Evaluering van die kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self**

Kelly het gedrag in terme van kognisie geïnterpreteer. Die manier waarop gebeure waargeneem en geïnterpreteer word, het hy 'n konstruk genoem. 'n Persoon se konstrukte en al die verhoudings tussen die konstrukte word 'n konstruksisteem genoem. 'n Persoon se persoonlikheid (**self**) bestaan uit sy konstruksisteem. Volgens Kelly is die mens in staat om vryheid keer op keer terug te wen deur sy omgewing en die lewe te herkonstrueer en op grond hiervan is die mens dus nie 'n slagoffer van sy verlede of huidige omstandighede nie. Kognisie is nie vreemd aan die Bybel nie. Die Christen word opgeroep om die Here met sy hele verstand lief te hê en om toe te laat dat God sy denke vernuwe.

Bandura en Mischel het die belangrikheid van die sosiale oorsprong sowel as die belangrikheid van kognitiewe denkprosesse in gedrag beklemtoon. Gedrag is situasie-spesifiek en mense openbaar kenmerkende gedragspatrone in spesifieke situasies. Hierdie

kenmerkende situasie-gedragspatrone word as bepalend vir die mens se persoonlikheid (**self**) gesien. Die sosiaal-kognitiewe konsep van die **self** verwys na prosesse wat deel is van 'n persoon se psigologiese funksionering. In 'n sekere sin het 'n persoon nie 'n struktuur wat *die self* genoem word nie, maar eerder **self**prosesse wat deel van die persoon is. Daar word gesuggereer dat 'n mens **self**konsepte en **self**beherende prosesse het wat van tyd tot tyd en van situasie tot situasie kan verskil. Nog 'n belangrike aspek van die persepsie van die **self** was *selfdoeltreffendheid*, of 'n persoon se voorgestelde vermoë om spesifieke situasies te kan hanteer. Die belangrikheid van modellering word ook hier beklemtoon.

## 3.7 Empiriese studie

### 3.7.1 Inleiding

Die doel van die empiriese studie is om die rol van die **self** tydens lewenskrisisse en -probleme vas te stel. Daar is van twee vraelyste en persoonlike onderhoude gebruik gemaak om vas te stel watter rol die **self** in krisisse en probleme speel.

### 3.7.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe studie. Die navorser het op die fenomenologiese strategie besluit. 'n Fenomenologiese studie beskryf die betekenis van verskeie individue se belewenis van 'n verskynsel, 'n onderwerp of 'n konsep (De Vos, 2004:268).

### 3.7.3 Die kwalitatiewe navorsingsproses

Tabel 3.1 vat die kwalitatiewe navorsingsproses, soos in De Vos (2004:127-149) uiteengesit, saam. Fases een en twee is reeds in hoofstuk een behandel en daarom gaan die navorser nou met fase drie voort.

**Tabel 3.1: Die kwalitatiewe navorsingsproses**

| KWALITATIEWE NAVORSINGSPROSES | |
|---|---|
| **FASES** | **STAPPE** |
| 1. KEUSE VAN PROBLEEMSTELLING | 1. Identifiseer 'n navorsbare probleem |
| 2. PROBLEEMFORMULERING | 2. Assesseer die geskiktheid van die navorsingsbenadering |
| | 3. Formuleer die probleem/vrae/ hipoteses |
| | 4. Skryf die navorsingsvoorstel |
| **3. BEPLANNING** | **5. Kies 'n paradigma** |
| | **6. Kies 'n navorsingstrategie** |
| | **7. Insameling van data** |
| **4. IMPLEMENTERING** | **8. Steekproef en loodsstudie** |
| **5. INTERPRETASIE EN AANBIEDING** | **9. Kwalitatiewe data-ontleding en interpretasie** |
| | **10. Die kwalitatiewe navorsingsverslag** |

## 3.7.4 Beplanning

Die beplanningsfase van die navorsingsproses behels drie stappe, naamlik die keuse van 'n paradigma, die keuse van 'n navorsingstrategie en insameling van data

Die eerste ding wat 'n navorser moet doen, is om die paradigma wat die studie ten grondslag lê, te omskryf (Fouché & Delport, 2004:265, 266). Hulle verduidelik verder dat alhoewel 'n paradigma nie noodwendig belangrike vrae beantwoord nie, dit die rigting aandui na waar om na die antwoorde te gaan soek en dat dit dan grootliks die antwoorde gaan bepaal.

Nadat die navorser sy paradigma bepaal het, moet vasgestel word tot watter mate teorie en 'n literatuurstudie gebruik moet word om die empiriese studie te lei (Fouché & Delport, 2004:266). Die navorser het reeds tot sekere gevolgtrekkings rakende die **self** van die mens gekom (vgl. paragrawe 2.6 & 3.7). Hierdie aannames sal dus 'n belangrike rol speel in die empiriese navorsing en in die manier van hoe vraelys A (sien bylaag A) opgestel word. Die gevolgtrekkings/aannames soos in paragraaf 2.6 van hoofstuk twee en paragraaf 3.7 van hoofstuk drie uiteengesit, is soos volg:

- Die **self** kan as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word. Wanneer daar dus na die **self** verwys word, word die mens in totaliteit bedoel en omgekeerd.
- Die mens se waarde as mens is onberekenbaar, want in soverre hy beeld van God is, is hy toegerus vir sy taak op aarde.
- As gevolg van die sondeval word die beeld van God in die mens geskend en verkeer die mens in 'n toestand van skaamte.
- Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens en herstel so sy waarde in Christus.
- Alhoewel die mens in Christus waarde het, is daar 'n bipolêre spanning tussen waarde en skaamte. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan waarde by die mens en die mens moet voortdurend teen skaamte stry.
- Die mens is alleenlik mens in verhoudings en die mens beleef liefde (sekuriteit) in verhouding met God, medemens en natuur.
- Waar liefde (sekuriteit) 'n gegewe was binne die mens se verhoudings voor die sondeval, het dit nou plek gemaak vir vrees.
- Deur versoening in Christus herstel God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings soos Hy dit voor die sondeval bedoel het.
- Alhoewel die mens in Christus se liefde (sekuriteit) binne verhoudings herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen liefde en vrees. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan posisie by die mens en die mens moet voortdurend teen vrees stry.
- Die mens is in die posisie aangestel as God se verteenwoordiger. Die mens kies in vryheid en verantwoordelikheid hoe om uitdrukking aan hierdie posisie te gee.

- Die mens doen afstand van sy posisie as verteenwoordiger van God. Die gevolg is dat die sondige mens in 'n toestand van skuld leef (selfregverdiging en blaamverplasing) en so die balans tussen vryheid en verantwoordelikheid versteur.
- God spreek die mens vry in Christus Jesus en herstel die verloste mens se outoriteit oor sonde en die slegte.
- Alhoewel die mens in Christus se posisie as God se verteenwoordiger herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen die mens se posisie as vrygespreekte in Christus en sy toestand van skuld. Daar bestaan 'n voortdurende behoefte aan posisie en die mens moet voortdurend teen skuld stry.
- Die mens is 'n sosiale wese en die **self** kom tot volle vervulling binne verhoudings. Die mens bevind hom binne 'n bepaalde omgewing en omstandighede en as sulks is hy aan invloede van buite blootgestel.
- Daar moet aan die veiligheidsbehoeftes van die mens voldoen word om die **self** in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer.
- Aangesien kinders deur nabootsing leer, is dit volwassenes se verantwoordelikheid om voorbeeldige rolmodelle vir kinders te wees.
- Hierdie perspektiewe rig 'n appèl op die menslike verstand. Die mens se verstandsdimensie speel dus 'n belangrike rol in die **self** van die mens.

Bogenoemde aannames vorm dus 'n sterk raamwerk van *wat* bestudeer gaan word en *hoe* dit bestudeer gaan word. Daarom word vraelys A op hierdie aannames gegrond. Buiten hierdie vraelys, het die navorser ook 'n gestandaardiseerde ekometriese assesseringskaal, naamlik die Selfpersepsieskaal (SPS), gebruik (sien bylaag B). Hierdie skaal is ook tot 'n groot mate op bogenoemde aannames gegrond (Faul & Hanekom, 2005:53,54).

Vraelys B, die Selfpersepsieskaal (SPS), is gebruik met toestemming van Perspektief Training College, Potchefstroom. Die SPS is 'n papier-en-potlood assesseringsinstrument wat die graad, intensiteit en omvang van drie dimensies van die **self** vasstel. Die SPS bevat 19 items en dit neem ongeveer vyf minute om te voltooi en om 'n rekenaardrukstuk te genereer, neem ook ongeveer vyf minute. Die drie totale van elke konstruk word gebruik om 'n grafiese profiel voor te berei om die interpretering te vergemaklik (Faul & Hanekom, 2005:43).

Die SPS meet die volgende drie dimensies van die **self**:

- **Vrees (Innerlike Onsekerheid)**
  Innerlike onsekerheid is die ondervinding van die individu dat hy bang is om emosioneel seer te kry, dat hy verwerp sal word en dat hy sal misluk. So 'n persoon is van mening dat hy nie op homself kan staatmaak nie, dat sy omstandighede geen of min sekuriteit verskaf en dat die toekoms vir hom/haar duister is.

- **Skuld**
  Skuld sentreer rondom die individu se persepsie dat hy nie sy lewe verantwoordelik bestuur nie. Die belewenis van die persoon sentreer rondom die aanvaarding van skuld vir alles wat verkeerd gaan. So 'n persoon vind dit moeilik om homself te vergewe vir foute wat hy maak en hy veroordeel en blameer homself voortdurend.

- **Skaamte (Nutteloosheid)**
  Dit is die persepsie van die individu dat hy onbelangrik is en niks beteken nie. So 'n persoon voel hy het geen waarde nie en skaam hom vir homself. Hy voel ook hy verdien geen respek nie.

Die volgende stap is om 'n navorsingstrategie te selekteer. Vyf strategieë word geïdentifiseer om kwalitatiewe navorsing te beplan (Fouché, 2004:272):

- Biografie
- Fenomenologie
- Begronde teorie
- Etnografie
- Gevallestudie

Aangesien die navorser op die fenomenologiese strategie besluit het, word slegs hierdie strategie kortliks bespreek. 'n Fenomenologiese studie beskryf die betekenis van verskeie individue se belewenis van 'n verskynsel, 'n onderwerp of 'n konsep (Fouché, 2004:273). Die navorser verminder dan al die verskillende belewenisse na 'n sentrale betekenis of essensie

en die produk van die navorsing is dan die essensie van die konsep wat bestudeer is. Fouché verduidelik verder dat die navorser in staat moet wees om al die respondente se lewenswêrelde of *Sitz im Leben* te betree. Om dít reg te kry, maak die navorser hoofsaaklik van onderhoude as metode van data-insameling gebruik.

Die volgende stap in die beplanningsfase is die wyse van die insameling van data. Onderhoudvoering is die predominante wyse waarop data in kwalitatiewe studies ingesamel word (Greeff, 2004:292). Daar is verskillende tipes onderhoude, soos byvoorbeeld die gestruktureerde onderhoud, die ondersoekende onderhoud, die beradingsonderhoud, die dagboekonderhoud, die etnografiese onderhoud en die informele/ongestruktureerde onderhoud (Greeff, 2004:297). Greeff verduidelik verder dat hierdie tipes onderhoude in drie basiese benaderings gegroepeer kan word, naamlik:

- **Die informele gespreksonderhoud**
  Hierdie benadering stem ooreen met 'n gesprek, waartydens respondente soms kan vergeet dat hulle ondervra word.

- **Die begeleide onderhoud**
  Hierdie benadering gebruik 'n basiese kontrolelys om seker te maak dat alle relevante onderwerpe gedek word.

- **Die gestandaardiseerde oop vraag-onderhoud**
  Hier berei die navorser 'n stel oop vrae voor wat noukeurig bewoord en gerankskik word om 'n afwyking in die vrae wat gevra word, te minimaliseer.

Die navorser het besluit om van laasgenoemde benadering gebruik te maak. Vraelys A word as basis gebruik op grond waarvan die gesprekvoering tydens die onderhoude plaasvind. Die navorser beplan om agt-en-sestig respondente by die ondersoek te betrek deur die invul van vraelyste A en B. Dit kan as die loodsstudie beskou word (vgl. Greeff, 2004:300). Na die bestudering van hierdie data, word vier respondente gekies om persoonlike onderhoude mee te voer. Die SPS van die agt-en-sestig respondente, sowel as die vier respondente se onderhoudsinligting, sal in hierdie hoofstuk bespreek en geïnterpreteer word.

## 3.7.5 Implementering

Die implementeringsfase van die kwalitatiewe navorsingsproses behels net een stap, naamlik die steekproef en loodsstudie

Alhoewel steekproewe ook in kwalitatiewe navorsing gebruik word, is dit minder gestruktureerd as by kwantitatiewe navorsing (Strydom & Delport, 2004:333-336). Hulle verduidelik verder dat die steekproef by kwalitatiewe navorsing baie keer eers plaasvind nadat die ondersoek al begin het. Die steekproef vind nie plaas op grond van verteenwoordiging nie, maar eerder op grond van versadiging. Die grootte van die steekproef word ook nie statisties bepaal nie. Hulle onderskei verder verskillende tipes steekproewe:

- **Die doelgerigte steekproef**
  Hier word 'n bepaalde respondent gekies omdat die respondent 'n kenmerk of proses wat belangrik is vir die bepaalde studie, openbaar.

- **Die teoretiese steekproef**
  Hier word slegs spesifieke sake bestudeer om meer presiese inligting te bekom wat meer lig op die ontwikkelende teorie kan werp. Dit probeer dus idees verfyn en nie om die oorspronklike steekproef te vergroot nie.

- **Die afwykende gevallestudie-steekproef**
  Hierdie steekproef word gebruik wanneer die navorser gevalle selekteer wat van die dominante patroon of eienskappe van ander gevalle afwyk. Die navorser hoop om meer van die verskynsel te leer wat buite die normale patroon val.

- **Die opeenvolgende steekproef**
  Hierdie steekproef hou aan om gevalle en data in te samel totdat die hoeveelheid van nuwe inligting of die diversiteit van gevalle voltooi is. Die beginsel is om data in te samel totdat 'n versadigingspunt bereik is.

☼ **Die sneeubal-steekproef**

Hierdie steekproef is gerig op individue wat moeilik bekombaar is. Die navorser versamel data van die paar lede van die populasie wat hy kan lokaliseer en verkry dan inligting van hierdie individue om hom in staat te stel om ander lede van daardie populasie te lokaliseer.

☼ **Die vrywillige steekproef**

'n Probleem wat 'n navorser hier kan ondervind, is dat die vrywilligers nie geskik vir die ondersoek mag wees nie. Vrywillige steekproewe werk goed wanneer die respondente aan mekaar bekend is. Vrywilligers kan ook die navorsingsproses versnel.

Die respondente wat die navorser in hierdie studie gebruik, is almal individue wat vrywillig vir berading aangemeld het. Hierdie stap kan as die loodsstudie beskou word. Vanuit die groep van agt-en-sestig respondente is die volgende vier respondente geselekteer om onderhoude mee te voer:

**Tabel 3.2: Die vier respondente waarmee onderhoude gevoer is**

| **Respondent** | **Geslag** | **Ouderdom** | **Huwelikstatus** |
|---|---|---|---|
| **1** | Vroulik | 41 | Getroud |
| **2** | Manlik | 30 | Ongetroud |
| **3** | Vroulik | 56 | Getroud |
| **4** | Vroulik | 21 | Ongetroud |

## 3.7.6 Interpretasie en aanbieding

Hierdie fase van die kwalitatiewe navorsingsproses bestaan uit twee stappe, naamlik kwalitatiewe data-ontleding en interpretasie, en die kwalitatiewe navorsingsverslag.

Waar die kwantitatiewe navorser amper 'n voortdurende obsessie met geldigheid en betroubaarheid het, moet die kwalitatiewe navorser fokus op die inhoudelike en substansie

van sy data (De Vos, 2004:339). De Vos verduidelik verder dat die interpretasie van die data die proses is om orde, struktuur en betekenis aan 'n magdom van versamelde data te gee.

### 3.7.6.1 Resultaat van agt-en-sestig respondente

**Tabel 3.3: Resultaat van Selfpersepsieskaal van 68 respondente**

| **Konstruk** | **Kliniese Afsnypunt** | **Gemiddeld van groep** | **Persentasie oorgeaktiveer** |
|---|---|---|---|
| **Vrees (Innerlike Onsekerheid)** | 25 | 52 | 93 |
| **Skuld** | 25 | 42 | 79 |
| **Skaamte (Nutteloosheid)** | 25 | 41 | 68 |

Tabel 3.3 toon die gemiddelde resultate van die agt-en-sestig respondente wat die SPS voltooi het. Kliniese afsnypunte is 'n belangrike interpreteringshulpmiddel. Dit help om aan te toon of 'n respondent 'n probleem het in die area wat gemeet word (Faul & Hanekom, 2005:59). In terme van die SPS is die kliniese afsnypunt 25, wat dus beteken dat, indien die konstruk hoër as 25% geaktiveer is, die respondent 'n probleem in die betrokke area het. Tabel 3.3 toon aan dat die gemiddelde telling van Vrees (Innerlike Onsekerheid), Skuld sowel as Skaamte (Nutteloosheid) oorgeaktiveer is. Verder toon die tabel dat by 93% van die respondente, Vrees (Innerlike Onsekerheid) oorgeaktiveer is, terwyl dit onderskeidelik 79% en 68% by Skuld en Skaamte (Nutteloosheid) is. Hierdie respondente het almal vrywillig vir hulpverlening aangemeld omdat hulle te midde van 'n lewenskrisis en/of probleemsituasie gestaan het. Te midde van hierdie lewenskrisis is daar dus by hierdie groep 'n oorweldigende belewenis van vrees (innerlike onsekerheid), skuld en skaamte (nuttelloosheid). 'n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat daar dus 'n groot behoefte aan liefde (sekuriteit), posisie en waarde teenwoordig is.

☼ **Gevolgtrekking**

Dit blyk dat lewenskrisisse en/of probleme 'n negatiewe impak op die **self** van die mens het.

## 3.7.6.2 Resultaat van individuele respondente

**Respondent 1**

Respondent 1 is 'n een-en-veertigjarige getroude huisvrou. Sy raak maklik op 'n subjektiewe en emosionele wyse by ander mense (en diere) se leed en lyding betrokke. Sy sal dan ook ten alle koste ander mense se probleme probeer oplos en hulle help en bystaan. Wanneer sy nie kan help nie, frustreer dit haar baie. Dit veroorsaak dat sy in argumente met haar huismense betrokke raak, omdat dit lyk asof hulle haar nie verstaan nie. Dit veroorsaak dat sy emosioneel bedreig en onseker voel. As gevolg van hierdie innerlike onsekerheid, vind sy dit moeilik om mense wat haar te na gekom het, te konfronteer. Haar broer is oorlede in 'n tyd toe hy en haar man kwaai vriende was. Dit het veroorsaak dat sy aan geweldige skuldgevoelens lei. As gevolg hiervan sal sy baie keer die skuld neem vir iets waaraan sy onskuldig is, om sodoende iemand anders die seer te spaar. Van haar familielede (moeder en susters) het ook haar vertroue in hulle geskok, met die gevolg dat sy wantrouig en bang is om weer in verhoudings seer te kry. Sy is ook verskriklik bang om een van haar gesinslede aan die dood af te staan. Hierdie vrees het ontstaan met die skielike afsterwe van haar broer. Sy is afhanklik van ander se goedkeuring en het 'n behoefte aan nabyheid om veilig te voel.

**Tabel 3.4: Respondent 1**

| Konstruk | Kliniese Afsnypunt | Resultaat |
|---|---|---|
| **Vrees (Innerlike Onsekerheid)** | 25 | 82 |
| **Skuld** | 25 | 91 |
| **Skaamte (Nutteloosheid)** | 25 | 87 |

Tabel 3.4 toon aan dat respondent 1 se drie konstrukte oorgeaktiveer is. Hoe verder 'n spesifieke konstruk bo 25% geaktiveer is, hoe 'n groter is die probleem in die spesifieke area. Sy beleef dus intense belewenisse van vrees (innerlike onsekerheid), skuld en skaamte (nutteloosheid). Dit korreleer met haar agtergrondgegewens. Dit blyk dat sy waarskynlik 'n onvermoë het om só met haar omstandighede te handel dat dit tot waarde, liefde (sekuriteit)

en posisie lei. Dit is so omdat sy waarskynlik waarde, liefde (sekuriteit) en posisie by mense soek en nie besef dat God waarde, liefde (sekuriteit) en posisie in Christus skenk nie.

☼ **Gevolgtrekking**

Die respondent se lewenskrisisse het 'n negatiewe impak op haar belewing van waarde, liefde (sekuriteit) en posisie as mens en dit lei tot intense belewenisse van skaamte (nutteloosheid), vrees (innerlike onsekerheid), skuld.

## Respondent 2

Respondent 2 is 'n dertigjarige ongetroude jongman. Hy het in 'n pastorie grootgeword en is die jongste van twee kinders. Hy voer vanaf tienjarige ouderdom 'n stryd teen afloerdery, masturbasie en pornografie. Hy het nooit 'n goeie verhouding met sy pa gehad nie. Hy kon dus nooit sy probleem sinvol met sy pa bespreek nie. As student het hy by 'n charismatiese kerkgenootskap aangesluit en die pastoor in sy vertroue geneem. Die pastoor kon ongelukkig ook nie die situasie tot sy bevrediging hanteer nie. As gevolg van sy probleem, kon respondent 2 nooit 'n normale, gesonde verhouding met die teenoorgestelde geslag aanknoop nie, want hulle word telkens net 'n voorwerp van afloerdery. Hy beleef homself as 'n mislukking omdat hy nie sy probleem kan oorwin nie.

**Tabel 3.5: Respondent 2**

| Konstruk | Kliniese Afsnypunt | Resultaat |
|---|---|---|
| **Vrees (Innerlike Onsekerheid)** | 25 | 50 |
| **Skuld** | 25 | 37 |
| **Skaamte (Nutteloosheid)** | 25 | 45 |

Dit blyk uit tabel 3.5 dat al drie respondent 2 se konstrukte oorgeaktiveer is. Dit blyk dus dat hy vrees (innerlike onsekerheid), skuld en skaamte (nutteloosheid) beleef. Dit is in ooreenstemming met sy agtergrondinligting en omstandighede.

### ☼ Gevolgtrekking

Respondent 2 se klaarblyklike onvermoë om sy afhanklikheid te oorwin het 'n negatiewe impak op sy belewing van liefde (sekuriteit), posisie en waarde as mens en dit lei tot belewenisse van veral vrees (innerlike onsekerheid) en skaamte (nutteloosheid).

## Respondent 3

Respondent 3 is 'n vyf-en-sestig jaar oue dame en met 'n alkoholis getroud. Ten tye van die onderhoud was hy in 'n rehabilitasiesentrum opgeneem. Sy en haar broer is as kinders deur 'n stiefma mishandel. Sy het haar pa as 'n swakkeling beskou wat geen beskerming of ondersteuning aan hulle kinders gegee het nie. Sy het op 'n tydstip in haar lewe die bestaan van God heeltemal ontken. Respondent 3 het 'n geskiedenis van finansiële onstabiliteit. Haar eerste man was ontrou aan haar en sy het van hom geskei toe hul seuntjie maar 'n paar maande oud was. Na haar egskeiding soek sy weer na God en vind 'n tuiste by 'n charismatiese kerkgenootskap. Sy moes later na 'n buurland vlug om van haar eksman se vervolging en teistering te ontvlug. Gelukkig emigreer hy later Europa toe en sy trou met die eerste en beste man ter wille van finansiële oorlewing. Hy sterf egter vyf maande later aan alkoholvergiftiging en sy verloor weer eens alles. Van toe af was haar werksomstandighede baie wisselvallig en sy kon nooit 'n stabiele werk kry nie. Sy ontmoet toe haar huidige man en trou met hom in die hoop dat dit aan haar finansiële stabiliteit sou gee. Sy drinkgewoonte het egter 'n uiters nadelige uitwerking op hulle geldelike omstandighede. Sy verdink hom ook dat hy beplan om haar te vermoor en is angsbevange vir die dag wanneer hy uit die rehabilitasiesentrum ontslaan gaan word.

**Tabel 3.6: Respondent 3**

| Konstruk | Kliniese Afsnypunt | Resultaat |
|---|---|---|
| **Vrees (Innerlike Onsekerheid)** | 25 | 87 |
| **Skuld** | 25 | 40 |
| **Skaamte (Nutteloosheid)** | 25 | 72 |

Dit blyk uit tabel 3.6 dat respondent 3 se drie konstrukte oorgeaktiveer is. Vrees (Innerlike Onsekerheid) en Skaamte (Nutteloosheid) is baie ver oorgeaktiveer. Dit beteken dat die intensiteit van vrees (onsekerheid) en skaamte (nutteloosheid) baie hoog is. Haar intense behoefte aan liefde (sekuriteit) en waarde soek sy in 'n liefdelose huwelik ter wille van finansiële sekuriteit.

☼ **Gevolgtrekking**

Respondent 3 se lewenskrisisse het 'n negatiewe impak op veral haar belewing van liefde (sekuriteit), en waarde as mens en dit lei tot intense belewenisse van vrees, en skaamte (nutteloosheid).

## Respondent 4

Respondent 4 is 'n een-en-twintigjarige, ongetroude jong dame. Sy het as alleenkind grootgeword en is, volgens haar, deur haar ouers bederf. Haar ma was ook oorbeskermend teenoor haar. Sy gebruik gewigsbeheermiddels vanaf 'n baie jong ouderdom, omdat haar ma haar as oorgewig beskou het. Sy is verskeie kere seksueel gemolesteer asook twee keer verkrag. Sy toon afwisselend simptome van anorexia en bulimie. Na 'n mislukte selfmoordpoging het sy seksueel losbandig gelewe en ook 'n aborsie ondergaan. Na skool het sy tot bekering gekom en vir langer as twee jaar 'n vaste verhouding gehad. Die verhouding is egter beëindig nadat die man erken het dat hy homoseksueel is. Sy is nou verlief op 'n ander man wat ook homoseksueel is.

**Tabel 3.7: Respondent 4**

| Konstruk | Kliniese Afsnypunt | Resultaat |
|---|---|---|
| **Vrees (Innerlike Onsekerheid)** | 25 | 65 |
| **Skuld** | 25 | 62 |
| **Skaamte (Nutteloosheid)** | 25 | 63 |

Dit blyk uit tabel 3.7 dat respondent 4 se drie konstrukte oorgeaktiveer is. Sy beleef dus belewenisse van vrees (innerlike onsekerheid), skuld en skaamte (nutteloosheid). Dit korreleer met haar agtergrondgegewens.

☼ **Gevolgtrekking**

Respondent 4 se lewenskrisisse het 'n negatiewe impak op haar belewing van liefde (sekuriteit), posisie en waarde as mens en dit lei tot belewenisse van vrees, skuld en skaamte (nutteloosheid).

## 3.7.7 Samevatting en gevolgtrekking

By al 68 respondente het elkeen se spesifieke lewenskrisis en/of -probleem 'n negatiewe impak op hulle liefde (sekuriteit), posisie en/of waarde as mens gehad en het dit gelei tot belewenisse van vrees, skuld en/of skaamte (nutteloosheid). Dit impliseer 'n behoefte aan liefde (sekuriteit), posisie en/of waarde by al die respondente.

Die empiriese studie ondersteun die stelling in paragraaf 2.6.1 van hoofstuk twee, naamlik dat die **self** as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou kan word. Dit is duidelik uit die empiriese studie dat die **self** die totale mens verteenwoordig. Wanneer die **self** negatief geraak word, impliseer dit dat die totale mens negatief beïnvloed word – en omgekeerd. Wanneer die berader dus die **self** tydens berading aanspreek, word met die hele mens gewerk.

# 3.8 Samevattende metateoretiese perspektiewe op die **self** van die mens

## 3.8.1 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self**

Die mens is 'n sosiale wese en die **self** kom tot volle vervulling binne verhoudings. Die mens bevind hom binne 'n bepaalde omgewing en omstandighede en as sodanig is die mens aan invloede van buite blootgestel.

## 3.8.2 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self**

Daar moet aan die veiligheidsbehoeftes van die mens voldoen word om die **self** in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer.

## 3.8.3 Leerteoretiese perspektiewe op die **self**

Aangesien kinders deur nabootsing leer, is dit volwassenes se verantwoordelikheid om voorbeeldige rolmodelle vir kinders te wees.

## 3.8.4 Kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self**

Hierdie perspektiewe rig 'n appèl op die menslike verstand. Die mens se verstandsdimensie speel dus 'n belangrike rol in die **self** van die mens.

### 3.8.5 Empiriese studie

Die **self** kan as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word. Wanneer die **self** negatief geraak word, impliseer dit dat die totale mens negatief beïnvloed word – en omgekeerd.

## 3.9 Slotopmerkings

In hoofstuk twee is die basisteoretiese perspektiewe op die **self** bespreek. Die metateoretiese perspektiewe op die **self** is in hoofstuk drie bespreek, terwyl 'n empiriese studie ook gedoen is. Daar sal nou voortgegaan word in hoofstuk vier om riglyne voor te stel vir die ontwerp van 'n praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep vir pastorale berading. Dit sal gedoen word deur die basis- en metateoretiese perspektiewe te integreer deur analise, interpretasie, keuring en ordening.

# HOOFSTUK 4

# 'n Voorgestelde praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep vir pastorale berading

## 4.1 Inleiding

In hoofstuk een is aangetoon dat die geldige verstaan en aanwending van die **self** in pastorale berading essensieel is, aangesien dit nie net die resultate waarna gestreef word, beïnvloed nie, maar ook die wyse waarop berading gedoen word. Daar is verder ook aangetoon dat die **self** as die kernbeginsel van menslike gedrag beskou kan word en dat dit sodoende een van die belangrikste konsepte vir insig in en verstaan van die mens is. In hoofstuk twee is ondersoek ingestel na Bybelse en pastoraal-teologiese perspektiewe op die **self** van die mens, om 'n basisteorie te vorm. 'n Metateorie is gevorm, deur in hoofstuk drie ondersoek in te stel na psigologies-humanistiese perspektiewe op die **self** van die mens, terwyl 'n empiriese studie ook gedoen is. Die doel van hierdie hoofstuk is om riglyne voor te stel vir die ontwerp en aanwending van 'n praktykteorie met betrekking tot 'n **self**konsep vir pastorale berading. Dit sal gedoen word deur die hermeneutiese wisselwerking tussen basis- en metateorieë wat in die vorige hoofstukke versamel is, te analiseer, te interpreteer, te keur en te orden en dan die praktykteorie te formuleer.


## 4.2 'n Praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep

### 4.2.1 Die pastorale beradingsproses

Die beradingsproses kan in die volgende drie fases ingedeel word (Egan, 2002:10-12):

- Assessering van die huidige situasie
- Ontwikkeling van 'n visie
- Strategie

Na aanleiding van die basis- en metateoretiese perspektiewe op die **self** (hoofstukke twee en drie), kan die beradingsproses soos volg voorgestel word:




**Figuur 4.1: Die pastorale beradingsproses**

### 4.2.1.1 Die skep van 'n veilige ruimte

Vanuit die persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self**, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar aan die veiligheidsbehoeftes van die mens voldoen moet word om die self in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer (3.7.2). Die houding van die berader sowel as sy gespreksvaardighede is derhalwe deurslaggewend vir die skep van 'n liefdevolle, aanvaardende en empatiese karakter van die pastorale gesprek (Louw, 1999:305). Volgens Mack (1994a:175) moet die berader by die beradene betrokke raak deur die verhouding op medelye, respek en egtheid te bou.

### 4.2.1.2 'n Appèl op die menslike verstand

Volgens die kognitiewe perspektiewe op die **self**, speel die verstandsdimensie 'n belangrike rol in die **self** van die mens (3.6.3). Tydens berading word daar dus 'n appèl op die menslike verstand gerig. Volgens Louw (1999:243) moet die menslike denkprosesse as 'n integrale deel van die menslike persoon beskou word, maar moet ook in ag geneem word dat emosies en denke mekaar beïnvloed.

Aangesien toerusting 'n belangrike deel van pastorale berading is (Mack, 1994b:251), sal die berader homself daarvan moet vergewis dat die beradene wel verstandelik in staat is om die toerusting te ontvang. Waar 'n beradene se verstandsdimensie byvoorbeeld emosioneel oorspoel is, sal die berader eers aandag moet gee aan die beradene se emosionele funksionering voordat 'n appèl op die verstandsdimensie gerig kan word.

### 4.2.1.3 Omgewingsinvloede

Die mens bevind hom binne 'n bepaalde omgewing en omstandighede en as sodanig is die mens aan invloede van buite blootgestel (3.3.7). In die lig hiervan sal die berader moet vasstel tot watter mate die beradene se omstandighede 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene het. Baie keer word so op die mens self gefokus, dat die omstandighede uit die oog verloor word. 'n Blote verandering van omstandighede (indien moontlik) is dan veel eerder 'n oplossing vir die probleem. Indien 'n verandering van omgewing nie moontlik is nie, moet die beradene begelei word om sy omgewing meer effektief te bestuur.

### 4.2.1.4 Rolmodelle

Aangesien kinders deur nabootsing leer, is dit volwassenes se verantwoordelikheid om navolgingswaardige rolmodelle vir kinders te wees (3.8.3). Die berader sal ondersoek moet instel tot watter mate rolmodelle in die beradene se lewe 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene gehad het, of nog het. Dit sluit nou aan by die mens as verhoudingswese

(2.6.3). Die beradene kan ook gehelp word om rolmodelle te identifiseer wat behulpsaam kan wees in die hantering van die probleem.

#### 4.2.1.5 Assessering van huidige situasie

Alhoewel assessering hoofsaaklik gedurende die aanvangsfases van die beradingsproses uitgevoer word, is dit 'n deurlopende proses wat gedurende die hele beradingsproses plaasvind. Assessering is 'n aktiwiteit wat daarop gemik is om die beradene se kommer en probleemsituasie te verstaan en dan 'n plan van aksie te ontwikkel. Die assesseringsfase behoort die volgende vrae te beantwoord:

- Wat is die probleem, situasie of bekommernis?
- Wie word daardeur geraak?
- Waar en wanneer kom dit voor?
- Hoekom bestaan dit?
- Hoe kan dit opgelos word?

Daar is verskeie maniere van assessering:

- Direkte verbale vrae aan die kliënt (byvoorbeeld 'n persoonlike onderhoud).
- Direkte geskrewe vrae (byvoorbeeld die gebruik van vraelyste, inventarisse).
- Indirekte of projektiewe vrae aan die kliënt (byvoorbeeld voltooiing van 'n storie).
- Indirekte of projektiewe geskrewe vrae aan die kliënt (byvoorbeeld die voltooiing van sinne).
- Waarneming van die kliënt (byvoorbeeld rolspel).
- Self-monitering en self-observasie van die kliënt deur middel van 'n logboek of joernaal.
- Die gebruik van bestaande dokumente (byvoorbeeld skoolrekords, mediese rekords).

Die assesseringsfase kan ook as 'n leer- of opvoedingsproses beskou word. Dit gaan oor die vermoë om skeppend en op nuwe maniere na jou binne- en buitewêreld te kyk en dus om

nuwe perspektiewe op jou probleem te ontwikkel, sowel as om hierdie nuwe perspektiewe om te sit in aksie.

Die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk twee en die metateorietiese perspektiewe van hoofstuk drie kan in hierdie stadium geïnkorporeer word tydens die assesseringsfase. Die volgende riglyne kan gebruik word om 'n beradene te assesseer met betrekking tot die geldige verstaan van die **self** in terme van skaamte, vrees en skuld:

☼ **Skaamte (vgl. 2.5.1.2, 3.8.2 & 3.8.3)**

Die beradene se belewenis ten opsigte van **skaamte** word deur gesprekvoering vasgestel:

Die rol van omstandighede op sy belewenis van skaamte.
Die invloed van rolmodelle op sy belewenis van skaamte.
Skaamte vir self, ander en God.
Isolasie (wegkruip) van ander en die Here.
'n Oorweldigende besef dat die beradene in sigself sleg is (sondebesef).
Die meet van waarde aan sigbare sukses soos gesondheid, weelde en voorkoms.
Selftwyfel as 'n gevolg van skaamte.

Assessering vind plaas aan die hand van die bogenoemde riglyne om die beradene tot die geldige begrip van die gevolg van die sonde op die **self**, meer spesifiek *skaamte* as die teenpool van *waarde*, te begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy probleem en/of krisis te interpreteer in die lig van die volgende:

Deur die sondeval verklaar die mens homself onafhanklik van God, wat 'n verbreking van vertroue, 'n ongeoorloofde daad van wantroue en 'n verklaring van onafhanklikheid van God impliseer. Dit het tot gevolg dat die beeld van God in die mens gebreek is. Alhoewel die beeld van God nog steeds in die mens bestaan, is dit geskend en die fisiese energie van die **self** word nou gebruik om selfvernietigende doelwitte te bereik. Skaamte het te doen met 'n gebroke verhouding, die wegkruip en onttrekking van mekaar. Skaamte is nou 'n onwillekeurige reaksie by mense en 'n aanduiding van 'n innerlike tweestryd.

**Tuisopdrag**:

1. Tot hoe 'n mate probeer jy onafhanklik van God lewe?
2. Skaamte is 'n onwillekeurige reaksie by alle mense as gevolg van die sondeval (Gen. 2:25 & 3:7). Beskryf hoe jy jouself in terme van skaamte en selftwyfel beleef.
3. Watter rol speel jou omstandighede op jou belewenis van skaamte?
4. Wat is die invloed van rolmodelle op jou belewenis van skaamte?
5. Hoe dra jou belewenis van skaamte tot jou probleemsituasie by?
6. Watter rol speel skaamte in jou optrede en keuses?
7. Tot watter mate isoleer jy jouself van ander as gevolg van skaamte?
8. Hoe probeer jy om jou skaamte te bowe te kom?
9. Tot watter mate is hierdie pogings suksesvol?

☼ **Vrees (vgl. 2.5.2.2, 3.8.2 & 3.8.3)**

Die beradene se belewenis ten opsigte van **vrees** word deur gesprekvoering vasgestel:

Die rol van omstandighede op sy belewenis van vrees.

Die invloed van rolmodelle op sy belewenis van vrees.

Die belewenis van vrees en wantroue binne verhoudings.

Verhoudings wat verkeerd loop as 'n bron van vernietiging.

Die beradene se behoefte aan sekuriteit, aan intieme en liefdevolle verhoudings en die vervulling van hierdie behoeftes.

Die mate waardeur die beradene se optrede deur vrees (onsekerheid) beheer word.

Watter pogings aangewend word om vrees in liefde (sekuriteit) te omskep (byvoorbeeld geld en tydelike verhoudings).

Assessering vind plaas aan die hand van die bogenoemde riglyne om die beradene tot die geldige begrip van die gevolg van die sonde op die **self**, meer spesifiek *vrees* as die teenpool van *liefde (sekuriteit)*, te begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy probleem en/of krisis te interpreteer in die lig van die volgende:

As gevolg van die sonde, weier die mens om sy anker in God se liefde te vind. Die sondige mens soek nou sy vervulling in die wêreld (begeertes) en die mens word nou sy eie verwysingspunt (trots). Waar daar liefde, openheid en sekuriteit was, is daar nou vrees en wantroue. Verhoudings, wat veronderstel was om die bron van liefde en sekuriteit te wees, het die bron van vrees en vernietiging geword. Die mens het daarom nou 'n behoefte aan sekuriteit, aan intieme en liefdevolle verhoudings. Mense se hele bestaan wentel nou rondom die vervulling van hierdie behoefte aan liefde en sekuriteit. Sondige gedrag ontspring uit die mens se pogings om onafhanklik van God, sy basiese behoefte aan liefde (sekuriteit) te bevredig.

**Tuisopdrag**:

1. Tot watter mate weier jy om jou anker in God se liefde en jou vervulling in die wêreld te vind?
2. Vrees is 'n onwillekeurige reaksie by alle mense as gevolg van die sondeval (Gen. 3:10). Beskryf tot watter mate jy deur vrees beheer word.
3. Watter rol speel jou omstandighede op jou belewenis van vrees?
4. Wat is die invloed van rolmodelle op jou belewenis van vrees?
5. Hoe dra jou belewenis van vrees tot jou probleemsituasie by?
6. Watter rol speel vrees in jou optrede en keuses?
7. Tot watter mate isoleer jy jouself van ander as gevolg van vrees?
8. Hoe probeer jy om jou vrees te bowe te kom?
9. Tot watter mate is hierdie pogings suksesvol?

☼ **Skuld (vgl. 2.5.3.2, 3.8.2 & 3.8.3)**

Die beradene se belewenis ten opsigte van **skuld** word deur gesprekvoering vasgestel:

Die rol van omstandighede op sy belewenis van skuld.

Die invloed van rolmodelle op sy belewenis van skuld.

Die onvermoë om God te vertrou.

Die simptoom van skuld, naamlik die mens se geneigdheid om te blameer (vir alles wat fout gaan, soek die mens iemand anders om te blameer in die hoop om homself te verontskuldig en homself beter te laat voel).

Selfregverdiging.
Die verdraaiing van die waarheid.

Assessering vind plaas aan die hand van die bogenoemde riglyne om die beradene tot die geldige begrip van die gevolg van die sonde op die **self**, meer spesifiek *skuld* as die teenpool van *posisie*, te begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy huidige probleem en/of krisis te interpreteer in die lig van die volgende:

> Die mens was nie bereid om slegs verteenwoordiger van God te bly nie, want dit het afhanklikheid van God beteken. Die mens wou onafhanklik van God wees en verloën dus sy verantwoordelikheid en misbruik sy vryheid. Die mens wou nie sy oorspronklike posisie as aangesproke wese aanvaar nie. Die gevolg is dat die mens nou vanuit 'n toestand van skuld reageer. Dit behels 'n onvermoë om God te vertrou, 'n doelbewuste opstand teen sy gesag en 'n besluit om die mens die middelpunt van sy lewe te maak en die bron van sy eie selfvervulling. Die simptoom van hierdie skuld, is die mens se geneigdheid om te blameer (selfregverdiging en blaamverplasing).

**Tuisopdrag**:

1. Tot watter mate verloën jy jou verantwoordelikheid om God se verteenwoordiger te wees?
2. Skuld is 'n onwillekeurige reaksie by alle mense as gevolg van die sondeval (Gen. 3:12). Beskryf tot watter mate jy deur skuld beheer word.
3. Watter rol speel jou omstandighede op jou belewenis van skuld?
4. Wat is die invloed van rolmodelle op jou belewenis van skuld?
5. Hoe dra jou belewenis van skuld tot jou probleemsituasie by?
6. Watter rol speel skuld in jou optrede en keuses?
7. Tot watter mate is jy geneig om jouself te verontskuldig deur te blameer?
8. Hoe probeer jy om jou skuld te bowe te kom (deur byvoorbeeld vir posisie te veg)?
9. Tot watter mate is hierdie pogings suksesvol?

### 4.2.1.6 Ontwikkeling van 'n visie

Die uiteindelike uitdaging aan beraders is nie om maar bloot beradenes te help om hulle probleme te identifiseer en op te helder nie, maar om hulle te help om hulle probleme te hanteer. Die berader moet die beradene begelei om hom te verbind tot konstruktiewe groei en om 'n visie vir 'n beter toekoms te ontwikkel. Wat wil die beradene hê? Wat is die beradene se wense/begeertes? Hoe sal hierdie probleem lyk as dit opgelos is? Wat is die beradene se behoeftes? Daar moet ook 'n volgehoue verbintenis en motivering wees om die visie te realiseer.

Beginsels vanuit die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk twee, die metateoretiese perspektiewe van hoofstuk drie asook inligting wat deur die empiriese studie verkry is, kan hier geïnkorporeer word tydens die ontwikkeling van 'n visie. Die volgende riglyne kan gebruik word om 'n beradene te help met die ontwikkeling van 'n visie met betrekking tot die **self** in terme van liefde, posisie en waarde:

☼ **Waarde – die teenpool van skaamte (vgl. 2.5.1.1)**

Die beradene word begelei om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel ten opsigte van waarde met behulp van die volgende riglyne:

Hoe moet die beradene se omstandighede daar uitsien nadat die probleem hanteer is?

Die implikasie van die mens as die volle beeld van God, in kennis, geregtigheid en heiligheid.

Die doelwit van korrekte oordeel en emosies wat in harmonie met die rede is.

Die implikasie van die mens as die middelpunt van die skepping.

Die implikasie van die mens as die belangrikste van God se skeppingsdade – die kosbaarheid van die mens.

Die implikasie dat die mens toegerus is vir sy taak op aarde.

Die beradene word gehelp om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel aan die hand van die bogenoemde riglyne. Die beradene word tot die geldige begrip van die **self**, meer spesifiek *waarde* as die teenpool van *skaamte*, begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy visie te formuleer in die lig van die volgende waarde-beginsels as die teenpool van skaamte:

> Die mens is die volle beeld van God, in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Daarom kan die mens oor korrekte oordeel en emosies, wat in harmonie met die rede is, beskik. Die beeld van God is gesetel in die mens se geestelike voortreflikheid, wat in sy (die mens) se selfbewustheid en persoonlikheid manifesteer. Die mens is vir God kosbaar en daarom hoef geen mens ooit aan sy waarde as mens te twyfel nie.

**Tuisopdrag**:

1. Wat beteken dit vir jou dat jy as mens die belangrikste van God se skeppingsdade is?
2. Wat beteken dit vir jou dat jy as mens na die volle beeld van God, in kennis, geregtigheid en heiligheid, geskep is?
3. Wat is die implikasie vir jou dat jy as mens toegerus is vir jou taak op aarde?
4. Hoe moet jou omstandighede daar uitsien nadat die probleem hanteer is?
5. Hoe gaan jou lewe daar uitsien as jy beleef dat jy waarde in Christus het en dit uitleef?

☼ **Liefde (sekuriteit) – die teenpool van vrees (vgl. 2.5.2.1)**

Die beradene word begelei om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel ten opsigte van liefde (sekuriteit) met behulp van die volgende riglyne:

Hoe moet die beradene se drie sentrale verhoudings (God, medemens, natuur) daar uitsien nadat die probleem hanteer is?

Die implikasie van die mens se aangewesenheid op die res van die skepping.

Die implikasie van die mens se tuiste wat deur middel van omheining, afgrensing en inperking deur God aangetoon word.

Die implikasie van die natuurlike wêreld wat tot 'n veilige ruimte vir die mens georden is.

Hoe moet die beradene se kommunikasie daar uitsien sodat die verhoudingsbehoeftes vervul word?

Die implikasie van openheid, vertroue en intimiteit binne verhoudings.

Die implikasie van die Here wat in 'n intieme verhouding met die mens wil staan.

Die implikasie van liefde, sekuriteit, gehegtheid, warmte, aanvaarding, intimiteit en openheid binne verhoudings.

Die beradene word gehelp om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel aan die hand van die bogenoemde riglyne. Die beradene word tot die geldige begrip van die **self**, meer spesifiek *liefde (sekuriteit)* as die teenpool van *vrees*, begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy visie te formuleer in die lig van die volgende beginsels van liefde (sekuriteit) as die teenpool van vrees:

Die kontoere van die menslike bestaan lê binne die lewensruimte wat God vir die mens geskep het. God skep nie die mens te midde van chaos en wanorde en laat hom dan aan sy eie lot oor nie. Hy orden eers die natuurlike wêreld tot 'n veilige ruimte vir die mens. God skep 'n lewensruimte vir die mens waarbinne hy kan lewe, waarbinne kommunikasie kan plaasvind en waarbinne die mens se verhoudingsbehoeftes vervul kan word. Die diepste wese van die mens bestaan daarin dat hy sy menswees realiseer in die verhoudings waarin hy tot God, sy medemens en die natuur staan. Binne verhoudings (met God, medemens en natuur) beleef die mens liefde, sekuriteit, gehegtheid, warmte en aanvaarding. God skep hom binne verhoudings van liefde en sekuriteit en dis God wat die mens in hierdie ruimte van liefde en sekuriteit omvou.

**Tuisopdrag**:

1. Hoe moet die lewensruimte wat God vir jou geskep het, lyk?
2. Hoe moet jou verhoudings (God, medemens, natuur) daar uitsien nadat jou probleem hanteer is?
3. Hoe moet jou kommunikasie daar uitsien sodat jou verhoudingsbehoeftes vervul word?
4. Hoe moet jou openheid, vertroue en intimiteit binne verhoudings daar uitsien?
5. Hoe sal jou lewe daar uitsien wanneer daar liefde, sekuriteit, gehegtheid, warmte, aanvaarding, intimiteit en openheid binne jou verhoudings is?

☼ **Posisie – die teenpool van skuld (vgl. 2.5.3.1)**

Die beradene word begelei om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel ten opsigte van posisie, met behulp van die volgende riglyne:

Hoe moet die beradene se posisie daar uitsien nadat die probleem hanteer is?

Die implikasie van die mens wat as God se verteenwoordiger in die wêreld aangestel is.

Die implikasie van die mens se heersersopdrag waarin hy God verteenwoordig.

Die implikasie van die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en daaroor te heers.

Die implikasie van die koninklike status van die mens om namens God verantwoordelikheid vir die skepping te neem.

Die implikasie van die mens as vry en verantwoordelike wese.

Die beradene word gehelp om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel aan die hand van die bogenoemde riglyne. Die beradene word tot die geldige begrip van die **self**, meer spesifiek *posisie* as die teenpool van *skuld*, begelei. Deur middel van gesprekvoering word die beradene begelei om sy visie te formuleer in die lig van die volgende posisie-beginsels as die teenpool van skuld:

Die mens is as God se verteenwoordiger in die wêreld aangestel en geroep om God se beeld hier op aarde te verteenwoordig en ten toon te stel. Wanneer die mens sy

heerskappy uitoefen, as die een wat na die beeld van God geskep is, weerspieël hy God se genade en trou. Binne die konteks van die skepping kan die mens as koning, wat namens God regeer, gesien word. God dra sy koninklike gesag aan hom oor om namens God verantwoordelikheid vir die skepping te neem. Voortvloeiend uit hierdie oordrag van God se gesag aan die mens, is die verantwoordelikheid wat God aan hom toevertrou om vryheid van keuse te hê.

**Tuisopdrag**:
1. Wat is die implikasie vir jou dat jy as God se verteenwoordiger in die wêreld aangestel is?
2. Wat beteken dit vir jou dat jy koninklike status het om namens God verantwoordelikheid vir jou lewe te neem?
3. Wat beteken dit vir jou dat jy as vry en verantwoordelike wese geskep is?
4. Hoe moet jou posisie in Christus daar uitsien nadat jou probleem hanteer is?

### 4.2.1.7 Strategie

'n Strategie is die kuns om realistiese aksieplanne te identifiseer en te kies sodat die visie kan realiseer. Beradenes met 'n visie, maar met geen duidelike idee hoe om die visie te bereik nie, het steeds hulp nodig.

Die strategie word in twee fases ingedeel. Eerstens word die beradene deur middel van toepaslike Bybelstudie begelei om sy waarde in Christus te besef en dienooreenkomstig te leef. Daarna word die beradene begelei om dit prakties vanuit sy waarde in Christus te gaan toepas.

Beginsels vanuit die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk twee kan hier geïnkorporeer word tydens die implementering van 'n strategie. Omdat die antwoorde van die Bybelstudie baie persoonlik kan wees, kan die beradene gerus gestel word dat hy baie eerlik kan wees, aangesien die antwoorde konfidensieel bly. Dit bly sy keuse of hy dit met die berader wil bespreek. Om die inhoud vir die beradene meer toeganklik te maak, het die navorser besluit

om die inhoud in beginsels in te deel. Die volgende beginsels kan gebruik word om 'n beradene te help met die implementering van 'n strategie met betrekking tot die **self** in terme van wedergeboorte, versoening en vryspraak:

☼ **Die herstel van waarde deur wedergeboorte**

<table>
<tr><td colspan="2">Beginsels vanuit die Skrif rakende wedergeboorte (vgl. 2.5.1.3):</td></tr>
<tr><td>Beginsel 1:<br>God neem die inisiatief</td><td>Toepassing van die beginsel:</td></tr>
<tr><td>God neem die inisiatief (2 Kor. 5:18). Hy moet aan die sondige mens nuwe lewe gee voordat hy hom tot God kan bekeer.</td><td>Die nakoming van reëls, godsdienstige handelinge, wetsonderhouding en dissipline bring nie verlossing nie, maar 'n nuwe lewe in Christus wel.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Tuisopdrag:<br>1. Hoe moet die mens, volgens Kolossense 2:20-21 en 3:1-2, op God se inisiatief om te red, reageer?<br>Praktiese implikasies vir jou eie lewe:<br>.........................................................................................................................<br>.........................................................................................................................</td></tr>
<tr><td>Beginsel 2:<br>Die mens kan homself nie verlos nie</td><td>Toepassing van die beginsel:</td></tr>
<tr><td>Dit is duidelik uit die Skrif dat die mens homself nie kan verlos nie (Rom. 3:23-26). Redding kan alleen van God af kom.</td><td>Die mens wil nie in 'n verhouding met God staan nie en soek verlossing in wêreldse dinge (drank, dwelms, rykdom, kwalifikasies, ens). Die mens moet besef dat dit vrugtelose pogings is. Verlossing vind slegs in Christus plaas. Die mens se betrokkenheid by sy verlossing is:<br>die mens word deur geloof gered;<br>die mens moet Jesus se Naam aanroep; en<br>die mens moet hom bekeer (wegdraai van die sonde af en draai na God toe).</td></tr>
</table>

**Tuisopdrag:**

1. Hoekom is sondebelydenis nodig (Jer. 25:4-6; Eseg. 33:7-9; Mark. 1:4)?
2. Wat is die mens se betrokkenheid by sy verlossing na aanleiding van die volgende tekste?
   Johannes 3:16-18; Romeine 1:17; Efesiërs 2:8; Filippense 3:9
   Handelinge 4:12; Romeine 10:13
   Markus 1:15

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

| **Beginsel 3:** **Christus is die Middelaar tussen God en mens** | **Toepassing van die beginsel:** |
| --- | --- |
| Die mens het dus 'n Verlosser nodig en hierdie Verlosser het God in die Persoon van Jesus Christus na die aarde gestuur (Joh. 1:9-12). Jesus Christus kom betaal die losprys en herstel weer die verhouding tussen God en mens. Christus se kruisoffer maak van sondige mense nuwe mense, 'n nuwe skepping van God. | Jesus neem die mens se sondige natuur weg.<br>Die mens is saam met Christus gekruisig en opgewek. God het die mens saam met Christus lewendig gemaak deur die vergifnis van sonde. Hy het die skuldbewys teen die mens vernietig. Hy het elke mag en gesag ontwapen.<br>Christus is deur God gestuur om ons te kom red. Dit was nie toevallig nie, maar die koms van Jesus en die mens se redding was deur God beplan.<br>Jesus is die enigste *plek* waar die mens God se verlossing vind. |

**Tuisopdrag:**

1. Wat is die 5 dinge wat Jesus vir die mens doen (Kol 2:11-15)?
2. Wat beteken dit vir jou dat Christus deur God gestuur is om die mens te kom red (Gal. 4:4-5; 1 Joh. 4:14)?

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

| **Beginsel 4:** **Deur die wedergeboorte herstel God die mens na die oorspronklike beeld van God** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| Die mens kan nie die koninkryk van God sien as hy nie opnuut gebore word nie (Joh. 3:3). Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens (2 Kor. 5:17; Ef. 2:10). Soos God die hemel en aarde uit niks gemaak het (hemel en aarde kon niks bydra om geskep te word nie), so herskep God die mens tot iets radikaal nuuts en kon die mens ook niks bydra tot hierdie herskepping nie. God herstel dus die mens na sy oorspronklike plan met hom, na die oorspronklike beeld van God. | Wedergeboorte beteken om opnuut gebore te word (*om van bo gebore te word*). In Christus word die mens herskep om 'n nuwe mens te word.<br>Heelmaak sluit meer as saligheid in - die Here wil die mens ook herskep.<br>Christus is die perfekte beeld van God en deur die wedergeboorte word die beeld van Christus in die mens herstel. |

**Tuisopdrag:**

1. Wat beteken wedergeboorte vir jou (Joh. 3:1-21; 2 Kor. 5:17; Ef. 2:10)?
2. Wat beteken dit dat God die mens wil heelmaak?
3. Christus is die beeld van God (2 Kor. 4:4; Kol. 1:15). Deur die wedergeboorte word die beeld van Christus in die mens herstel (Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18). Hoe begryp jy wat wedergeboorte vir jou beteken?

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

.............................................................................................................................................................

.............................................................................................................................................................

| **Beginsel 5:** **God is bereid om weer voor te begin en van die mens se mislukking 'n sukses te maak** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| God word as 'n pottebakker voorgestel wat die mens uit stof skep (Gen. 2:7). Jeremia gebruik ook die beeld van die pottebakker (Jer. 18:1-12). God is bereid om weer voor met Sy volk (die beradene) te begin en van die mens se mislukking 'n sukses te maak. | Die mens kan elke dag nuut begin en uit die mislukkings van sy verlede opstaan. 'n Christen kan sy mislukkings op 'n unieke manier hanteer. Hy kan *waardig* misluk, homself *toestemming* gee om te misluk. Deur die genade van God, is 'n mislukking die begin van 'n nuwe lewe. |

**Tuisopdrag:**

1. God is soos 'n pottebakker (Gen. 2:7) wat bereid is om weer voor met jou te begin (Jer. 18:1-12). Hy wil weer van jou mislukking 'n sukses maak.

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

| **Beginsel 6:**<br>**Die mens is bestem om aan die beeld van Christus gelykvormig te word – dit veronderstel 'n proses** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| Alhoewel 'n verloste mens 'n nuwe skepping in Christus is, moet dit ook nog in die lewe van die mens verwerklik word (Kol. 3:10). In 'n sekere sin moet die mens nog word wat hy reeds in Christus is. Paulus verwys ook by verskeie geleenthede na hierdie bipolêre natuur van die verloste mens (Gal. 2:19-20; Gal. 5:17; Rom. 7:21-25). Byvoorbeeld, die mag van die sonde oor ons is reeds deur Christus verbreek (Rom. 6:2-11) en tog moet ons nog daagliks stry teen die sonde (Rom. 7:15-26). | Hoe meer 'n Christen van Christus af weet, hoe meer verander hy en hoe meer word hy soos Christus. Dit is 'n proses wat dwarsdeur ons lewe voortduur.<br>Die feit dat Christus in 'n gelowige lewe, gee hoop vir die toekoms.<br>'n Gelowige moet sy lewe deur die Gees van God laat beheer. God gee aan ons die oorwinning in Christus Jesus.<br>Die gelowige moet homself altyd daaraan herinner dat hy vir die sonde dood is. Die sonde is nie meer die gelowige se baas nie.<br>'n Lewe van oorwinning is slegs in Christus moontlik. Hoe meer die mens buite Christus om probeer leef, hoe meer sink hy in 'n ellendige doodsbestaan weg.<br>Slegs in voortdurende afhanklikheid van God kan die beeld van Christus in die mens realiseer. |

**Tuisopdrag:**

1. Die nuwe mens word al hoe meer vernuwe na die beeld van Christus (Kol. 3:10). Wat is die implikasies hiervan vir jou lewe?
2. Watter betekenis het dit vir jou dat Christus in jou lewe (Gal. 2:19-20)?
3. Paulus beskryf 'n spanning in 'n gelowige se lewe tussen die mens se sondige natuur en wat die Gees wil (Gal. 5:17; Rom. 7:21-25). Hoe behaal 'n gelowige oorwinning oor sy sondige natuur? Wat beteken dit vir jou?
4. Alhoewel die mag van sonde in die gelowige deur Christus verbreek is (Rom. 6:2-11), moet hy nog daagliks teen die sonde stry (Rom. 7:16-26). Beskryf jou eie situasie.

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

☼ **Die herstel van liefde (sekuriteit) deur versoening**

| **Beginsels vanuit die Skrif rakende versoening (vgl. 2.5.2.3):** | |
|---|---|
| **Beginsel 1:**<br>**Versoening impliseer die herstel van verhoudings deur die bloed van Jesus Christus** | **Toepassing van die beginsel:** |
| Omdat gebroke verhoudings die mens se primêre probleem is, behels God se herstel van die mens die herstel van verhoudings. Paulus verwys na hierdie herstelproses as versoening (Kol. 1:19-22). Deur die bloed van Christus het God die mens met Homself versoen en die vrede tussen God en mens herstel. | Versoening begin by God. Net Hy kan die mens met Hom versoen.<br>Jesus se sterwe het vir die mens versoening en lewe gebring.<br>As gevolg van Jesus se bloed is die mens se sondes vergewe, is die mens met ander Christene verenig en is die mag van die duiwels vernietig. |

**Tuisopdrag:**

1. Wie inisieer versoening (Rom. 5:6-8; 2 Kor. 5:18-19; Gal. 4:4-5)?
2. Hoe vind ware versoening plaas (Rom. 5:6, 10; Ef. 2:13, 16; Kol. 1:20)?
3. Wat is die resultaat van Jesus se versoenende bloed (Rom. 3:24-26; Ef. 2:14-17; Kol. 2:14-15)?

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

| **Beginsel 2: Die mens word deur versoening deel van die familie van gelowiges** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| Die mens word deel van 'n familie van gelowiges en dit is binne hierdie nuwe geloofsgemeenskap dat die mens weer liefde (sekuriteit) in verhouding met sy medemens beleef (Ef. 3:15). | 'n Gelowige moet by 'n geloofsgemeenskap en/of 'n ondersteuningsgroep inskakel.<br>Die geloofsgemeenskap het sy bestaan aan God te danke.<br>Binne 'n geloofsgemeenskap kan 'n gelowige innerlik sterk word, kan Christus deur geloof in die gelowige se hart woon, kan 'n gelowige in die liefde gewortel en gegrondves word, kan 'n gelowige Christus se liefde leer ken en vervul word met die volheid van God. |

**Tuisopdrag:**

1. Skakel jy tans by enige vorm van geloofsgemeenskap in? Indien nie, hoekom?
2. Aan wie het die gemeenskap van gelowiges sy bestaan te danke (Ef. 3:15)?
3. Waarvoor bid Paulus vir hierdie geloofsgemeenskap (Ef. 3:16-19)?
4. Hoe kan Paulus se gebed vir 'n geloofsgemeenskap 'n werklikheid word?

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

| **Beginsel 3: Alhoewel God die mens met Homself versoen het, moet dit nog in die lewe van die gelowige verwerklik word** | **Toepassing van die beginsel:** |
| --- | --- |
| Die mens leef nou binne 'n spanningsveld van hierdie twee pole, naamlik liefde en vrees. Alhoewel 'n verloste mens 'n nuwe skepping in Christus is en God 'n mens se liefde en sekuriteit binne verhoudings herstel het, moet dit ook nog in die lewe van die mens verwerklik word (Kol. 3:10). In 'n sekere sin moet die mens nog *word* wat hy reeds in Christus *is*. | Volgehoue geestelike groei bly die mens se verantwoordelikheid. Die gelowige moet dít wat hom aan sy ou aardgebonde lewe vasbind, doodmaak. Daarom moet 'n gelowige elke dag doelbewus besluit om volgens God se norme en waardes te lewe en op die krag van die Heilige Gees te vertrou. Die gelowige moet die ou lewe uittrek en die nuwe lewe wat van Christus kom, aantrek (soos 'n kledingstuk). Hoe meer 'n gelowige Christus leer ken, hoe meer verander hy en hoe meer word hy soos Christus. Dit is 'n proses wat dwarsdeur 'n mens se lewe voortduur. |

**Tuisopdrag:**

1. Ons gedrag verander as Christus in ons woon, want Hy verander ons sodat ons kan word wat ons veronderstel is om te wees. Bespreek hierdie stelling in die lig van Kol. 3:5-11.

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

☼ **Die herstel van posisie deur vryspraak**

| **Beginsels vanuit die Skrif rakende vryspraak (vgl. 2.5.3.3):** | |
| --- | --- |
| **Beginsel 1: Die mens word voor God gedaag om veroordeel te word** | **Toepassing van die beginsel:** |
| Die begrip *vryspraak* roep 'n hofsituasie op waar een party voor die hof gedaag om veroordeel te word. Dit hier gaan oor die vraag of die mens staande sal kan bly wanneer hy teen God se maatstaf gemeet word. | Solank as wat die mens vanuit skuld lewe, is hy in die skuld voor God en verdien hy God se straf en oordeel. |

**Tuisopdrag:**

1. Solank as wat die mens vanuit skuld lewe, bly hy skuldig voor God en verdien hy God se straf en oordeel (Rom. 1:18).

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

| **Beginsel 2: God spreek die mens vry op grond van Christus se verdienste** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| Vryspraak kom daarop neer dat die mens, sonder dat hy 'n bydrae daartoe kon lewer, deur God vrygespreek word. Hierdie vryspraak vind alleenlik uit God se genade plaas op grond van Christus se verdienste. God spreek die mens egter vry (Rom. 1:17) en hierdie vryspraak is 'n genadegawe van God (Rom. 5:17), wat die mens nie kan verdien nie (Rom. 3:28). Vryspraak is 'n onmiddellike aksie van God en dit is iets wat God doen; die mens kan dus geen bydrae lewer tot hierdie vryspraak nie. | God spreek die mens vry en hierdie vryspraak is 'n genadegawe van God, wat die mens nie kan verdien nie. Om hierdie vryspraak te ontvang, is berou egter nodig en moet dit in geloof ontvang word. Die mens kan geen bydrae tot vryspraak lewer nie.<br>God spreek die mens vry op grond van Christus se verdienste en daarom kan niemand die gelowige aankla nie.<br>Mense behoort dus nie skuldig te voel nie, maar berou te toon. Skuldgevoelens is selfsugtig en fokus op die self. Berou fokus op die ander persoon teen wie gesondig is en lei tot vergifnis en vryspraak. |

**Tuisopdrag:**

1. Op grond waarvan spreek God die mens vry (Luk. 18:13-14; Rom. 1:17; Hand. 13:39)?
2. Kan die mens hierdie vryspraak verdien (Rom. 5:17; Rom. 3:28)?
3. Op grond waarvan kan geen aanklag teen jou ingebring word nie (Rom. 8:31-34)?
4. Wat is die implikasie hiervan in terme van skuldgevoelens?

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

| **Beginsel 3: Deur vryspraak herstel God die mens se gesag oor sonde** | **Toepassing van die beginsel:** |
|---|---|
| Nog 'n gevolg van die mens se vryspraak in Christus, is dat die verloste mens se gesag oor sonde en die slegte herstel is (Mark. 6:7, 13; Joh. 20:22, 23). Die mens kan nou weer sy posisie as God se verteenwoordiger inneem. | Christene moet gewoond daaraan raak dat hulle vrygespreek is. Die gelowige sal elke oomblik van sy lewe moet besef dat hy reeds *in Christus* is en dan sy lewe daarvolgens inrig en sy outoriteit in Christus uitleef.<br>Om verteenwoordiger van God te wees, beteken ook om te dien. |

**Tuisopdrag:**

1. Die verloste mens se gesag oor sonde en die slegte is herstel (Mark. 6:7, 13; Joh. 20:22, 23). Bespreek.

**Praktiese implikasies vir jou eie lewe:**

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

# 4.3 Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens

☼ 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer. Die berader moet dus deur medelye, respek en egtheid aan die veiligheidsbehoeftes van die beradene voldoen. Slegs binne so 'n ruimte van liefde (sekuriteit), sal die beradene bereid wees om homself oop te stel.

☼ Emosies en denke beïnvloed mekaar wedersyds. Wanneer 'n beradene se verstandsdimensie emosioneel oorspoel is, sal die berader eers aandag moet gee aan die beradene se emosionele funksionering, sodat 'n appèl op die verstandsdimensie van die beradene gerig kan word. Dit is belangrik, aangesien toerusting 'n belangrike deel van die beradingsproses uitmaak.

- Die berader moet vasstel tot watter mate die beradene se omgewing en omstandighede 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene het en aksieplanne uitwerk om dit te behandel. In plaas van om net op die mens self te fokus, kan 'n verandering van omstandighede (indien dit prakties moontlik is), 'n makliker oplossing van die probleem wees. Indien 'n verandering van omgewing nie moontlik is nie, moet die beradene begelei word om sy omgewing meer effektief te bestuur.

- Die berader moet ondersoek instel tot watter mate rolmodelle in die beradene se lewe 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene gehad het, of nog het. Die beradene kan dan gehelp word om positiewe rolmodelle te identifiseer wat behulpsaam kan wees in die hantering van die probleem en wat die beradene kan ondersteun.

- Alhoewel assessering hoofsaaklik gedurende die aanvangsfases van die beradingsproses uitgevoer word, is dit 'n deurlopende proses wat gedurende die hele beradingsproses plaasvind. Hierdie fase is 'n leer- of opvoedingsproses vir die beradene, aangesien hy begelei word om skeppend en op nuwe maniere na homself en sy probleemsituasie te kyk en sodoende nuwe perspektiewe op homself en sy probleem ontwikkel.

- Assessering vind plaas met betrekking tot die geldige verstaan van die **self** in terme van skaamte, vrees en skuld. Die beradene word eerstens tot insig begelei om te verstaan wat die rol van sonde in sy lewe speel, naamlik 'n weiering om aan die morele wet van God te voldoen. Tweedens word die beradene begelei om die gevolg hiervan op die **self**, naamlik skaamte, vrees en skuld, te begryp.

- Die berader moet die beradene begelei om hom te verbind tot konstruktiewe groei en om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel. Indien die berader weet waarheen hy met sy lewe op pad is, kan daar volgehoue verbintenis en motivering wees.

- Die ontwikkeling van 'n visie vind plaas met betrekking tot die **self** in terme van waarde, liefde en posisie. Die beradene word begelei om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel in

terme van waarde (as teenpool van skaamte), liefde (as teenpool van vrees) en posisie (as teenpool van skuld).

- 'n Strategie is die kuns om realistiese aksieplanne te identifiseer en te kies, sodat die visie kan realiseer. Dit word in twee fases ingedeel. Eerstens word die beradene deur middel van toepaslike Bybelstudie begelei om sy waarde, liefde en posisie in Christus te besef en sy eie te maak. Daarna word die beradene begelei om dit prakties vanuit sy waarde, liefde en posisie in Christus te gaan uitleef.

- Die implementering van 'n strategie vind plaas met betrekking tot die **self** in terme van wedergeboorte, versoening en vryspraak. Die beradene word begelei om te besef dat sy waarde, liefde en posisie in Christus herstel is deur wedergeboorte, versoening en vryspraak. Hy moet nou leer om die bipolêre spanning tussen waarde en skaamte, liefde en vrees, en posisie en skuld effektief te bestuur.

# HOOFSTUK 5

# Finale Samevatting

## 5.1 Basisteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 2

### 5.1.1 Die self van die mens

Die **self** kan as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word. Wanneer daar dus na die **self** verwys word, word die mens in totaliteit bedoel – en omgekeerd.

### 5.1.2 Die mens as beeld van God

Die mens se waarde as mens is onberekenbaar, want in soverre hy beeld van God is, is hy toegerus vir sy taak op aarde.

As gevolg van die sondeval word die beeld van God in die mens geskend en verkeer die mens in 'n toestand van skaamte.

Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens en herstel Hy so sy waarde in Christus.

Alhoewel die mens in Christus waarde het, is daar 'n bipolêre spanning tussen waarde en skaamte. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan waarde by die mens en hy moet voortdurend teen skaamte stry.

### 5.1.3 Die mens as verhoudingswese

Die mens is alleenlik mens in verhoudings en die mens beleef liefde (sekuriteit) in verhouding met God, sy medemens en die natuur.

Waar liefde (sekuriteit) 'n gegewe was binne die mens se verhoudings voor die sondeval, het dit nou plek gemaak vir vrees.

Deur versoening in Christus herstel God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings, soos Hy dit voor die sondeval bedoel het.

Alhoewel die mens in Christus se liefde (sekuriteit) binne verhoudings herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen liefde en vrees. Daar bestaan voortdurend 'n behoefte aan posisie by die mens en hy moet voortdurend teen vrees stry.

### 5.1.4 Die mens as verteenwoordiger van God

Die mens is in die posisie aangestel as God se verteenwoordiger. Die mens kies in vryheid en verantwoordelikheid hoe om uitdrukking aan hierdie posisie te gee.

Die mens doen afstand van sy posisie as verteenwoordiger van God. Die gevolg is dat die sondige mens in 'n toestand van skuld leef (selfregverdiging en blaamverplasing) en so die balans tussen vryheid en verantwoordelikheid versteur.

God spreek hom vry in Christus Jesus en herstel die verloste mens se outoriteit oor sonde en die slegte.

Alhoewel hy in Christus in die posisie van God se verteenwoordiger herstel is, is daar 'n bipolêre spanning tussen die mens se posisie as vrygespreekte in Christus en sy toestand van skuld. Daar bestaan 'n voortdurende behoefte aan posisie en die mens moet voortdurend teen skuld stry.

# 5.2 Metateoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 3

## 5.2.1 Psigoanalitiese perspektiewe op die **self**

Die mens is 'n sosiale wese en die **self** kom tot volle vervulling binne verhoudings. Die mens bevind hom binne 'n bepaalde omgewing en omstandighede en as sodanig is hy aan invloede van buite blootgestel.

## 5.2.2 Persoonsgeoriënteerde perspektiewe op die **self**

Daar moet aan die veiligheidsbehoeftes van die mens voldoen word om die **self** in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer.

## 5.2.3 Leerteoretiese perspektiewe op die **self**

Aangesien kinders deur nabootsing leer, is dit volwassenes se verantwoordelikheid om voorbeeldige rolmodelle vir kinders te wees.

## 5.2.4 Kognitiewe en sosiaal-kognitiewe perspektiewe op die **self**

Hierdie perspektiewe rig 'n appèl op die menslike verstand. Die mens se verstandsdimensie speel dus 'n belangrike rol in die **self** van die mens.

### 5.2.5 Empiriese studie

Die **self** kan as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou word. Wanneer die **self** negatief geraak word, impliseer dit dat die totale mens negatief beïnvloed word en omgekeerd.

## 5.3 Praktykteoretiese perspektiewe op die **self** van die mens in hoofstuk 4

'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer. Die berader moet dus deur medelye, respek en egtheid aan die veiligheidsbehoeftes van die beradene voldoen.

Emosies en denke beïnvloed mekaar wedersyds. Wanneer 'n beradene se verstandsdimensie emosioneel oorspoel is, sal die berader eers aandag moet gee aan die beradene se emosionele funksionering sodat 'n appèl op die verstandsdimensie van die beradene gerig kan word. Dit is belangrik, aangesien toerusting 'n belangrike deel van die beradingsproses uitmaak.

Die berader moet vasstel tot watter mate die beradene se omgewing en omstandighede 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene het en aksieplanne uitwerk om dit te behandel. In plaas van om net op die mens self te fokus, kan 'n verandering van omstandighede (indien dit prakties moontlik is) 'n makliker oplossing van die probleem wees. Indien 'n verandering van omgewing nie moontlik is nie, moet die beradene begelei word om sy omgewing meer effektief te bestuur.

Die berader moet ondersoek instel tot watter mate rolmodelle in die beradene se lewe 'n negatiewe impak op die **self** van die beradene gehad het, of nog het. Die beradene kan dan gehelp word om positiewe rolmodelle te identifiseer wat behulpsaam kan wees in die hantering van die probleem en wat die beradene kan ondersteun.

Alhoewel assessering hoofsaaklik gedurende die aanvangsfases van die beradingsproses uitgevoer word, is dit 'n deurlopende proses wat gedurende die hele beradingsproses plaasvind. Hierdie fase is 'n leer- of opvoedingsproses vir die beradene, aangesien hy begelei word om skeppend en op nuwe maniere na homself en sy probleemsituasie te kyk en sodoende nuwe perspektiewe op sy probleem ontwikkel.

Assessering vind plaas met betrekking tot die geldige verstaan van die **self** in terme van skaamte, vrees en skuld. Die beradene word eerstens tot insig begelei om te verstaan wat die rol van sonde in sy lewe speel, naamlik 'n weiering om aan die morele wet van God te voldoen. Tweedens word die beradene begelei om die gevolg hiervan op die **self**, naamlik skaamte, vrees en skuld, te begryp.

Die berader moet die beradene begelei om hom te verbind tot konstruktiewe groei en om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel. Indien die berader weet waarheen hy met sy lewe op pad is, kan daar volgehoue verbintenis en motivering wees.

Die ontwikkeling van 'n visie vind plaas met betrekking tot die **self** in terme van waarde, liefde en posisie. Die beradene word begelei om 'n visie vir sy lewe te ontwikkel in terme van waarde (as teenpool van skaamte), liefde (as teenpool van vrees) en posisie (as teenpool van skuld).

'n Strategie is die kuns om realistiese aksieplanne te identifiseer en te kies sodat die visie kan realiseer. Dit word in twee fases ingedeel. Eerstens word die beradene deur middel van toepaslike Bybelstudie begelei om sy waarde, liefde en posisie in Christus te besef en sy eie te maak. Daarna word die beradene begelei om dit prakties vanuit sy waarde, liefde en posisie in Christus te gaan uitleef.

Die implementering van 'n strategie vind plaas met betrekking tot die **self** in terme van wedergeboorte, versoening en vryspraak. Die beradene word begelei om te besef dat sy waarde, liefde en posisie in Christus herstel is deur wedergeboorte, versoening en vryspraak. Hy moet nou leer om die bipolêre spanning tussen waarde en skaamte, liefde en vrees, en posisie en skuld effektief te bestuur.

## 5.4 Slot

Die **self** oefen 'n grondige invloed uit op die manier waarop berading gedoen word. Indien daar dus by die berader 'n skewe en/of onvoldoende idee oor die **self** bestaan, gaan dit sy hulpverlening beperk. By gebrek aan 'n geldige begrip van die self, bly pastorale berading sonder 'n geïntegreerde teoretiese basis en pastorale beraders minus 'n effektiewe praktiese waardering van hulle kliënte se begeertes en moontlikhede.

Hierdie studie toon dus duidelik aan dat 'n **self**konsep wat uit Skrif- en ander perspektiewe ontwerp is, met vrug in pastorale berading gebruik kan word.

## 5.5 Aanbevole terreine van studie

- Die rol van die **self** in die keuse van waardes.
- Die rol van die **self** in die keuse van vriende.
- Die rol van die **self** in die keuse van 'n lewensmaat.
- Die rol van die **self** in die keuse van 'n beroep.
- Die toets van die voorgestelde praktykteoretiese model.

# Uittreksel

In hierdie studie word 'n **selfkonsep** voorgestel wat as praktykteorie vir pastorale berading kan dien. Die prakties-teologiese model van Zerfass word gebruik om 'n basis-, meta- en praktykteorie te ontwikkel.

Die basisteoretiese perspektiewe toon aan dat die **self** as die kulminasie van al die dimensies/gesigshoeke van die mens beskou kan word. Drie dimensies van die **self** word onderskei na analogie van die mens wat na die beeld van God geskep is:

- *Imago Dei* as struktuur/toestand voor God – die mens as beeld van God – dit beklemtoon die **waarde** van die mens as skepsel van God.
- *Imago Dei* as relasionele begrip – die mens as verhoudingswese – dit gaan in essensie oor die belewenis van **liefde (sekuriteit)** in verhouding met God, medemens en natuur.
- *Imago Dei* as funksionele begrip – die mens as verteenwoordiger van God – dit gaan essensieel oor die **posisie** waarin die mens as God se verteenwoordiger aangestel is.

As gevolg van die sondeval word die beeld van God in die mens geskend en verkeer die mens in 'n toestand van:

- skaamte (as teenpool van waarde);
- vrees (as teenpool van liefde); en
- skuld (as teenpool van posisie).

Deur die wedergeboorte skep God 'n nuwe mens en herstel Hy so sy waarde in Christus. Deur versoening in Christus herstel God die liefde (sekuriteit) binne verhoudings soos Hy dit voor die sondeval bedoel het. God spreek die mens vry in Christus Jesus en herstel die verloste mens se posisie as verteenwoordiger van God. Alhoewel die mens in Christus waarde, liefde (sekuriteit) en posisie het, is daar 'n bipolêre spanning tussen:

- waarde en skaamte;
- liefde (sekuriteit) en vrees; en
- posisie en skuld.

Volgens die metateoretiese perspektiewe is die mens 'n sosiale wese en kom die **self** tot volle vervulling binne verhoudings. Die mens bevind hom binne 'n bepaalde omgewing en omstandighede en as sodanig is hy aan invloede van buite blootgestel. Daar moet aan die veiligheidsbehoeftes van die mens voldoen word om die **self** in staat te stel om sy volle potensiaal te verwesenlik. 'n Veilige ruimte van egtheid, respek en empatie moet geskep word om die self te aktualiseer. Aangesien kinders deur nabootsing leer, is dit volwassenes se verantwoordelikheid om voorbeeldige rolmodelle vir kinders te wees. Hierdie perspektiewe rig 'n appèl op die menslike verstand. Die mens se verstandsdimensie speel dus 'n belangrike rol in die **self** van die mens.

Riglyne vir die ontwerp en aanwending van 'n praktykteorie vir die aanwending van 'n **self**konsep vir pastorale berading word ten slotte voorgestel.

# Sleutelterme

- self
- selfkonsep
- pastoraal

# Abstract

This study introduces a **self** concept that can serve as practice theory for pastoral counselling. The practical theological model of Zerfass is used to develop a basis, meta and practice theory.

The basis theoretical perspectives indicate that the **self** may be viewed as the culmination of al the dimensions of perception of man. Three dimensions of the self may be distinguished, after the analogy of man as creation of God.

☼ *Imago Dei* as structure/condition before God – man as the image of God – this emphasizes man's **worth** as creation of God.

☼ *Imago Dei* as relational concept – man as a relationship being – this is essentially about experiencing **love (security)** in relationship with God, fellow man and nature.

☼ *Imago Dei* as functional concept – man as representative of God – this essentially deals with the **position** in which man is appointed as representative of God.

As a result of the fall of man the image of God in man is scarred and he exists in a condition of:

☼ Shame (as the opposite of worth);
☼ Fear (as the opposite of love); and
☼ Guilt (as the opposite of position).

Through the process of regeneration God creates a new person and in so doing restores man's worth in Christ. Through reconciliation in Christ God restores the love (security) within relationships as He had in mind before the fall. God acquits the person in Christ Jesus and restores the saved person's position as representative of God. Although man possesses love (security) and position in Christ, a bipolar tension exist between:

- Worth and shame;
- Love (security) and fear; and
- Position and guilt.

According to the meta theoretical perspectives man is a social creature and his/her **self** comes to fulfilment (with)in relationships. Man finds himself in a certain environment and circumstances and as such is subject to external influences. Man's need for security must be heeded in order for the **self** to realize its full potential. A safe place for genuineness, respect, and empathy must be created to actualise the self. Seeing that children learn through imitation, it is the responsibility of adults to be admirable role models for children. These perspectives raise an appeal to the human intellect. Man's intellectual/cognitive dimension therefore plays an important role in man's **self**.

Finally, guidelines for the design and application of a practice theory for the application of a self-concept for pastoral counselling are suggested.

# Key Terms

- self
- self concept
- pastoral

# Bylaag A

## Navorsingsvraelys A

# Navorsingsvraelys A

Ek, Bertie Hanekom, is tans 'n student aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus en is besig met my verhandeling vir die MA (Pastoraal) onder leiding van prof. George Lotter van die Fakulteit Teologie. As deel van my studie doen ek navorsing oor die tema: **Die ontwerp en aanwending van 'n selfkonsep as praktykteorie vir pastorale berading**. Ek benodig vrywillige respondente wat bereid sal wees om die onderstaande twee vraelyste te voltooi, sowel as 'n persoonlike onderhoud aan my toe te staan.

Baie dankie vir u bereidwilligheid om by hierdie navorsingstudie betrokke te wees. Die spesifieke doel van hierdie studie is om die rol van die **self** tydens 'n lewenskrisis vas te stel.

Die inligting wat u gaan verskaf, sal as uiters vertroulik hanteer word en geen inligting wat u kan identifiseer, sal in die finale verslag opgeneem word nie.

Geslag: ......................................................

Ouderdom: ......................................................

Huwelikstatus: ......................................................

Hoogste akademiese kwalifikasie: ......................................................

Huistaal: ......................................................

Kerkverband: ......................................................

**Vraag 1**

Gee 'n kort beskrywing van u agtergrond. Beskryf wat aanleiding tot die lewenskrisis (-krisisse) gegee het.

**Vraag 2**

Beskryf die lewenskrisis(se).

**Vraag 3**

Hoe het u uself ervaar ten tye van die lewenskrisis(se)? Beskryf volledig.

**Vraag 4**

Die mens se waarde as mens is onberekenbaar, want in soverre hy beeld van God is, is hy toegerus vir sy taak op aarde. Tot hoe 'n mate beleef jy dat jy toegerus is/was om hierdie lewenskrisis te hanteer? Hoe beïnvloed dit jou waarde as mens?

**Vraag 5**

Tot hoe 'n mate het jy jou geskaam vir wat met jou gebeur het?

**Vraag 6**

Is jy 'n wedergebore kind van die Here en tot hoe 'n mate beleef jy dat God jou waarde in Christus herstel het?

**Vraag 7**

Tot hoe 'n mate beleef jy liefde (sekuriteit) in jou verhoudings?

**Vraag 8**

Tot hoe 'n mate beleef jy vrees binne jou verhoudings?

**Vraag 9**

Tot hoe 'n mate beleef jy dat jou verhoudings deur versoening in Christus herstel is?

**Vraag 10**

Tot hoe 'n mate beleef jy dat jy in 'n bestuursposisie aangestel is om jou lewe verantwoordelik te bestuur?

**Vraag 11**

Wie is verantwoordelik vir jou lewenskrisis? Wie moet die skuld kry? Wie se verantwoordelikheid is dit om die krisis te hanteer? Waarom?

**Vraag 12**

Tot hoe 'n mate beleef jy dat God jou vrygespreek het in Christus Jesus?

**Vraag 13**

Tot hoe 'n mate beleef jy dat jou menswees binne verhoudings vervul word?

**Vraag 14**

Tot hoe 'n mate het jou bepaalde omgewing en omstandighede bygedra tot jou probleemsituasie?

**Vraag 15**

Tot hoe 'n mate beleef jy dat daar aan jou veiligheidsbehoeftes voldoen word? (veiligheidsbehoeftes = 'n veilige ruimte van egtheid, respek en begrip).

**Vraag 16**

Tot hoe 'n mate het die rolmodelle in jou lewe bygedra tot jou probleemsituasie?

**Vraag 17**

Tot hoe 'n mate dink jy dat jy oor die nodige nugtere verstand beskik om jou probleem die hoof te bied?

**Voltooi ook asseblief die aangehegde Selfpersepsie-vraelys (SPS).**
**Baie dankie vir u samewerking.**

# Bylaag B

## Selfpersepsieskaal – (SPS)

# Selfpersepsieskaal - (SPS) - Self-Perception Scale

Naam: ....................................................................................... Datum: ............................

| | |
|---|---|
| Hierdie vraelys is ontwerp om inligting aangaande die persepsie wat u van uself het, te bekom. Beantwoord die onderstaande items so vinnig en eerlik moontlik. Moenie te lank probeer redeneer oor 'n item nie. Die eerste antwoord wat by jou opkom, is gewoonlik die mees akkurate een. Merk die relevante nommer met 'n ✗ deur gebruik te maak van die volgende skaal: | With this questionnaire we would like te get an impression of the perception you have of yourself. Grade yourself as quickly and as honestly as possible. Do not speculate too long before you answer. The first answer that comes to mind is usually the correct one. Mark the relevant number with a ✗, using the following scale: |

| NOOIT | SOMS | HELFTE VAN DIE TYD | DIKWELS | ALTYD |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| NEVER | SOMETIMES | HALF THE TIME | OFTEN | ALWAYS |

| | | | |
|---|---|---|---|
| I feel worthless. | 1. | 1 2 3 4 5 | Ek voel nikswerd. |
| I live with self-reproach. | 2. | 1 2 3 4 5 | Ek leef met selfverwyt. |
| I become scared. | 3. | 1 2 3 4 5 | Ek raak bang. |
| I am afraid of the future. | 4. | 1 2 3 4 5 | Ek is bang vir die toekoms. |
| I feel threatened by my current circumstances. | 5. | 1 2 3 4 5 | Ek voel bedreig deur my huidige omstandighede. |
| I am afraid to fail. | 6. | 1 2 3 4 5 | Ek is bang om te misluk. |
| I blame myself. | 7. | 1 2 3 4 5 | Ek veroordeel myself. |
| I find it difficult to accept myself. | 8. | 1 2 3 4 5 | Ek sukkel om myself te aanvaar. |
| I feel unimportant. | 9. | 1 2 3 4 5 | Ek voel onbelangrik. |
| I feel like a failure. | 10. | 1 2 3 4 5 | Ek voel soos 'n mislukking. |
| Everything is my fault. | 11. | 1 2 3 4 5 | Alles is my skuld. |
| I feel I deserve punishment. | 12. | 1 2 3 4 5 | Ek voel ek verdien straf. |
| I feel I am a hopeless person. | 13. | 1 2 3 4 5 | Ek voel ek is 'n hopelose mens. |
| I feel ashamed of myself. | 14. | 1 2 3 4 5 | Ek voel skaam vir myself. |
| I am afraid that I will be hurt emotionally. | 15. | 1 2 3 4 5 | Ek is bang ek gaan emosioneel seerkry. |
| I feel guilty. | 16. | 1 2 3 4 5 | Ek voel skuldig. |
| Feelings of guilt control my life. | 17. | 1 2 3 4 5 | Skuldgevoelens beheer my lewe. |
| I am afraid people will reject me. | 18. | 1 2 3 4 5 | Ek is bang mense sal my verwerp. |
| My circumstances make me feel uncertain. | 19. | 1 2 3 4 5 | My omstandighede laat my onseker voel. |

Perspektief Training College, PO Box 20842, Noordbrug, 2522, Tel (018) 297 3716, Fax (018) 297 4775

© Copyright 2002-2005, AC Faul, AJ Hanekom

Illegal to copy or reproduce in any way whatsoever

# Bronnelys

ACHTEMEIER, E. 1987. Jeremiah. Atlanta, Ga. : John Knox Press. 112 p.

ADAMS, J.E. 1973. The christian counselor's manual. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 476 p.

ADAMS, J.E. 1979. More than redemption. A theology of christian counseling. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 338 p.

ADAMS, W.W. 1999. The interpretation of self and world: empirical research, existential phenomenology, and transpersonal psychology. *Journal of Phenomemological Psychology*, 30(2):39-66.

ANDERSON, N.T. 2000. Victory over the darkness. Ventura : Regal Books. 239 p.

ANDERSON, N.T. 2001. Who am I in Christ. Ventura : Regal Books. 277 p.

ANDERSON, R.S. 1982. On being human. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 234 p.

ANON. 2002. In search of self. *Nature Neuroscience*, 5(11):1099.

AWS kyk TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

BERKHOF, H. 1990. Christian faith. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 572 p.

BERKOUWER, G.C. 1962. Man: the image of God. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 376 p.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1990. Prophets of Psychoheresy II. Santa Barbara : EastGate Publishers. 310 p.

BOSMAN, H. 2003. Genesis. (*In* Van der Watt, J., *red.* Die Bybel A-Z. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 99-127.)

BOSMAN, L.L. 2001. 'n Narratiewe beskouing van die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing. Pretoria : UP. (Proefskrif - D.Th.). 478 p.

BRANNAN, C. 2005. Shame: a pastoral study. Potchefstroom : North-West University. (Thesis - PhD.) 281 p.

BREMS, C. 1997. Development of the self psychology questionnaire. *Clinical Psychology and Psychotherapy*, 4(1):7-14.

BRUNNER, E. 1942. Man in revolt. London : Lutterworth Press. 564 p.

BUITENDAG, J. 1991. Teologie en Ekologie. (*In* Vos, C.J.A. & Müller, J.C., *red.* Mens en Omgewing. Halfway House : Orion. p. 1 - 8.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVIN, J. 1999. Commentary on Genesis - Volume 1. Translated from Latin by John King. Grand Rapids : Christian Classics Ethereal Library. 369 p. [Web:] http://www.ccel.org/ccel/calvin/calcom01.html [Datum van gebruik: 13 Jun. 2005].

CALVIN, J. 2002. The Institutes of the Christian Religion. Translated from Latin by John King. Grand Rapids : Christian Classics Ethereal Library. 936 p. [Web:] http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html [Datum van gebruik: 13 Jun. 2005].

CAMPBELL-LANE, Y. 2003. Inner change: a pastoral-theological study. Potchefstroom : PU for CHE (Thesis - PhD.) 270 p.

CLAPP, R. 1991. Shame crucified. *Christianity today:* 26-28, March 11.

CLOUD, H. 1996. Changes that heal. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 351 p.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 2001. How people grow. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 368 p.

COLLINS, G.R. 2001. The Biblical basis of Christian counseling for people helpers. Colorado Springs : NavPress. 285 p.

CONN, W.E. 1997. Understanding the self in self-transcendence. *Pastoral Psychology*, 46(1):3-17.

CRABB, L. 1987. Understanding People. Grand Rapids, Michigan. : Zondervan. 224 p.

DEBELL, C.S. & HARLESS, D.K. 1992. B.F. Skinner: myth and misperceptions. *Teaching of Psychology*, 19(2):68-73.

DEIST, F.E. 1981. Van Eden tot Haran. (*In* Deist, F.E. & Vosloo, W. *red.* Van Eden tot Rome. Pretoria : J.L. van Schaik. p.1-8.)

DE KLERK, B,J, & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145 p.

DESILVA, D.A. 2004. An introduction to the New Testament. Downers Grove : Intervarsity Press. 975 p.

DE VOS, A.S. 2004. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* DE VOS, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 339-355).

DIE BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 2120 p.

DOOYEWEERD, H. 1969. Wat is die mens? Vertaal deur H.J. Strauss. Bloemfontein : Sacum Beperk. 21 p.

DURAND, J.J.F. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 221 p.

DU TOIT, A.B., BOTHA, F.J., COETZEE, J.C., DU PLESSIS, I.J., LATEGAN, B.C., PELSER, G.M.M. & ROBERTS, J.H. 1984. Handleiding by die Nuwe Testament V. Halfway House : Orion Uitgewers. 364 p.

EBERHARD, J. 1999. On the doctrine of justification. *International journal of systematic theology*, 1(1):24-53, March.

EDWARDS, D. 2001. Revolution within. Colorado Springs, Calif. : Waterbrook Press. 210 p.

EGAN, G. 2002. Exercises in helping skills. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole. 178 p.

ERICKSON, M.J. 2001. Christian Doctrine. Grand Rapids, Mich. : Baker Adademic. 436 p.

FAUL, A.C. & HANEKOM, A.J. 2005. Ekometrie, data-insameling en assessering. Potchefstroom : Perspektief Training College. 109 p.

FOUCHé, C.B. 2004. Research strategies. (*In* DE VOS, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 270-277).

FOUCHé, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2004. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. (*In* DE VOS, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 265-269.)

GAMMELGAARD, J. 2003. Ego, self and otherness. *The Scandinavian Psychoanalytic Review*, 26:96-108.

GILLILAND, B.E. & JAMES, R.K. 1998. Theories and strategies in counseling and psychotherapy. Needham Heights : Allyn and Bacon. 436 p.

GREEFF, M. 2004. Information collection : Interviewing. (*In* DE VOS, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 291-320).

GRENZ, S.J. 1999. The imago Dei and the dissipation of the self. *Dialog*, 38(3):182-187.

GRENZ, S.J. 2000. Theology for the community of God. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 691 p.

GRENZ, S.J. 2002. The social God and the relational self: Toward a Theology of the *Imago Dei* in the postmodern context. *Horizons in Biblical Theology*, 24:33-57.

HÄRLE, W. 2000. Dogmatik. Berlin : Walter de Gruyter & Co. 720 p.

HART, A.D. 1989. Unlocking the mystery of your emotions. Sydney : Word Publishing. 161 p.

HART, A.D. 1992. Me, myself & I. Ann Arbor, Mich. : Servant Publications. 252 p.

HART, A.D. 2004. A psychology and theology of the self, memory and emotion. (Voordrag gelewer by die derde Association of Christian Counselors-Kongres op 30 & 31 Januarie 2004.) Pretoria. (Ongepubliseer.)

HEISIG, J.W. 1997. The quest of the true self: Jung's rediscovery of a modern invention. *Journal of Religion*, 77: 252-267.

HEYNS, J.A. 1981. Die Mens. Bloemfontein : Sacum Beperk. 180 p.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. A primer in practical theology. Pretoria : Gnosis Books & Publishers. 93 p.

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2000. A survey of the Old Testament. Grand Rapids : Zondervan. 608 p.

JOHNSON, E.L. 2000. Describing the self within redemptive history. *Journal of Psychology and Christianity*, 19:5-24.

JOUBERT, P. 2005. Trichotomous therapy: A proposed pastoral paradigm. Potchefstroom : North-West University, Potchefstroom Campus (Thesis - Ph.D.) 299 p.

KARREL, A. & GILL, J. 2002. A comparison of Alfred Adler's and Heinz Kohut's Conception of Psychology. *The Journal of Individual Psychology*, 58:160-168.

KNOUWDS, F.P.J. 1990. Die ontwerp en benutting van 'n mensbeskouing in die formulering van 'n prakties-teologiese basisteorie vir die opvoeding van die volwassene in die kerk. Pretoria : Unisa (Proefskrif - D.Th.) 235 p.

KÖNIG, A. 1980. Die heil-alles heel. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 68 p.

LEITH, J.H. 1993. Basic christian doctrine. Louisville : Westminster/John Knox Press. 350 p.

LOCHMAN, J.M. 1976. Das geschöpf Mensch. (*In* BURI, F., LOCHMAN J.M. & OTT, H. Dogmatik im Dialog. Band 3: Schöpfung und Erlösung. Gütersloh : Gütersloher Verslaghaus Gerd Mohn. p. 78-82.)

LONGRES, J.F. 2000. Human behavior in the social environment. Itasca : F.E. Peacock Publishers, Inc. 596 p.

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Potchefstroom : PU vir CHO (Proefskrif - Th.D.) 164 p.

LOUW, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Wellington : Lux Verbi. 591 p.

LYNCH, G. 1998. The application of self-psychology to short-term counselling. *Psychodynamic Counselling*, 4(4):473-485, November.

MACDONALD, M.Y. 2000. Colossians and Ephesians. Collegeville, Minn. : The Liturgical Press. 390 p.

MACK, W.A. 1994a. Developing a helping relationship with counselees. (*In* MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. Introduction to Biblical Counseling. Dallas, Tex. : Word Publishing. p. 173-188.)

MACK, W.A. 1994b. Providing instruction through Biblical counseling. (*In* MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. Introduction to Biblical Counseling. Dallas, Tex. : Word Publishing. p. 250-267.)

MASLOW, A.H. 1943. A theory of human motivation. *Psychological Review*, 50:370-396. [Web:] http://psychclassics.yorka.ca/Maslow/motivation.htm [Datum van gebruik: 24 Jun. 2005].

MCGEE, R.S. 2003. The Search for Significance. Nashville, Tenn. : W Publishing Group. 339 p.

MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RAFCLIFF, D.E. 2004. Introduction to Psychology and Counseling. Grand Rapids, Mich. : Baker Books. 367 p.

MEYER, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW A.E., *reds.* Menslike Ontwikkeling. Pretoria : Kagiso Uitgewers. p. 3-39.)

MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW A.E., *reds.* Menslike Ontwikkeling. Pretoria : Kagiso Uitgewers. p. 43-98.)

MÖLLER, F.P. 1998. The wonderful Christ and the meaning of humanness. Pretoria : J L van Schaik Publishers. 123 p.

MURPHY, N. 1999. The human person: A nonreductive physicalist account. *Dialog*, 38 (3):212-220.

NEL, M. 2005. Godsbegrip en gebed. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 142 p.

NIV STUDY BIBLE. 1995. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

O'GRADY, J.F. 1976. Christian Anthropology. New York : Paulist Press. 231 p.

OLTHUIS, H. 1989. The covenanting metaphor of the Christian faith and the self psychology of Heinz Kohut. *Studies in Religion/Sciences Religeuses*, 18(3):313-324.

OOSTENBRINK, J. & LOTTER, G. 1999. Die groot God by kleingroepe. Potchefstroom : DPM. 84 p.

OTT, H. 1976. Das Geschöpf Mensch. (*In* BURI, F., LOCHMAN J.M. & OTT, H. Dogmatik im Dialog. Band 3: Schöpfung und Erlösung. Gütersloh : Gütersloher Verslaghaus Gerd Mohn. p. 70-74.)

PARTAIN, J. & DEUTSCH, R. 1986. A guide to Isaiah 1-39. Cambridge : University Press. 262 p.

PATRICK, E. 2005. A walk round Kelly's corollaries. *Counselling & Psychotherapy Journal*, 16(5):14-16, June.

PELSER, D.B. 1996. Die 'in Christus'-formule in Romeine 3:21 - 8:39 en die toepassing daarvan op die beradingsmodel van Jay E. Adams. Potchefstroom : PU vir CHO (Verhandeling - M.A.) 106 p.

PERVIN, L.A. & OLIVER, P.J. 1997. Personality theory and research. New York : John Wiley & Sons, Inc. 578 p.

PETERS, T. 2000. Sin, scapegoating and justifying faith. *Dialog: A journal of theology*, (39)2:84-92, Summer.

PRICE, D.J. 2002. Karl Barth's anthropology in light of modern thought. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 322 p.

REY, B. 1974. Man in Christ. (*In* Malatesta, E., *ed.* A Christian anthropology. Translated by Mary Innocentia Richards. Wheathampstead : Anthony Clarke Books. p. 11-30.)

RIDDERBOS, N.H. 1963. Beschouwingen over Genesis 1. Amsterdam : Kampen : Kok. 130 p.

SCHOEMAN, O. 2004. The role of self in the context of the family - a pastoral study. Potchefstroom : North-West University, Potchefstroom Campus. (Dissertation - MA.) 121 p.

SOCOR, B.J. 1997. The self and its constructions: A narrative faith in the postmodern world. *Journal of Pastoral Counseling,* 32:1-24.

SPONHEIM, P.R. 1999. The beginning and the ending (and beginning...) of the self. *Dialog*, 38(3):167-181.

SPYKMAN, G.J. 1992. Reformational Theology. A new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 584 p.

STAPLES, W.D. 1992. Dink soos 'n wenner. Kaapstad : Human & Rousseau. 237 p.

STARKEY, M. 2001. What's wrong. Understanding sin today. Oxford : The Bible Reading Fellowship. 160 p.

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2004. (*In* DE VOS, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 333-338.)

TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2002. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 9de uitg. Kaapstad : Pharos. 592 p.

THOMAS, R. & PARKER, S. 2004. Toward a theological understanding of shame. *Journal of Psychology and Christianity*, 23(2):176-182.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Om mens te wees. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studie. 89 p.

VAN DER WALT, T. 1997. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Potchefstroom : PU vir CHO. 179 p.

VAN WYK, J.H. 1993. Homo Dei: 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. *In die Skriflig*, 27. Supplementum 1. 112 p.

VENTER, C.J.H. 1987. Skrifperspektiewe en skrifgegewens ten opsigte van die psigiese lewe. Potchefstroom : PU vir CHO. 14 p.

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: Enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - MA.) 140 p.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1999. Die Bybellennium. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. (*In* Logos Library system.) [CD-ROM.]

WALTKE, B.K. 2001. Genesis. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 656 p.

WATKIN, J. 1998. Søren Kierkegaard's psychology of the self. *Journal of Psychology and Christianity*, 17(4):362-373.